# ONDERWYS VAN BLANKES IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK TOT 1970

'n Verhandeling voorgelê

deur

*JOHANNES HERMANUS POTGIETER VAN DER WALT,*
*B.A., B.Ed.*

ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS in die Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER: *PROF. DR. S. S. BARNARD*

Potchefstroom, Desember 1977

G78/1686

# DANKBETUIGINGS

Ek dank God die HERE vir die rykdom van Sy goedheid en liefde, vir gawes, mense en instansies wat daartoe gebruik is om my hierdie studie te laat voltooi.

Derhalwe word besondere waardering en dank hiermee betuig aan:

Prof. dr. S. S. Barnard vir sy besielende leiding, daadwerklike, inspirerende hulp en wetenskaplike voorligting. Onder sy leiding was hierdie studie vir my 'n leerskool.

Prof. dr. S. J. Preller, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde van die P. U. vir C. H. O. vir sy begrip, aanmoediging en geleenthede.

Mnr. J. H. Coetzee vir hulp en bystand met die taalkundige versorging.

Die Argivaris en personeel van die Transvaalse Argief (Pretoria).

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek van die P. U. vir C. H. O.

Mev. P. S. Jacobs vir geduld en netjiese tikwerk.

Die skoolhoofde van skole in die Ventersdorpse distrik wat goedgunstiglik studiebronne tot my beskikking gestel het.

Alle persone in die Ventersdorpse distrik wat deur middel van mededelinge die opspoor van diverse bronne moontlik gemaak het.

J. H. P. VAN DER WALT

I N H O U D S O P G A W E


| | | *bladsy* |
|---|---|---|
| 1. | ORIËNTERING | 1 |
| 1.1 | DOELSTELLING | 1 |
| 1.2 | TERREIN VAN ONDERSOEK | 2 |
| 1.3 | METODE VAN ONDERSOEK EN PROBLEME WAT ONDERVIND IS | 2 |
| 1.4 | ORDENING | 3 |
| 1.5 | AFKORTINGS | 4 |
| 2. | VENTERSDORP: 'N ALGEMENE HISTORIESE OORSIG | 5 |
| 2.1 | OORSPRONKLIKE BEWONERS | 5 |
| 2.1.1 | Eerste Swart bewoners | 5 |
| 2.1.2 | Die eerste Blanke bewoners | 6 |
| 2.2 | DIERELEWE | 10 |
| 2.3 | AANLEG EN DORPSVERKLARING | 10 |

*bladsy*


| | | |
|---|---|---|
| 2.4 | DISTRIKSVERKLARING | 14 |
| 2.5 | ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE BESTUUR | 14 |
| 2.6 | LANDBOUONTWIKKELING | 17 |
| 2.6.1 | Die eerste tydperk (1836-1886) | 17 |
| 2.6.2 | Die tweede tydperk (1887-1899) | 18 |
| 2 6 3 | Die oorlogstydperk (1899-1902) | 18 |
| 2.6.4 | Die vierde tydperk (1903-1970) | 18 |
| 2.7 | DIE SCHOONSPRUITVALLEI | 21 |
| 2.8 | STAATKUNDIGE GEBEURE | 23 |
| 2.8.1 | Inleiding | 23 |
| 2.8.2 | Botsings met die Swartmense | 24 |
| 2.8.3 | Die stryd teen Groot-Brittanje | 24 |
| 2.8.4 | Politieke gebeure vanaf 1914 | 30 |
| 2.9 | 'N BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN DIE DRIE AFRIKAANSE KERKE VAN VENTERSDORP | 32 |
| 2.9.1 | Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Ventersdorp | 32 |
| 2.9.2 | Die Gereformeerde Kerk van Venters=dorp | 35 |
| 2.9.3 | Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Ventersdorp | 38 |

*bladsy*

| | | |
|---|---|---|
| 2.10 | EVALUERING | 39 |
| 3. | ONDERWYS AAN BLANKES IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK VOOR 1881 | 40 |
| 3.1 | INLEIDING | 40 |
| 3.2 | ONDERWYSTOESTANDE VOOR 1876 | 41 |
| 3.2.1 | Die vroegste onderwyspogings | 41 |
| 3.2.2 | Die begin van georganiseerde onderwys | 44 |
| 3.3 | ONDERWYS IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK, 1876-1881 | 47 |
| 3.3.1 | Inleiding | 47 |
| 3.3.2 | Die Ventersdorpse goewermentskool | 48 |
| 3.3.2.1 | Stigting en beheer | 48 |
| 3.3.2.2 | Personeelvoorsiening | 51 |
| 3.3.2.3 | Leerlingtal | 53 |
| 3.3.2.4 | Finansiële aangeleenthede | 54 |
| 3.3.2.5 | Skoolbenodigdhede en onderwys=peil | 55 |
| 3.3.3 | Die skool van Elandskuil-Oos | 57 |
| 3.3.3.1 | Stigting | 57 |
| 3.3.3.2 | Onderwysers, leerlinge en skool=lokaal | 58 |

*bladsy*

3.3.4 Privaatskole 58

3.5 BEOORDELING 59

4. OPVOEDING EN ONDERWYS GEDURENDE DIE DU TOIT - STIEMENS - SUPER=INTENDENTSKAP 61

4.1 ALGEMENE OORSIG 61

4.1.1 Die aanstelling van S. J. du Toit as Superintendent van Onderwys 61

4.1.2 Du Toit se onderwyswet 62

4.1.3 Politieke agtergrond 63

4.1.3.1 Die nasionale beginsel en die taalkwessie 63

4.1.3.2 Politieke groeperings 66

4.2 INDIVIDUELE SKOLE IN DIE VENTERS=DORPSE DISTRIK, 1882-1891 68

4.2.1 Die Ventersdorpse goewermentskool 68

4.2.1.1 Stigting en beheer 68

4.2.1.2 Klaskamerakkommodasie 71

4.2.1.3 Curriculum en skoolboeke 72

4.2.1.4 Onderwysers en onderwyspeil 73

*bladsy*


4.2.1.5 Inskrywing en skoolbywoning 76

4.2.2 Klipplaatsdriftse skool 77

4.2.2.1 Stigting van die skool te Klip=plaatsdrift 77

4.2.2.2 Personeelvoorsiening en onderwys=peil 77

4.2.2.3 Skoollokaal en leerlingtal 79

4.2.3 Die skool te Elandskuil-Oos 80

4.2.3.1 Stigting 80

4.2.3.2 Personeelvoorsiening en onderwys=peil 81

4.2.3.3 Skoollokaal en toerusting 82

4.2.3.4 Leerlingtal en handboeke 82

4.2.4 Die skool op Palmietfontein 83

4.2.4.1 Stigting en huishoudelike bepalings 83

4.2.4.2 Personeelvoorsiening en onderwys=peil 84

4.2.4.3 Skoollokaal en toerusting 85

4.2.4.4 Leerlingtal en skoolbywoning 86

4.2.5 Blesbokfonteinse skool 86

4.2.6 Die skool op Bovenste-Oog 87

4.2.7 Die Strydfonteinse skool 88

*bladsy*

4.2.8 Buffelsvleise skool 89

4.2.9 Kafferskraalse skool 89

4.3 EVALUERING 90

5. OPVOEDING EN ONDERWYS IN VENTERSDORP GEDURENDE DIE LAASTE DEKADE VAN DIE VORIGE EEU 1891 - 1899 92

5.1 INLEIDING 92

5.1.1 'n Nuwe Superintendent van Onderwys 92

5.1.2 Onderwyswetgewings 94

5.2 DIE ALGEMENE ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK 95

5.2.1 Beheer oor die onderwys 95

5.2.2 Personeelvoorsiening en die bevoegdheid van die onderwysers 99

5.2.3 Subsidie, skoollokale en toerusting 104

5.2.3.1 Subsidie 104

5.2.3.2 Skoollokale 106

5.2.3.3 Voorsiening van meubels en toerusting 108

*bladsy*

5.2.4 Inskrywing en skoolbywoning 109

5.3 NUWE SKOLE IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK 111

5.3.1 Die "Cronjeskool" (later Frischge= waagdskool) op die plaas Klip= plaatsdrift 111

5.3.1.1 Skoolstigting 111

5.3.1.2 Personeelvoorsiening en onderwys= peil by die nuwe skool 115

5.3.1.3 Inskrywing en skoolgeld 119

5.3.1.4 Skoollokaal en toerusting 120

5.3.2 Die skool op die plaas Opraap 121

5.3.2.1 Stigting en die wisselende bestaan van die skool 121

5.3.2.2 Huishoudelike bepalings 123

5.3.2.3 Inskrywing 123

5.3.2.4 Skoollokaal en toerusting 124

5.3.3 Die Ratzegaaiskraalse skool 125

5.3.3.1 Stigting en beheer 125

5.3.3.2 Personeel 126

5.3.3.3 Inspeksieverslag 127

5.3.4 Die skool op Witkopjes 128

*bladsy*

5.3.4.1 Wisselende bestaan van die skool 128

5.3.5 Die skool te Roodekraal 129

5.3.5.1 Stigting en huishoudelike regle= ment 129

5.4 BEOORDELING 131

6. ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK, 1899 - 1910 133

6.1 ONTWRIGTING VAN DIE REPUBLIKEINSE ONDERWYSSTELSEL GEDURENDE DIE OOR= LOG, 1899 - 1902 133

6.2 DIE KAMPSKOLE 134

6.3 ONDERWYSONTWIKKELING VANAF VREDE= SLUITING (1902) TOT UNIEWORDING (1910) 135

6.3.1 Twee botsende strome 135

6.3.1.1 Die Brits-liberalistiese stroming 136

6.3.1.2 Die CNO-beweging in Ventersdorp 139

6.3.2 Herstigting van skole en plaaslike bestuur, 1902-1910 142

6.3.2.1 Inleiding 142

*bladsy*

6.3.2.2 Die Ventersdorpse goewermentskool 144

6.3.2.3 Die Buffelsvleise skool 144

6.3.2.4 Die Palmietfonteinse skool 146

6.3.2.5 Die skool te Sterkstroom-Oos 146

6.3.2.6 Die skool te Sterkstroom-Wes 147

6.3.2.7 Die Klipplaatsdriftse skool 147

6.3.2.8 Die skool te Elandskuil-Wes 148

6.3.2.9 Die skool te Elandskuil-Oos 149

6.3.2.10 Die Blesbokfonteinse skool 149

6.3.2.11 Die Kafferskraalse skool 149

6.3.3 Personeelvoorsiening 150

6.3.4 Onderwyspeil en inspeksieverslae van die verskillende skole 150

6.3.4.1 Die Ventersdorpse goewermentskool 150

6.3.4.2 Die Buffelsvleise skool 152

6.3.4.3 Die Palmietfonteinse skool 153

6.3.4.4 Die skool op Sterkstroom-Oos 156

6.3.4.5 Die skool te Sterkstroom-Wes 156

6.3.4.6 Die Klipplaatsdriftse skool 157

6.3.4.7 Die skool op Elandskuil-Wes 159

6.3.4.8 Die skool op Elandskuil-Oos 159

6.3.5 Inskrywing en skoolbywoning 159

*bladsy*

6.3.5.1 Leerlingtalle 159

6.3.5.2 Skoolbesoek 161

6.3.6 Skoollokale en toerusting 165

6.4 KRITIESE BESKOUING 174

7. OPVOEDING EN ONDERWYS NA UNIE-WORDING 176

7.1 ALGEMENE OORSIG 176

7.1.1 Die Uniegrondwet en die onderwys 176

7.1.2 Onderwyswetgewings 177

7.1.2.1 Wet no. 25 van 1907 en Onderwys=ordonnansie no. 29 van 1953 177

7.1.2.2 Die onderwyswette van 1967 178

7.1.3 Die invloed van politieke, nasionale, maatskaplike en ekonomiese gebeure op die onderwys 181

7.1.3.1 Politieke en nasionale gebeure 181

7.1.3.2 Ekonomiese gebeure in die vroeë dertigerjare 187

7.2 ONDERWYSSENTRALISASIE VANAF 1910 188

7.2.1 Inleiding 188

*bladsy*


7.2.2 Die praktiese uitvoering van die sentralisasiebeleid in die Ventersdorpse distrik 189

7.2.2.1 Die eerste fase, 1910 - 1935 189

7.2.2.2 Die tweede fase sedert 1936 195

7.3 'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE SENTRALE DISTRIKSKOLE 200

7.3.1 Elandskuil, 1913 - 1937 200

7.3.1.1 Stigting 200

7.3.1.2 Inskrywing en skoolbywoning 200

7.3.1.3 Personeelvoorsiening 201

7.3.1.4 Die skool as kultuursentrum 201

7.3.2 Schoonspruit Central School 201

7.3.2.1 Openingsbyeenkoms 201

7.3.2.2 Wisselende leerlingtalle 203

7.3.2.3 Vervoer van die leerlinge 204

7.3.2.4 Personeel en onderwyspeil 207

7.4 GESKIEDENIS VAN DIE VENTERSDORPSE PRIMÊRE SKOOL NA 1910 211

7.4.1 Personeelvoorsiening 211

7.4.2 Onderwyspeil 212

7.4.3 Inskrywing en skoolbesoek 214

| | | |
|---|---|---|
| 7.4.4 | Ouerbetrokkenheid | 216 |
| 7.4.5 | Geboue en terrein | 218 |
| 7.4.6 | Buitemuurse bedrywighede | 219 |
| 7.4.6.1 | Sportaktiwiteite | 219 |
| 7.4.6.2 | Kulturele aangeleenthede | 220 |
| 7.5 | SAMEVATTING | 221 |
| 8. | SEKONDÊRE ONDERWYS IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK | 222 |
| 8.1 | INLEIDING | 222 |
| 8.2 | SEKONDÊRE AFDELINGS BY PRIMÊRE SKOLE IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK | 223 |
| 8.2.1 | Die sekondêre afdeling van die Ventersdorpse primêre skool | 223 |
| 8.2.2 | Die Schoonspruitse sentrale skool | 224 |
| 8.2.3 | Die sekondêre afdeling te Elands=kuil | 226 |
| 8.3 | DIE VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL: 'N HISTORIESE OORSIG | 227 |
| 8.3.1 | Stigting | 227 |
| 8.3.2 | Skoolhoofde en assistente | 229 |
| 8.3.3 | Leerlingtal en skoolbywoning | 231 |

*bladsy*


| | | |
|---|---|---|
| 8.3.4 | Geboue en terrein | 233 |
| 8.3.5 | Buitemuurse aktiwiteite | 235 |
| 8.3.5.1 | Sportaktiwiteite | 235 |
| 8.3.5.2 | Kulturele bedrywighede | 237 |
| 8.4 | WAARDERING | 238 |
| 9. | SLOTBESKOUING | 239 |
| 9.1 | PRINSIPIËLE BEGRONDING | 239 |
| 9.2 | SAMEVATTING | 242 |
| | BYLAAG A | 247 |
| | BYLAAG B | 248 |
| | BYLAAG C | 249 |
| | ABSTRACT | 251 |
| | BRONNE | 254 |

# 1. ORIËNTERING

## 1.1 DOELSTELLING

Die doel met hierdie studie was om die Ventersdorpse onderwysverlede in sy kultuur-historiese verband te plaas. Derhalwe is daar gepoog om vas te stel in watter mate vergestaltende faktore soos onderwyswet= gewing, nasionale, politieke, ekonomiese en kerklik-maatskaplike faktore vormend op die onderwysontwik= keling van die Ventersdorpse distrik ingewerk het ten opsigte van die volgende opvoedingsvraagstukke: stigting van skole, onderwysbeheer, personeelvoor= siening, onderwyspeil, leerlingtalle, skoolbesoek en die voorsiening van geboue en onderwystoerusting.

Die onderwysontwikkeling in die Ventersdorpse distrik is as studieobjek gekies omdat die gebied, geleë in die Wes-Transvaal, een van die eerste bewoonde gebiede in Transvaal was. Dit het 'n tipies plattelandse karakter en daarom bied 'n studie van hierdie distrik 'n verteenwoordigende beeld van die onderwysontwik= keling op die Transvaalse platteland.

Daar is alreeds verskeie studies van die onderwys= geskiedenis van plattelandse distrikte in die Trans= vaal gemaak, maar vanweë die feit dat elke navorser probleme vanuit 'n ander gesigspunt benader en elke gebied sy eie unieke plaaslike omstandighede het,

word hierdie studie as nodig en sinvol beskou.

## 1.2 TERREIN VAN ONDERSOEK

Die veld wat ondersoek is, val binne die terrein van die Besondere Historiese Opvoedkunde. Dit bestryk ook die periode vanaf die vroeë veertigerjare van die negentiende eeu tot 1970. Daar is 'n studie gemaak van die opvoedkundige denke deur die jare en hoe dit in die praktyk toegepas is ten opsigte van verskeie opvoedingsvraagstukke.

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK EN PROBLEME WAT ONDERVIND IS

Die historiese metode is gebruik vir die opspoor en versameling van data. Daar is veral van gepubli= seerde en ongepubliseerde primêre bronne gebruik gemaak, naamlik onderwyswette, korrespondensiestukke, notules, skooljoernale, inspeksieverslae en jaarver= slae van die Superintendent van Onderwys. Sekondêre bronne is ook gebruik om die onderwysverlede van die Ventersdorpse distrik binne die breë raamwerk van die Transvaalse onderwysontwikkeling te plaas. Daar is gepoog om die versamelde data te evalueer, te or= den en sinvol en "objektief" te beskryf.

Die grootste probleem wat ondervind is, was die onbe= skikbaarheid van data, veral gedurende die vestigings= jare. Vanweë die feit dat daar dikwels van primêre bronne gebruikgemaak moes word, is die probleem onder=

vind dat baie van die bronne in privaat besit is en nie op een sentrale bewaarplek gevind kon word nie. Die bronne wat wel beskikbaar was, is in sommige ge= valle nie volledig nie. Sommige stukke is ongeda= teerd terwyl die naam van die outeur in ander stukke ontbreek. Besluite en besprekings op vergaderings is in die beskikbare notules onvolledig of swak ge= formuleer. In baie gevalle is papier en ink van 'n swak gehalte gebruik sodat die skrif nie meer duidelik leesbaar is nie.

## 1.4 ORDENING

Hoofstuk twee handel oor die algemene geskiedenis van die Ventersdorpse gebied tot 1970. Hierdie hoof= stuk blyk noodsaaklik te wees omdat onderwys en op= voeding onlosmaaklik aan die kultuurontwikkeling van 'n gemeenskap verbonde is. In hoofstuk drie word die vroegste onderwyspogings (1840-1881) in die ge= bied beskryf. Die vierde hoofstuk het as inhoud die opvoedingsverlede tussen 1882 en 1891. Die laaste dekade van die negentiende eeu word in hoofstuk vyf in oënskou geneem. In hoofstuk ses word die onder= wysontwikkeling gedurende die oorlogsjare en daarna tot en met Uniewording beskryf. Die onderwysontwik= keling vanaf 1910 tot 1970 word in hoofstuk sewe be= spreek. In die agtste hoofstuk word sekondêre onder= wys onder die soeklig geplaas. Met hoofstuk nege is daar gepoog om 'n prinsipiële begronding te gee sowel as 'n beknopte samevatting.

## 1.5 AFKORTINGS

Sommige van die afkortings wat in hierdie verhandeling gebruik is.

| | | |
|---|---|---|
| CNO | = | Christelik-Nasionale Onderwys |
| EVR | = | Eerste Volksraad |
| HNP | = | Herenigde Nasionale Party |
| LPR | = | Lid van die Provinsiale Raad |
| LUK | = | Lid van die Uitvoerende Komitee |
| LV | = | Lid van die Volksraad |
| NP | = | Nasionale Party |
| OD | = | Onderwysdepartement |
| SAP | = | Suid-Afrikaanse Party |
| VVOOZA | = | Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika |
| VP | = | Verenigde Party |
| ZAR | = | Zuid-Afrikaansche Republiek |

# 2. VENTERSDORP:[1] 'N ALGEMENE HISTORIESE OORSIG

## 2.1 OORSPRONKLIKE BEWONERS

### 2.1.1 Eerste Swart bewoners

Uit oorblyfsels van sketse en rotsgraverings wat op verskeie plekke in Wes-Transvaal aangetref word,[2] is dit duidelik dat die Ventersdorpse gebied vanaf die vroegste jare reeds bewoon is.

Voor die Matabeles het die Mantatees, 'n stam uit die noorde afkomstig, soos 'n verterende vuur deur die gebied getrek. Die Matabeles het die vernietigings= werk voltooi en die hele gebied het onder die opper= heerskappy van Silkaats gekom.[3] Sy hoofkwartier was by Mosega in die Maricose distrik. Silkaats het die talle Swart stamme tussen die Oranjerivier en die Limpoporivier uitgewis.[4]

---

1) Met Ventersdorp word bedoel die dorp self, sowel as die huidige Ventersdorpse distrik.

2) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 1.

3) GIE, S. F. N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, dl. II, p. 307.

4) WICHMAN, F. A. F.: Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860, p. 8. (Argief-jaarboek, dl. II, 1941).

Die gevolg van bogenoemde strooptogte was dat plaas=arbeiders skaars was toe die Blankes hulle in die Ventersdorpse gebied begin vestig het. S. G. Yssel, die eerste bewoner van die plaas Elandskuil in die Ventersdorpse distrik, het hoogstens twee swart arbeiders gehad.[5]

A. H. Potgieter, leier van die eerste georganiseerde trek, het in 1835 die Kaapkolonie verlaat.[6] In samewerking met P. Uys het hy Silkaats beslissend verslaan en sy gebied as eiendom van die emigrante-bevolking verklaar.[7] Hierdie verklaarde gebied het Ventersdorp ingesluit.

### 2.1.2 Die eerste Blanke bewoners

Saam met 'n aansienlike deel van sy volgelinge het A. H. Potgieter hom langs die Mooirivier gevestig,[8] waarna Potchefstroom waarskynlik in November 1838 gestig is.[9] Geleidelik het die Potchefstroomse

---

5) YSSEL, D.: Landbou-oorsig, 1851-1951. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Gedenkboek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951, p. 42).

6) BADENHORST, W. J.: Die geskiedenis van Potchef=stroom. (*In* Van der Walt, A. J. H., Badenhorst, W. J., Coetzee, J. C. *en* Jenkins, E. H.: Potchef=stroom 1838-1938, p. 1).

7) POTGIETER, C. *en* THEUNISSEN, N. H.: Hendrik Pot=gieter, p. 92.

8) Ibid., p. 104.

9) BADENHORST, W. J.: Die geskiedenis van Potchef=stroom. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et.al.*: Potchefstroom, 1838-1938, p. 9).

gebied, waaronder ook Ventersdorp, bewoon geraak. Die Wes-Transvaal het so onder blanke heerskappy gekom.[10)]

Dit kan aanvaar word dat die pioniersbevolking verskeie plase in die huidige Ventersdorpse distrik in besit geneem het. Die Ventersdorpse gebied was aan die Voortrekkers bekend. Potgieter het op pad terug van Kapain in die omgewing van Ventersdorp afgesaal.[11)]

Die eerste plaas in Ventersdorp het aan 'n sekere Bekker behoort wat deur 'n Grobler vir hom afgery is.[12)] Die grense van plase is in daardie jare vasgestel deur vier uur te perd, op 'n vinnige stap in 'n vierkant te ry. So 'n plaas het 'n oppervlakte van ongeveer 3 000 "morge" beslaan.[13)]

Die plaas Klipplaatsdrift was sedert 1850 deur Blankes bewoon. Hierdie plaas is deur J. J. Jansen van Vuuren aangelê. Na hom het D. J. Lourens, (?) Jones en

---

10) KIESER, A. *en* KRUGER, D. W.: Transoranje en Transvaal voor 1854. (*In* Böeseken, Anna, J., Kruger, D. W. *en* Kieser, A.: Drie eeue, dl. II, pp. 258 - 259.)

11) MOSTERT, D.: Gedenkboek van die Ossewatrek, 1838-1938, p. 726.

12) Bylae tot die notule van die Ventersdorpse Munisipaliteit, s.j.

13) VILJOEN, S. P. du T.: Die Boerestate tot 1870 (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II, p. 217).

W. Boshoff die plaas agtereenvolgens besit.[14)]

Die families Venter en Yssel was van die eerste Blanke bewoners van Ventersdorp. In 1851 het die trek van J. H. Venter by 'n koppie op die latere plaas Elandskuil tot stilstand gekom. Die Schoon=spruit kon maklik van die koppie bereik word. Die koppie het skuiling teen wind, weer en teen roofdiere aan die oewers van die Schoonspruit gebied.[15)]

Benewens J. H. Venter, sy eggenote en hulle groot=maakkind, S. G. Yssel, het Venter se trekgeselskap bestaan uit J. A. Venter, sy eggenote en hulle twee seuns, naamlik D. Venter en L. Venter en hulle dogters E. L. S. P. Venter en E. Venter. S. G. Yssel het later met E. L. S. P. Venter in die huwelik getree.

Nadat J. H. Venter die plaas Elandskuil aan S. G. Yssel verkoop het, het hy verder getrek en hom op die plaas Roodepoort, waar die huidige Ventersdorp aan=gelê is, gevestig.[16)] Ventersdorp is dan ook na J. H. Venter vernoem.[17)]

Na die oorlye van sy eggenote is J. H. Venter met die

---

14) Bylae tot die skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift, s.j.

15) YSSEL, G. J.: Oupa se huislike lewe. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 9).

16) Loc. cit.

17) Loc. cit.

weduwee R. Krige getroud.[18] J. H. Venter het Ventersdorp later verlaat maar sy eggenote het op die dorp agtergebly en in die pioniersjare 'n belangrike rol in die Ventersdorpse onderwys gespeel.[19]

S. G. Yssel wat op 29 Augustus 1859 die eienaar van die plaas Elandskuil geword het,[20] was drie keer getroud en sy twaalf seuns het later almal op die plaas geboer.[21] Yssel het van die begin af vriende uitgenooi om hulle by of naby hom te vestig omdat die bestaansmoontlikhede goed was. As gevolg van genoemde uitnodigings het die Booyens-, Bezuidenhout- en Van der Heever-families hulle in die vroeë sestigerjare van die vorige eeu op plase in die Ventersdorpse distrik gevestig.[22]

---

18) Loc. cit.

19) Meegedeel deur H. P. van Aswegen, Ventersdorp. (Van Aswegen is 'n ou inwoner van Ventersdorp en die kleinkind van P. L. Bezuidenhout, 'n volksraadslid gedurende die jare van die ZAR. Van Aswegen is getroud met 'n kleindogter van A. F. S. Röscher. Röscher het weer 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkelingsgeskiedenis van die onderwys op Ventersdorp).

20) YSSEL, G. J.: Oupa se huislike lewe. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 9).

21) YSSEL, G. J.: Die samelewing van die Ysselbroers. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 20).

22) YSSEL, G. J.: Oupa se huislike lewe. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 10).

## 2.2 DIERELEWE

Volgens reisigers en geskiedskrywers, asook vertellings deur ou mense, blyk dit dat die Ventersdorpse vlaktes gedurende die vorige eeu van klein- en grootwild ge= wemel het. Die waters van die Schoonspruit het 'n tuiste aan 'n groot aantal seekoeie gebied. Leeus en ander roofdiere het die vee wat snags in die veld was, verskeur en opgevreet.[23)]

Die wild is egter spoedig na die koms van die Blankes uitgeroei. Volgens 'n vertelling van P. L. Yssel, seun van S. G. Yssel, die eerste bewoner van Elands= kuil, was die grootwild voor sy geboorte reeds uit= geroei.[24)]

## 2.3 AANLEG EN DORPSVERKLARING

J. H. Venter het in 1860 besluit om die plaas Roode= poort in erwe te laat opsny om te verkoop. Vandaar die naam "Die Erwe" aan hierdie landgoed. Op hierdie erwe het die dorp Ventersdorp verrys.[25)]

---

23) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, pp. 2 - 3.

24) RONDLOPER (pseud.): Holding fast to the land. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 46).

25) DU TOIT, J. *red.*: Gedenkboek ter gedagtenis aan die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Ventersdorp, 1889-1964, p. 5.

Volgens die *Distriksrekordboek* is 'n deel van die plaas Roodepoort eers in 1870 in erwe opgesny en verkoop.[26]

Die landbouers wat hulle langs die vrugbare Schoonspruitvallei gevestig het, het hulle beywer vir die stigting van 'n dorp sodat hulle 'n mark vir hulle produkte kon hê.[27] 'n Memorie in die verband is in Julie 1884 aan die Volksraad gerig. Genoemde memorie is deur 109 persone onderteken. Die argumente ten gunste van die voorgenome dorpsverklaring was soos volg:

* Ventersdorp het oor die enigste groot meulens in die gebied beskik.

* Ongeveer die helfte van die beskikbare honderd erwe was alreeds deur veeboere, handelaars en ambagsmanne bewoon.

* Die hoofweë na Rustenburg, Pretoria, Potchefstroom en Marico het oor die plaas Roodepoort (later die dorp Ventersdorp) geloop.

* 'n Doelmatige skoolgebou was alreeds opgerig en die voorbereidings vir die oprig=

---

26) Distriksrekordboek vir die distrik van Ventersdorp, p. 1.

27) Bylae tot die notule van die Ventersdorpse Munisipaliteit, s.j.

ting van 'n kerkgebou was reeds getref.

* Die bewoners van die erwe het min of meer dieselfde bedrag aan erfbelasting betaal as die inwoners van bestaande dorpe.

* Potchefstroom, die naaste hoofdorp, was tussen vier- en ses uur te perd vanaf Roodepoort (Ventersdorp) geleë. Die bewoners van Roodepoort het dus probleme ondervind vanweë hierdie lang afstand na die naaste dorp.

* Die Volksraad is versoek om 'n amptenaar te benoem om die administrasie van hier= die jong, groeiende dorp waar te neem.[28)]

Die Volksraad het egter beslis dat daar vanweë die ongunstige finansiële posisie van die land nie aan die versoek van Ventersdorp voldoen kon word nie.[29)]

In April 1887 is vier memories by die Volksraad inge= dien om Ventersdorp tot dorp verklaar te kry. H. P. J. Cronje se memorie was deur 64 persone onder= steun, terwyl J. D. Bosman se memorie die steun van

---

28) GEY, M. E.: Brief aan C. I. Bodenstein, Voor= sitter van die Volksraad. Ventersdorp, 1884-07-28. *(EVR 234)*.

29) KOTZE, J. G.: De locale wetten en Volksraads= besluiten der Z. A. Republiek, 1886-05-27, p. 75. *(ZAR 26)*.

104 persone gehad het. R. C. Wilson se memorie het tien handtekeninge bevat. A. F. S. Röscher het 'n vierde memorie in persoonlike hoedanigheid ingedien.[30)]

President S. J. P. Kruger was ten gunste daarvan dat Ventersdorp tot dorp verklaar word. Die goudmyne het in daardie rigting uitgebrei en die erkenning van Ventersdorp as dorp sou in belang van die staat wees.[31)] Die Volksraad het derhalwe op 18 Junie 1887 besluit om Ventersdorp as dorp te erken mits daar voldoende dorpsgrond was en die nodige grond vir die oprigting van goewermentsgeboue beskikbaar gestel kon word.[32)]

Die Volksraad het verder besluit dat die bestaande waterregulasies, dit wil sê die regulasies wat vir die mense langs die Schoonspruit gegeld het, geldig moes bly tot en met die amptelike dorpsverklaring.[33)]

Op 17 Februarie 1888 is Ventersdorp tot dorp gepro= klameer. President S. J. P. Kruger het persoonlik die proklamasie onderteken en bekragtig.[34)]

---

30) Ibid., 1887-06-18, p. 199.

31) *Bijvoegsel tot de Staatscourant der Z.A. Re= publiek*, 1887-08-10, p. 18. *(ZAR 64)*.

32) KOTZE, op. cit., p. 199.

33) *Bijvoegsel tot de Staatscourant der Z.A. Re= publiek*, 1887-08-10, p. 19. *(ZAR 64)*.

34) *Staatscourant der Z.A. Republiek*, 1888-02-22, p. 117. *(ZAR 65)*.

## 2.4 DISTRIKSVERKLARING

Ventersdorp is op 1 Januarie 1918 kragtens prokla= masie no. 7 van 1918 as 'n "sub-distrik" van Potchef= stroom verklaar. Voor 1918 is Ventersdorp deur die "magistraat" van Potchefstroom geadministreer. Die "magistraat" se verteenwoordiger op Ventersdorp het as "Resident Justice of Peace" bekend gestaan.[35]

Kragtens proklamasie no. 253 van 1923 het Ventersdorp 'n afsonderlike distrik geword. Behalwe dat die plaas Rietgat by die Lichtenburgse distrik gevoeg is, is die bestaande grense van die voormalige "sub-distrik" behou.

Gedurende 1924 is die Ventersdorpse distrik in twee wyke, naamlik Bo-Schoonspruit en Bo-Mooiriver, ver= deel. Alle plase moes oor genommer word en die Ventersdorpse distrik is kragtens proklamasie no. 243, 1928, vergroot toe die plaas Holfontein no. 35 by die distrik ingelyf is.[36]

## 2.5 ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE BESTUUR

Dit kan aanvaar word dat daar sedert 1877 een of an= der vorm van plaaslike bestuur bestaan het. In 1882 is Ventersdorp deur 'n Dorpskomitee beheer, want ge=

---

35) Distriksrekordboek vir die distrik van Venters= dorp, p. 15.

36) Loc. cit.

durende die betrokke jaar is die Dorpskomitee byeen=geroep om plaaslike sake te bespreek en om 'n skool=kommissie saam te stel.[37)]

In 1890 nadat Ventersdorp alreeds ongeveer twee jaar amptelik as dorp bestaan het, het die ZAR-regering die 1858 regulasies vir dorpe gewysig. Daar is toe bepaal dat die landdros of die Dorpsraad vir die na=koming van die regulasies verantwoordelik sou wees.[38)]

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) is Ventersdorp afwisselend deur die Engelse en Boere beheer. As gevolg van die oorlog het die ontwikke=ling van Ventersdorp gedurende die tydperk 1899-1902 feitlik tot stilstand gekom.[39)]

Op 23 Maart 1903 het die sogenaamde "Health Board" vir die eerste keer vergader. Volgens die presensie=lys was die volgende persone teenwoordig: H. Walton (voorsitter), J. J. Frean, M. E. Gey, A. Cheyne, H. C. Visser, J. Watt (goewermentssanitêre-beampte) en M. A. Corcoran ("Add. District Surgeon"). Die Voorsitter, H. Walton, het die konstitusie en doel=stellings van die "Health Board" tydens hierdie ver=gadering uiteengesit aan die hand van proklamasie

---

37) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan S. J. du Toit, Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-09-20. *(OD 3/3:201)*.

38) *Regulaties voor de dorpen in de Z. A. Republiek*, 1890. *(ZAR 97)*.

39) Meegedeel deur H. P. van Aswegen, Ventersdorp.

no. 28 van 1901 en 'n omsendbrief wat hulle in dié verband ontvang het. Tydens die vergadering is daar ook besluit om H. Roby as sekretaris, sani=têre*inspekteur en skutmeester te benoem.[40] Boge=noemde "Health Board" het Ventersdorp ongeveer een jaar bestuur, waarna 'n nuwe bestuursliggaam, bekend as die "District Board", die beheer op 21 Desember 1903 oorgeneem het.

Tydens die eerste vergadering van die "District Board", is drie sub-komitees saamgestel, naamlik 'n komitee belas met die opstel van regulasies ("bye laws"), 'n finansiële komitee en 'n komitee vir open=bare werke.[41] Vanweë die onbekombaarheid van data kon daar nie met sekerheid bepaal word hoe lank die "District Board" Ventersdorp bestuur het nie, maar op 10 Januarie 1906 het 'n eie dorpsbestuur vir Ventersdorp onder voorsitterskap van A. F. S. Röscher vergader.[42]

Ventersdorp het op 31 Oktober 1939 'n heuglike ge=beurtenis belewe toe die dorp se plaaslike bestuur vir die eerste keer in sy verhoogde status as stads=raad vergader het met J. B. Otto as eerste burgemees=ter.[43] Met die verkryging van 'n stadsraad het Ventersdorp die hoogste plaaslike bestuursvorm bereik

---

40) Notule van die Ventersdorpse Munisipaliteit, 1903-03-23.

41) Ibid., 1903-12-21.

42) Ibid., 1906-01-10.

43) Ibid., 1939-10-31.

en word tans nog deur die stadsraad bestuur.

## 2.6 LANDBOUONTWIKKELING

Gerieflikheidshalwe kan die landboubedrywighede in die Ventersdorpse distrik in vier hooftydperke ver= deel word, naamlik 1836-1886, 1887-1899, 1899-1902 en 1903-1970.

### 2.6.1 Die eerste tydperk (1836-1886)

Dié periode is deur primitiewe boerderyomstandighede gekenmerk. Die naaste mark, Kimberley, was honderde kilometers verwyderd. Benewens die stadige osse= waens was daar geen vervoerfasiliteite nie. Be= sproeiingskanale moes aangelê word, terwyl 'n erns= tige tekort aan plaasarbeiders bestaan het. Kontant= geld was skaars en die handelsbedrywighede wat wel plaasgevind het, was grotendeels op die ruilhandel gebaseer. Die boerderyimplemente was primitief. "Moontlik het die bekende eenvoor-„75" ploeg teen die end van die periode eers in gebruik gekom".[44)] Gedurende hierdie tydperk was daar ook 'n lang depres= sie wat eers in 1886 met die ontginning van die Rand se goudmyne beëindig is.[45)]

---

44) YSSEL, D.: Landbou-oorsig, 1851-1951. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 42-43).

45) SCHUMANN, C. G. W.: Landbou-mynbouland, 1870-1909. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et.al.*: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II, p. 244).

### 2.6.2 Die tweede tydperk (1887-1899)

Die tweede tydperk wat na die ontdekking van goud gevolg het, was een van snelle vooruitgang. Boere het tot R10,00 vir honderd gerwe hawer ontvang en die eerste dorsmasjien het sy verskyning gemaak. Ventersdorp se landboubedrywighede het in 1896 van= weë die runderpes 'n groot terugslag gekry. Die groot veeverliese het veroorsaak dat die onontbeer= like trekosse uit ander gebiede aangekoop moes word.[46)]

### 2.6.3 Die oorlogstydperk (1899-1902)

Die Tweede Vryheidsoorlog het op 11 Oktober 1899 uit= gebreek en die boerderybedrywighede het tydens die oorlog feitlik tot stilstand gekom. Die Britse owerheid se swartaardebeleid het ook die Ventersdorp= se distrik getref, want huise is afgebrand, gesaaides is verwoes en diere is op 'n gruwelike wyse gedood.[47)]

### 2.6.4 Die vierde tydperk (1903-1970)

Die vierde fase het met die heropbou wat daar gevolg het na die vredesluiting van Vereeniging op 31 Mei

---

46) YSSEL, D.: Landbou-oorsig, 1851-1951. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 43).

47) ROTHMANN, M. E.: Tant Alie van die Transvaal, pp. 128 - 129.

1902, begin. Op die plaas Elandskuil het die her=opbouprogram byvoorbeeld so gunstig verloop dat die plaas in 1907 weer seweduisend sakke koring opgelewer het.[48)]

Die depressiejare (1929-1933) se uitwerking kon veral in die landbou waargeneem word. Die produkte=pryse het skerp gedaal, terwyl die verbandslaste en die pryse van boerderybenodigdhede nie in dieselfde verhouding gedaal het nie.[49)] Die knellende droogte in 1933 het die boerderygemeenskap se ekonomiese posisie nog hagliker gemaak.

Ventersdorp, 'n oorwegend boeregemeenskap, is in daardie jare swaar getref. Kontantgeld was so skaars dat 'n diaken na 'n reis van 96 kilometer met 'n trap=fiets slegs R1,00 vir kerklike bydrae in die Venters=dorpse distrik kon insamel.[50)] Die Afrikaanse kerke op Ventersdorp het op 30 Desember 1933 aan die versoek van J. B. M. Hertzog, die eerste minister, voldoen en 'n verootmoedigingsdiens gehou met die oog op die ongunstige ekonomiese toestande.[51)] Die algemene

---

48) YSSEL, D.: Landbou-oorsig 1851-1951. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 44).

49) SCHUMANN, C. G. W.: Die Unie van Suid-Afrika tot 1939. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.*: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II, p. 273).

50) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp, soos gebaseer op aantekeninge wat hy gemaak het van persoonlike mededelings van ou inwoners van Ventersdorp.

51) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters=dorp, 1933-09-20.

ekonomiese toestande het sedert 1934 weer gunstiger geword en die landbou van Ventersdorp het snel begin ontwikkel.

Die gemiddelde jaarlikse reënval is 555 mm. By benadering is 25 persent van die Ventersdorpse dis=trik se landbougrond ploegbaar. Die grondoppervlak=te is gelyk en min erosie vind plaas. Die optimale uitbouing van die vee- en landboupotensiaal van die Ventersdorpse distrik word ongelukkig deur sekere beperkende faktore gestrem. Die "gou-siektebossie" veroorsaak aansienlike veeverliese, terwyl dele van die distrik nie besproei kan word nie vanweë "ouklip" en grond wat òf swak òf oormatig gou dreineer.[52)]

Onderstaande tabel, wat die graanopbrengs gedurende die laat sestigerjare aantoon, gee 'n duidelike beeld van die akkerboupotensiaal van die Ventersdorpse distrik.

---

52) GROBLER, J. H.: Landboupotensiaal van Wes-Transvaal en die stimulering van nywerheidsont=wikkeling. *Koers*, dl. xxxvi, 1968-1969, pp. 171 - 174.

GRAANOPBRENGS VAN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK IN DIE SESTIGERJARE [53)]

| GRAANSOORT | AANTAL SAKKE PER JAAR | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1966 | 1967 | 1968 | 1969 |
| Mielies | 1 328 000 | 2 710 000 | 2 013 000 | 1 621 000 |
| Sonneblom | 67 000 | 58 000 | 45 000 | 14 000 |
| Graansorghum | 45 000 | 49 000 | 6 000 | 21 000 |
| Grondbone | 14 000 | 19 000 | 12 000 | 18 000 |

TABEL 2.1

## 2.7 DIE SCHOONSPRUITVALLEI

Vanaf 1850 het die Blankes hulle in die Schoonspruit= vallei gevestig. Die bevolkingsdigtheid in hierdie vrugbare vallei het in die vorige eeu tot die stigting van verskillende skole gelei, naamlik op Ventersdorp, Elandskuil-Oos, Elandskuil-Wes, Klipplaatsdrift (Deÿselskool), Buffelsvlei, Sterkstroom-Oos, Sterk= stroom-Wes, Palmietfontein en Kafferskraal.

Die benutting van water uit die Schoonspruit vir be= sproeiingsdoeleindes is deur bepaalde waterregulasies voorgeskryf. Die aanbevelings van die Waterkommissie

53) Distriksrekordboek vir die distrik van Venters= dorp, p. 38.

wat op 15 Januarie 1887 te Palmietfontein vergader het, is in Wet no. 17 van 1887 opgeneem. Hierdie wet was die eerste waterwet wat deur die regering van die ZAR uitgevaardig is. [54]

Die Ventersdorpse distrik is in wyke opgedeel met die oog op die verkiesing van 'n beherende liggaam, naam=lik die Rivierraad.[55] Die Raad het voorgestel dat die Rietspruitdam gebou moes word. Vanweë 'n gebrek aan fondse en 'n algehele gebrek aan samewerking tus=sen die boere en belanghebbendes het hierdie voorstel egter skipbreuk gely.[56]

Die Rietspruitdam is in die dertiger jare deur vyf boere gebou met die doel om hulleself van leiwater te voorsien.[57] Onder leiding van J. Wilkens en D. Yssel is 'n versoekskrif opgetrek om die regering te oorreed om die dam aan te koop. Dit het misluk en die Rivierraad het die dam in 1938 vir R10 000,00 aangekoop. Dit is daarna teen 'n koste van R88 000,00 vergroot met geld wat van die regering geleen is. Die aanbouing is in 1940 voltooi.[58] In 1954 is die Rietspruitdam verder vergroot. Die dam is na 1970 deur die Departement van Waterwese by die Schoonspruit

---

54) DE BEER, L. J.: 'n Ekonomiese studie van die Schoonspruitvallei met spesiale verwysing na die Rietspruitdam, p. 6.

55) Distriksrekordboek vir die distrik van Venters=dorp, p. 68.

56) DE BEER, op. cit., p. 9.

57) Ibid., pp. 9 - 10.

58) Ibid., pp. 10 - 11.

Besproeiingsraad oorgeneem.[59]

Die verdeling van die landbougrond langs die Schoon= spruitvallei, Ventersdorpse distrik, tussen die be= langhebbendes was in 1954 soos volg:

VERDELING VAN DIE SCHOONSPRUITVALLEI [60]

| GEDEELTE | Besproeibare grond= oppervlakte uitgedruk in "morge" | Aantal geregis= treerde eienaars |
|---|---|---|
| Roodepoort 22 | 120 | 21 |
| Ventersdorpse Munisipaliteit | 86 | 58 |
| Elandskuil | 484 | 49 |
| Klipplaatsdrift | 566 | 59 |
| Sterkstroom | 318 | 34 |
| Buffelsvlei | 200 | 24 |
| Palmietfontein | 196 | 21 |

TABEL 2.2

## 2.8 STAATKUNDIGE GEBEURE

### 2.8.1 Inleiding

Ventersdorp was deur al die jare nou gemoeid met die

59) Meegedeel deur H. C. Strümpher. (Strümpher was vanaf 1954 tot 1972 die sekretaris van die Schoonspruitse Besproeiingsraad).

60) DE BEER, op. cit., pp. 30 - 46.

staatkundige gebeure in Suid-Afrika. Die bewoners van die Ventersdorpse distrik het dan ook 'n leidende aandeel gehad in die belangrikste gebeurtenisse in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner.

### 2.8.2 Botsings met die Swartmense

Die burgers van Ventersdorp het deelgeneem aan die strafekspedisies teen Sekoekoenie (1876-1877) en Mapog (1885). Die Yssel-broers het onder andere aan beide oorloë deelgeneem.[61] P. L. Bezuidenhout was in die Sekoekoenieoorlog die veldkornet van die Bo-Schoonspruitse kommando. Die eerste gewonde in laas= genoemde oorlog was 'n Ventersdorper, naamlik M. P. Henning van die plaas Bulskop. G. Lourens van Klip= plaatsdrift het gedurende die betrokke oorlog ge= sneuwel.[62]

### 2.8.3 Die stryd teen Groot-Brittanje

Die Ventersdorpse burgers het 'n belangrike aandeel in die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) gehad. Hier= die oorlog word allerweë as een van die belangrikste gebeurtenisse in die wordingsgeskiedenis van die Afri= kaner beskou. F. A. van Jaarsveld huldig die stand= punt dat die Eerste Vryheidsoorlog die Afrikaners nasionaal bewus gemaak het en dat die grondslag van

---

61) YSSEL, G. J.: Staatsdiens van die Yssel-broers. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 29).

62) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

die huidige Suid-Afrika rondom 1881 gelê is.[63]

Veldkornet P. A. Cronje het in 1880 'n groep burgers op Palmietfontein byeengebring met die doel om die Republiek te herstel. Daar is na hierdie burgers as die Schoonspruit-rebelle verwys.[64] Aangesien Palmietfontein in die Ventersdorpse distrik geleë is en die plaas aan P. A. Cronje behoort het, is die af=leiding geregverdig dat baie Ventersdorpers hulle by die sogenaamde Schoonspruit-rebelle gevoeg het.

Op 7 Oktober 1880 het 130 burgers van die Schoon=spruitwyk landdros Goets meegedeel dat hulle onder protes belasting sou betaal. Hulle het kwitansies vir die betaalde bedrae geëis. Hulle wou ook die versekering hê dat hulle belastinggeld intussen in bewaring gehou sou word om later aan 'n wettig gekon=stitueerde regering betaal te word. Die landdros kon nie aan die versoek voldoen nie.[65]

Die Schoonspruiters het vervolgens onder aanvoering van P. A. Cronje die konfiskering van die wa van P. L. Bezuidenhout van Potchefstroom verhoed. Die balju, 'n sekere Banket, is van die wa afgegooi toe hy dit wou laat opveil.[66]

---

63) VAN JAARSVELD, F. A.: Lewende verlede, p. 219.

64) GUEST, H.: Voortrekkerdorp, p. 55.

65) WEILBACH, J. D. *en* DU PLESSIS, C. N. J.: Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheids-oorlog, pp. 126 - 127.

66) Ibid., pp. 129 - 130.

Die Britse bewindhebbers het aan die balju en 'n sekere kaptein Raaff opdrag gegee om P. A. Cronje en ses ander leiersfigure in hegtenis te neem. Kaptein Raaff en die balju het na Ventersdorp vertrek waar A. F. S. Röscher by hulle aangesluit het. Op Palmiet=fontein het vyftig man die balju ingewag en vanweë dié oormag kon Banket die opdrag nie uitvoer nie.

Op Potchefstroom het 370 Britse troepe intussen saam=getrek terwyl P. A. Cronje ook 'n kommando op die been gebring het. 'n Gewapende botsing het gedreig en J. Yssel is gestuur om S. J. P. Kruger, die erkende Boereleier, na Elandskuil te bring om 'n gewapende botsing af te weer.[67)]

Die vergadering op Elandskuil kan as 'n volksverga=dering beskou word: "Het volk vergaderde het eerste aan Schoonspruit, op de plaats van den heer Ch. Isel".[68)] Dit was op Elandskuil waar S. J. P. Kru=ger die mening gelug het dat wapengeweld uiteindelik die enigste metode sou wees om die Republikeinse vry=heid te herwin.[69)]

Op Elandskuil is besluit dat die Volkskomitee op Kaal=fontein sou vergader.[70)] Op Kaalfontein het die ont=moeting tussen S. J. P. Kruger en G. Hudson, Koloniale Sekretaris in die Lanyonregering, plaasgevind, dog

---

67) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

68) WEILBACH *en* DU PLESSIS, op. cit., p. 132.

69) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

70) KRUGER, D. W.: Paul Kruger, dl. I, p. 199.

geen skikking kon bereik word nie. Die Paardekraalse byeenkoms is hierna van 8 Januarie 1881 na 8 Desember 1880 vervroeg.[71] By Paardekraal is besluit om die Republikeinse regering te herstel.

Die Schoonspruiters het onder leiding van P. A. Cron=je van Ventersdorp die Paardekraalproklamasie op Potchefstroom laat druk. Hierdie daad het tot die eerste militêre botsing tussen die Boere en Britte gelei.[72]

Onder die bekwame leiding van generaal N. J. Smit het die beslissende slag op Amajuba in die Boere se guns verloop. Generaal N. J. Smit het op die plaas Lelie=fontein in die Ventersdorpse distrik grootgeword.[73]

Ook in die verdere politieke gebeure in die daarop=volgende jare het die Ventersdorpse burgers 'n pro=minente aandeel gehad. Hulle was byvoorbeeld goed verteenwoordig in die kommando van generaal P. A. Cronje wat Jameson in 1896 gevange geneem het.[74]

Toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek het, is generaal P. A. Cronje in bevel geplaas van ongeveer

---

71) Ibid., p. 200.

72) WEILBACH *en* DU PLESSIS, op. cit., pp. 150-151.

73) VAN TONDER, J. J.: Ons Boeregeneraals, Generaal N. J. Smit. *Die Jong Staatsburger*, Mei 1974, p. 19.

74) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

vierduisend burgers van die westelike distrikte. Die Ventersdorpers het by hierdie kommando ingeskakel. S. Yssel van Ventersdorp het naby Kimberley gesneuwel en J. Yssel en S. G. Yssel is saam met generaal P. A. Cronje by Paardeberg gevang.[75]

Volgens 'n kaart wat die belangrikste veldslae aandui, het daar gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die Ventersdorpse distrik geen groot veldslae plaasgevind nie.[76] Gedurende die oorlog het tien Britse soldate Ventersdorp sonder slag of stoot ingeneem.[77]

Verskeie Boeregeneraals het gedurende die oorlog in die Ventersdorpse distrik geopereer. Generaal C. R. de Wet het, toe die Britse magte hom teen die Vaal=rivier vasgedruk het, na die Ventersdorpse distrik uitgewyk waar hy die veld aan die brand moes steek om sy agtervolgers se opmars te vertraag.[78] Later het De Wet president M. T. Steyn vanuit Ventersdorp na die Vrystaat teruggeneem nadat Steyn se onderhande=lings met die Transvaalse regering afgehandel was.[79]

---

75) YSSEL, G. J.: Staatsdiens van die Yssel-broers. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 29).

76) STRYDOM, C. J. S.: Ruitervuur, p. 4.

77) ROTHMANN, op. cit., p. 171.

78) DE WET, C. R.: Die stryd tussen Boer en Brit, pp. 102 - 105.

79) Ibid., p. 123.

Die Ventersdorpse distrik het by geleentheid as ont=moetingsplek vir generaals C. R. de Wet, J. H. de la Rey en J. C. Smuts gedien. Dit was in hierdie ge=bied dat generaal J. C. Smuts by geleentheid in die been gewond is.[80]

Toe lord Kitchener met die sogenaamde verwoestings=oorlog begin het om so die Boere se verset te breek,[81] het Ventersdorp ook nie vrygespring nie. Op Elandskuil is alles verwoes en die vrouens en kinders is op waens na die Potchefstroomse konsentrasiekamp vervoer. Die waens met vrouens en kinders van ander plase in die Ventersdorpse distrik het op Witpoort by eersgenoemde waens aangesluit.[82]

Die vrouens en kinders uit die omgewing tussen Klip=plaatsdrift en Klerksdorp is na die Klerksdorpse konsentrasiekamp geneem, terwyl die vrouens en kinders tussen Klipplaatsdrift en Ventersdorp na die Potchef=stroomse konsentrasiekamp vervoer is.[83] Vanaf die Potchefstroomse kamp is van die Ventersdorpse families, waaronder die Yssels, na Natal gestuur waar hulle in die konsentrasiekampe op Howick, Jacobs en Merebank geplaas is. Die haglike toestande in die Merebank=kamp het baie kindersterftes, waaronder van die Yssel-

---

80) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

81) GIE, op. cit., p. 526.

82) YSSEL, G. J.: Die lewe van die Yssel-vrouens in die konsentrasiekampe, 1900-1902. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 31).

83) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

kinders, veroorsaak.[84]

2.8.4 Politieke gebeure vanaf 1914

Die Rebellie van 1914 het groot verdeeldheid in die Afrikanergeledere gebring. Die Yssel-familie is ook in twee groepe verdeel, naamlik rebelle en rege=ringsondersteuners.[85] Die nagevolge van die rebel=lie het veertien jaar daarna nog bitterheid in die Ventersdorpse distrik veroorsaak, selfs tussen Afrikaners wat tot dieselfde kerkverband behoort het.[86]

Tydens 'n politieke kongres in Bloemfontein gedurende 7 - 9 Januarie 1914, is die Nasionale Party onder leiding van J. B. M. Hertzog gestig.[87] In die Ventersdorpse distrik het, net soos wat dit die geval in die res van die land was, 'n politieke stryd tus=sen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party ontbrand.

Ventersdorp het in 1920 'n aparte volksraadskiesafde=ling geword. Met die herafbakening van kiesafdelings vir die algemene verkiesing van 1966 is die dorp en die grootste gedeelte van die distrik by die kiesaf=

---

84) YSSEL, G. J.: Die lewe van die Yssel-vrouens in die konsentrasiekampe, 1900-1902. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 32).

85) YSSEL, G. J.: Die samelewing van die Yssel-broers. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 21).

86) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters=dorp, 1928-07-13.

87) MALAN, M. P. A.: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp. 10 - 11.

deling Carltonville ingedeel.[88]

In die onderstaande tabelle word die volks- en provin=sialeraadslede wat die Ventersdorpse kiesafdeling se=dert 1920 verteenwoordig het, aangedui:

VOLKSRAADSLEDE SEDERT 1920

| PERIODE | NAAM VAN LID | PARTY VERBAND |
|---|---|---|
| 1920 - 1924 | Kolonel B. I. J. van Heerden | SAP [89] |
| 1924 - 1933 | Kommandant L. J. Boshoff | NP [90] |
| 1933 - 1938 | Kolonel J. Wilkens | Onafhanklike [91] |
| 1938 - 1939 | Kolonel J. Wilkens | VP |
| 1939 - 1943 | Kolonel J. Wilkens | HNP ? |
| 1943 - 1948 | H. J. Visser | VP |
| 1948 - 1953 | Kolonel J. Wilkens | VP |
| 1953 - 1966 | J. C. Greyling | VP |
| 1966 - - | J. C. Greyling | NP [92] |

TABEL 2.3

88) Meegedeel deur B. J. Nortmann, Assistent-Sekre=taris van die Nasionale Party in Transvaal.

89) VAN RENSBURG, M. C. *en* MALAN, M. P. A.: Verkiesingsuitslae 1910-1943 met 'n volledige naamlys van volksraadslede vanaf 1910, p. 69.

90) Ibid., p. 58.

91) Ibid., p. 70.

92) Meegedeel deur B. J. Nortmann, Assistent-Sekre=taris van die Nasionale Party in Transvaal.

PROVINSIALE RAADSLEDE[93]

| PERIODE | NAAM VAN LID | PARTYVERBAND |
|---|---|---|
| 1920 - 1930 | T. C. Stoffberg | NP |
| 1930 - 1936 | D. J. de V. Bosman | NP |
| 1936 - 1943 | P. A. Rossouw | VP |
| 1943 - 1949 | E. P. du Preez | VP |
| 1949 - 1954 | H. M. P. Visser | NP |
| 1954 - 1969 | C. J. H. Fouché | NP |
| 1969 - - | C. J. H. Fouché | NP |

TABEL 2.4

## 2.9 'N BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN DIE DRIE AFRIKAANSE KERKE VAN VENTERSDORP

### 2.9.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Ventersdorp

In 1888 het 'n "Commissie van Werksaamheid" op Ventersdorp tot stand gekom met die doel om die afstig= ting vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Potchefstroom te bewerkstellig.[94] 'n Memorie wat deur 335 Ventersdorpers onderteken is het die even= tuele afstigting van Potchefstroom versoek. 'n Sino= dale besluit van 23 Mei 1888 het die begeerde afstig= ting goedgekeur.[95]

93) Loc. cit.

94) DU TOIT, J. *red.:* Op. cit., p. 6.

95) Ibid., p. 7.

In 1889 het die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Ventersdorp as die een-en-twintigste gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die "Zuid-Afrikaansche Republiek" tot stand gekom.[96] In 1888 is daar alreeds dienste in die sogenaamde "Ou Riet Kerkie" gehou.[97]

Ds. J. J. Kriel is op 30 Maart 1889 as eerste predi= kant van die gemeente bevestig en die volgende dag het die eerste dooplidmate belydenis van die geloof afgelê.[98]

Die "Ou Riet Kerkie" was spoedig te klein. Dit kon ook nie die wind en weer van Wes-Transvaal weerstaan nie. 'n Meer doelmatige kerkgebou moes opgerig word en dus het die oprigting van 'n nuwe kerkgebou ter sprake gekom. Daar moes besluit word tussen die op= rigting van "Een Goeie Kerk" of "Een Mooie Kerk". Nadat daar besluit is om 'n goeie kerkgebou op te rig, is die hoeksteen daarvan op 24 Desember 1889 gelê.[99] Hierdie kerkgebou is teen die bedrag van "£9 800-0-0" gebou. Die hoeksteen van die huidige kerkgebou is op 12 April 1912 deur die moderator, ds. P. Nel, gelê.[100] Op 2 April 1920 is die eerste orrel in gebruik geneem. 'n Vergrote orrel is sedert 18 Junie 1960 in gebruik.[101]

---

96) Ibid., p. 5.
97) Ibid., p. 3.
98) Loc. cit.
99) Loc. cit.
100) Ibid., p. 4.
101) Loc. cit.

Die volgende predikante het in die gemeente gedien: J. J. Kriel (1889-1899),[102] J. D. de V. Horak (1903-1904), A. G. Driessen (1904-1910), G. F. Mijnhardt (1910-1916), K. T. van den Heever (1916-1930), J. F. Hugo (1930-1954), W. H. M. Oosthuizen (1954-1957), J. Venter (1955-1959), M. J. Keller (1957-1959), T. J. R. Kuhn (1959-1961), J. D. W. Kritzinger (1960-1963).[103] Dr. J. M. du Toit is sedert 1964 predi= kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Ventersdorp.[104]

Di. J. F. Hugo en K. T. van den Heever was die predi= kante wat die langste bedieningstyd in die gemeente gehad het. Ds. J. F. Hugo het die gemeente 24 jaar gedien.[105]

Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Ventersdorp-Oos het in 1961 van die moedergemeente afgestig.[106] Die volgende predikante het tot 1970 die nuwe gemeen= te bedien: A. C. de Beer (1962-1965), P. A. de Wet (1966-1969) en H. C. Botha (1969- - )[107]

---

102) Ibid., p. 2.

103) Ibid., pp. 3 - 4.

104) Meegedeel deur ds. J. Bekker, die huidige predi= kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Ventersdorp-Oos.

105) DU TOIT, J. *red.:* Op. cit., p. 4.

106) Ibid., p. 5.

107) Meegedeel deur H. J. Visser, Skriba van die Ne= derduitse Gereformeerde Kerk, Ventersdorp-Oos.

Die boukommissie van die nuwe gemeente is op 2 Augus= tus 1962 saamgestel. Die kerkgebou en orrel is op 15 Augustus 1963 in gebruik geneem.[108]

## 2.9.2 Die Gereformeerde Kerk van Ventersdorp

Die Gereformeerde Kerk is op 10 Februarie 1859 op Rusten= burg herstig. S. G. Yssel en J. A. Venter van Ventersdorp het onder andere lidmate van dié kerk geword.[109] Die meerderheid lidmate van die Gereformeerde Kerk in die Ventersdorpse distrik was boere, waarvan die meeste hulle langs die Schoonspruit gevestig het.[110]

Ventersdorp was aanvanklik 'n wyk van die Gereformeer= de Kerk van Rustenburg. J. A. Venter, skoonvader van S. G. Yssel, was ouderling van die Ventersdorpse wyk. Ds. D. Postma het op 'n herderlike reis die Ventersdorpse wyk besoek en die Woordbediening op Elandskuil waargeneem.[111]

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom het in 1863 van Rustenburg afgestig en sedert daardie jaar het die Ventersdorpse wyk onder die Gereformeerde Kerk Potchef= stroom geressorteer. Daar is ook ere-dienste in die

---

108) Loc. cit.

109) YSSEL, S. G.: Iets oor die kerklike lewe van die Yssel-familie. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 25).

110) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

111) YSSEL, S. G.: Iets oor die kerklike lewe van die Yssel-familie. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 25).

Ventersdorpse wyk gehou.[112)]

Nadat die kerkgebou in 1867 op Potchefstroom voltooi is, het die lidmate van Ventersdorp drie-maandeliks met nagmaalgeleenthede na Potchefstroom gereis. Daar is al op die Donderdagmôre na Potchefstroom vertrek. Soms het tot 25 waens saamgetrek.[113)]

Daar is op 'n vergadering op 16 Oktober 1927 te Klip=plaatsdrift besluit om van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom af te stig. Die betrokke kerkrade het 'n kombinasie-ooreenkoms aangegaan en Ventersdorp is in die volgende wyke verdeel: Elandskuil-Oos, Elands=kuil-Wes, Klipplaatsdrift, Sterkstroom-Wes, Venters=dorp en Doornfontein.[114)]

Die verslag van die boukommissie het op 3 Desember 1927 op die kerkraadstafel gedien. Daar is met dank kennis geneem dat die kerkgebou teen 'n bedrag van R6 450,00 gebou kon word. Die banke en elek=triese beligting het onderskeidelik R750,00 en R108,00 gekos.[115)]

Die kerkgebou is vroeg in 1928 in gebruik geneem,[116)] terwyl die eerste pastorie op 14 Junie 1936 betrek

---

112) Loc. cit.

113) Ibid., p. 27.

114) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters=dorp, 1927-10-16.

115) Ibid., 1927-12-03.

116) Ibid., 1928-02-17.

is.[117] Die huidige orrel is in 1951 teen 'n be= drag van R3 590,00 aangekoop.[118]

Die volgende predikante was agtereenvolgens in die gemeente werksaam: I. D. Kruger (1927-1930), J. M. de Wet (1931-1939), A. Postma (1940-1944), I. J. van der Walt (1945-1951), P. L. Snyman (1952-1954), D. N. Kotze (1955-1960), W. L. Kuperus (1961-1964), N. J. Grobler (1965-1970) en L. J. van der Merwe (1970- - ).[119]

Die Gereformeerde Kerk van Ventersdorp het vanaf 1931 in kombinasie met Wolmaransstad en Klerksdorp getree.[120] Sedert 1939 is die Gereformeerde Kerk Ventersdorp 'n selfstandige gemeente.[121]

Die kerkraad het voortdurend aandag aan opvoeding en onderwys geskenk. So is daar in 1936 steun verleen aan 'n manifes insake Christelik-nasionale onderwys en 'n kommissie is benoem om hierdie aangeleentheid te hanteer.[122] Die beleid van dubbelmediumskole is beveg.[123] Aan die opvoeding plaaslik is ook aandag

---

117) Ibid., 1936-06-13.

118) Ibid., 1951-08-04.

119) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

120) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters= dorp, 1931-02-28.

121) Ibid., 1939-06-10.

122) Ibid., 1936-02-23.

123) Ibid., 1943-12-04.

geskenk en dit was gebruik dat die predikant eenmaal per kwartaal 'n godsdiensbeurt by die sekondêre skool waarneem.[124] By geleentheid is deur die toedoen van die kerkraad 'n dans verydel wat deur die sekon= dêre skool gereël was.[125]

### 2.9.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Ventersdorp

Oorspronklik het Ventersdorp 'n "afdeling" van Potchefstroom gevorm. Op 'n gemeentevergadering in 1892 is besluit om af te stig. Onder leiding van ds. C. W. du Toit is daar in die betrokke jaar tot afstigting oorgegaan. A. F. S. Röscher, J. A. Visser en M. C. Rÿkaart het op die eerste kerkraad gedien. Al hierdie persoonlikhede het ook op politieke en sosiale gebied 'n belangrike rol gespeel.[126]

Met die afstigting van die gemeente was daar nog geen kerkgebou beskikbaar nie en die kerkdienste is in Röscher se huis gehou.[127] Die kerkraad het gedurende 1893 finansiële steun en erwe by die regering aange= vra met die oog op die oprigting van 'n kerkgebou. Die erwe is toegestaan[128] en die eerste kerkgebou van hout en sink is gedurende die bedieningst'd van

---

124) Ibid., 1943-07-31.

125) Ibid., 1943-06-12.

126) ERASMUS, D. F.: Na vyftig jaar: 'n Beknopte oorsig van die Nederduitsch Hervormde Gemeente, Ventersdorp, 1892-1942, p. 2.

127) Loc. cit.

128) Ibid., p. 3.

ds. F. S. du Toit opgerig.[129] Die huidige kerk= gebou is op 28 Maart 1903 in gebruik geneem.[130]

Die volgende predikante het in die gemeente gedien: A. Murray (1898-1904), F. S. du Toit (1905-1914), K. T. van den Heever (1916-1916), D. F. Erasmus (1920-1963)[131] C. J. Smit (1963- ).[132]

## 2.10 EVALUERING

Op grond van die beginsels van historiese kontinuï= teit en totaliteit kan die geskiedenis van die Ven= tersdorpse distrik nie absoluut gestel en afgesonder word van dit wat op politieke, ekonomiese, maatskap= lik-kerklike en onderwysgebied in die ZAR en res van Suid-Afrika gebeur het nie.

Verder moet, vanweë die vervlegting van kultuuront= plooiing en onderwysontwikkeling, die kultuur-histo= riese as vergestaltende faktor van die opvoedings= verlede in berekening gebring word by die beoordeling van die Ventersdorpse onderwysontwikkeling.

---

129) Ibid., p. 11.
130) Ibid., p. 13.
131) Ibid., pp. 6 - 9.
132) Meegedeel deur ds. D. F. Erasmus, Potchefstroom.

# 3. ONDERWYS AAN BLANKES IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK VOOR 1881

## 3.1 INLEIDING

Die onderwys aan Blanke kinders in die Ventersdorpse distrik moet beoordeel word teen die verloop van die geskiedenis soos in die voorgaande hoofstuk uiteen=gesit. Dit moet ook in die lig van die verskillende onderwyswetgewings bestudeer word.

Omdat daar min data oor die oor-Vaalse gebied gedu=rende die veertigerjare van die vorige eeu beskikbaar is, sal 'n bespreking van die onderwysvoorsiening aan Blankes in die Ventersdorpse gebied gedurende daardie moeilike beginjare dus uiteraard onvolledig en alge=meen van aard wees.[1] Ventersdorp was in die begin=jare 'n deel van die Potchefstroomse distrik.

Daar kan met veiligheid beweer word dat Wes-Transvaal woes en leeg was toe die Voortrekkers hulle in dié gebied gevestig het. Die eerste taak van die Voortrek=kers was om die gebied bewoonbaar te maak. Daar was min geleentheid vir gereelde en voortgesette skool=onderwys.[2]

---

1) COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Potchefstroom,1838-1938, p. 124).

2) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, p. 15.

Ventersdorpse wyk gehou.[112)]

Nadat die kerkgebou in 1867 op Potchefstroom voltooi is, het die lidmate van Ventersdorp drie-maandeliks met nagmaalgeleenthede na Potchefstroom gereis. Daar is al op die Donderdagmôre na Potchefstroom vertrek. Soms het tot 25 waens saamgetrek.[113)]

Daar is op 'n vergadering op 16 Oktober 1927 te Klip=plaatsdrift besluit om van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom af te stig. Die betrokke kerkrade het 'n kombinasie-ooreenkoms aangegaan en Ventersdorp is in die volgende wyke verdeel: Elandskuil-Oos, Elands=kuil-Wes, Klipplaatsdrift, Sterkstroom-Wes, Venters=dorp en Doornfontein.[114)]

Die verslag van die boukommissie het op 3 Desember 1927 op die kerkraadstafel gedien. Daar is met dank kennis geneem dat die kerkgebou teen 'n bedrag van R6 450,00 gebou kon word. Die banke en elek=triese beligting het onderskeidelik R750,00 en R108,00 gekos.[115)]

Die kerkgebou is vroeg in 1928 in gebruik geneem,[116)] terwyl die eerste pastorie op 14 Junie 1936 betrek

---

112) Loc. cit.

113) Ibid., p. 27.

114) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters=dorp, 1927-10-16.

115) Ibid., 1927-12-03.

116) Ibid., 1928-02-17.

is.[117] Die huidige orrel is in 1951 teen 'n be=drag van R3 590,00 aangekoop.[118]

Die volgende predikante was agtereenvolgens in die gemeente werksaam: I. D. Kruger (1927-1930), J. M. de Wet (1931-1939), A. Postma (1940-1944), I. J. van der Walt (1945-1951), P. L. Snyman (1952-1954), D. N. Kotze (1955-1960), W. L. Kuperus (1961-1964), N. J. Grobler (1965-1970) en L. J. van der Merwe (1970- - ).[119]

Die Gereformeerde Kerk van Ventersdorp het vanaf 1931 in kombinasie met Wolmaransstad en Klerksdorp getree.[120] Sedert 1939 is die Gereformeerde Kerk Ventersdorp 'n selfstandige gemeente.[121]

Die kerkraad het voortdurend aandag aan opvoeding en onderwys geskenk. So is daar in 1936 steun verleen aan 'n manifes insake Christelik-nasionale onderwys en 'n kommissie is benoem om hierdie aangeleentheid te hanteer.[122] Die beleid van dubbelmediumskole is beveg.[123] Aan die opvoeding plaaslik is ook aandag

---

117) Ibid., 1936-06-13.

118) Ibid., 1951-08-04.

119) Meegedeel deur C. D. Venter, Ventersdorp.

120) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters=dorp, 1931-02-28.

121) Ibid., 1939-06-10.

122) Ibid., 1936-02-23.

123) Ibid., 1943-12-04.

Andries Pretorius en 'n aansienlike deel van sy mense het hulle in die Wes-Transvaal gevestig. In 1847 is die bevolking van Ventersdorp vergroot toe A. W. J. Pretorius en 'n groep Trekkers uit Natal hulle in die Wes-Transvaal gevestig het. 'n Verdere vermeerdering van die Blanke bevolking het vanaf 1850 plaasgevind toe die veeboere, na wie daar in hoofstuk twee verwys is, in die Ventersdorpse distrik aangekom het.

## 3.2 ONDERWYSTOESTANDE VOOR 1876

### 3.2.1 Die vroegste onderwyspogings

Die eerste emigrante het nie onverskillig teenoor die onderwys gestaan nie, want in artikel 13 van die Voor=trekkergrondwet is neergelê dat die owerheid 'n wa=kende oog oor die skole moes hou en alles tot die be=vordering daarvan moes aanwend.[3)]

Na afloop van die Groot Trek, toe die pioniersbevolk=ing hulle op die uitgestrekte plase gevestig het, was die onderwys hoofsaaklik 'n private en plaaslike aan=geleentheid. Ouers het afsonderlik of in groepe 'n privaat huisonderwyser, indien daar een beskikbaar was, vir 'n paar maande gehuur.[4)]

Die regering kon hom weens die besondere landsomstan=dighede nie met die onderwys bemoei nie. Die waarde

---

3) VAN DER SCHŸF, W. G.: Die gereformeerde begin=sel in die onderwys tot 1963, p. 77. Vgl. ook: COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, p. 17.

4) BARNARD, S. S. *en* COETSEE, A. G.: Onderwys aan Blankes in Transvaal, p. 30.

van opvoeding en onderwys is egter wel besef, want die grondwet van die ZAR het in artikel 24 bepaal dat die bloei en welvaart van die staat gedien sou word deur die voorsiening van Nederduitsch Hervormde predikante en onderwysers.[5]

Op die plase was daar egter 'n tekort aan bevoegde onderwysers. In die vyftigerjare was daar net een onderwyser op elkeen van die Transvaalse "dorpe", naam=lik H. van der Linden, J. W. Spruyt en W. Poen op Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg respektiewe=lik.[6] In die begin van die vyftigerjare was Venters=dorp hoofsaaklik op die tradisionele Voortrekker=onderwys aangewese.

Volgens W. A. S. Nel van Ventersdorp was onderwysers gedurende die beginjare skaars. Vanweë die afstande en die gebrek aan 'n georganiseerde onderwysstelsel was dit onmoontlik om aan 'n paar kinders wat yl ver=spreid oor die afgeleë plase gewoon het, die nodige onderwys te verskaf. Daar is van "padloperonder=wysers" gebruik gemaak. So was die onderwyser van W. A. S. Nel se moeder 'n weglopermatroos wat vanuit Oos-Kaapland in die spore van die Trekkers die hele afstand na Ventersdorp te voet afgelê het.[7] Hierdie huisonderwysers het hoogstens drie maande op 'n skool=

---

5) Ibid., p. 35.

6) Ibid., p. 31.

7) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands=kuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 36).

plek vertoef en in 'n buitekamer elementêre onderwys aan 'n paar kinders verskaf.

In die beginjare het die onderwys 'n patriargale karak= ter vertoon. Die vaders en moeders het na die dag se arbeid saans om die tafel die nodige lees- en skryfkennis by die kinders tuisgebring.[8)]

Die oudste kinders van die Yssels van Ventersdorp het onderwys aan die knie van hulle moeder ontvang. Dit kon nie veel meer gewees het as kennis van God en van Adam en Eva in die paradys nie. Die kinders was al betreklik groot toe hulle na Buffelshoek, aan die Vaalrivier, gestuur is om vir sewe maande daar onder= wys te ontvang.[9)]

Die inhoud van die onderwys in die beginjare was hoof= saaklik Lees, Skryf, Rekene, Sang en Godsdiens.[10)] Die primêre doel van die onderwys was om die kinders tot die selfstandige lees van die Bybel en tot die aflegging van geloofsbelydenis voor te berei.[11)]

---

8) NIENABER, G. S.: Die Afrikaanse kultuurstryd tot 1870. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.*: Ge= skiedenis van Suid-Afrika, dl. II, p. 629).

9) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands= kuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 36).

10) H.W.S. (pseud.): Opvoeding van die Voortrekker= vrou. *Die Huisgenoot*, 1936-12-11, pp. 93 - 101.

11) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 37.

Aangesien die onderwystoestande in die Ventersdorpse distrik nie veel kon verskil het van die onderwys in die ander nedersettings van die Voortrekkers nie, kan dit met sekerheid beweer word dat dieselfde leer- en leesboeke oral in gebruik was. Van die bekendste skoolboeke was die "A.B.C.-boek met de haan", die "A.B.-jab", "Trap der jeugd", "Kleine gedichten voor kinderen", "Almanak voor het jaar 1824", "Brave Hendrik", en "De Klijne Print-Bijbel". Bene=wens bogenoemde boeke is die Bybel, psalm- en gesange=boek, Heidelbergse kategismus en die Kortbegrip ge=bruik.[12)]

3.2.2 Die begin van georganiseerde onderwys

In 1859 het 'n nuwe periode in die ZAR se onderwys=ontwikkeling aangebreek toe die staat self die inisia=tief met die onderwyswetgewing geneem het.[13)] Die regering het 'n plaaslike skoolkommissie vir Potchef=stroom benoem waarop die staatspresident, M. W. Pretorius, sitting gehad het. Hierdie kommissie het opdrag ontvang om 'n reglement vir goewermentsonder=wysers op te trek.[14)] Die reglement wat in 1859 opge=stel is, het die volgende sake rakende die onderwys gereël: salarisse van onderwysers, die skoolgelde, skoolbehoeftes, versorging van die skool en die meubels, skoolure, vakansies, eksamens, regte en pligte van

---

12) Ibid., pp. 43 - 44.

13) LUGTENBURG, A. H.: Geskiedenis van die onderwys in die S. A. Republiek, 1836-1900 , pp. 62-63.

14) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, p. 24.

skoolkommissies, die kerklike lidmaatskap van die goewermentsonderwysers, toelating van kinders tot die skool en die verwydering van kinders uit die skool.[15)]

'n Algemene Kommissie wat oppertoesig oor die skole in die ZAR sou hê, is in 1859 daargestel. Die eerste lede van hierdie kommissie was B. C. E. Proes, ds. D. van der Hoff, ds. P. A. C. van Heyningen en die goewer=mentsonderwyser, H. van der Linden.[16)]

Die Onderwyswet van 1859 is deur die Onderwyswet van 1866 vervang. Die Onderwyswet van 1866 was 'n omvat=tende dokument waarin onder andere die samestelling en funksies van die Algemene Kommissie sowel as van die plaaslike skoolkommissies breedvoerig uiteengesit is.[17)]

Dié onderwyswetgewing was 'n poging om die onderwys op 'n hegte grondslag te plaas. Daar is egter geen aanduiding dat die wetgewing enige invloed op die ont=wikkeling van die onderwys in die Ventersdorpse distrik uitgeoefen het nie. Geen skoolkommissie is saamgestel en geen staatskole het in Ventersdorp voor 1876 tot stand gekom nie. In die vroeëre sewentigerjare het R. Venter (Tant Racheltjie) op Ventersdorp privaat onderwys gegee.[18)]

---

15) Ibid., p. 25.

16) LUGTENBURG, op. cit., p. 67.

17) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 51. Vgl. ook *Staatscourant der Z. A. Republiek*, 1867-08-21.

18) Meegedeel deur H. P. van Aswegen, Ventersdorp.

Lugtenburg beweer dat die grootte van die plase die gesamentlike onderwys aan kinders van 'n aantal aan=grensende plase baie bemoeilik het. Die wisselende klimaatstoestande wat die boere gedurende die winter=maande van die Hoëveld na die Laeveld laat trek het, was 'n verdere oorsaak waarom georganiseerde onder=wys vir baie jare nie op dreef kon kom nie.[19)]

In 1872 het T. F. Burgers, voorheen predikant van Hanover in die Kaapkolonie, president van die ZAR geword. Hy het groot onderwyshervormings voorgestel, wat uiteindelik as Wet no. 4 van 1874 in Oktober 1874 deur die Volksraad aanvaar is.[20)] Die wet het eers in 1876 met die indienstreding van W. J. van Gorkum as Superintendent van Onderwys in werking ge=tree.[21)] Volgens die wetgewing van 1874 sou die skole staatsondersteunde skole wees.[22)] Verder is die status van skoolkommissies verhoog.[23)] Die skole is in wykskole, distrikskole en die gimnasium te Pretoria ingedeel.[24)]

---

19) LUGTENBURG, op. cit., p. 62.

20) *Staatscourant der Z. A. Republiek*, 1875-01-13. Vgl. ook: PISTORIUS, P.: Gister en vandag in die opvoeding, pp. 296 - 297.

21) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, p. 41.

22) Wet no. 4 van 1874, inleiding.

23) Ibid., artt. 54 - 65.

24) Ibid., art. 6.

## 3.3 ONDERWYS IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK, 1876-1881

### 3.3.1 Inleiding

Die Burgerswet was net een jaar in werking toe die Transvaal in 1877 deur Engeland geannekseer is. Die anneksasie van Transvaal was die gevolg van Burgers se vrysinnige beleid. Hierdie beleid het tot ver= deeldheid in Boeregeledere gelei, wat uiteindelik tot die mislukte Sekoekoenieoorlog aanleiding gegee het. Dié oorlog het Engeland die geleentheid gebied om in te meng.[25)]

Dr. V. Lyle is as Superintendent van Onderwys aange= stel. Die toenmalige Superintendent van Onderwys, W. J. van Gorkum, het egter nie bedank nie. Daar was op daardie tydstip dus twee Superintendente van Onderwys. Later is Van Gorkum egter van sy pos onthef.[26)]

Volgens A. F. S. Röscher, wat met beide Superinten= dente van Onderwys gekorrespondeer het, was W. J. van Gorkum, op 4 Januarie 1878, nege maande na die annek= sasie, nog op kantoor.[27)] Na die oorlye van V. Lyle het ds. H. S. Bosman tydelik as waarnemende Superin=

---

25) LUGTENBURG, op. cit., p. 111.

26) PELLS, E. G.: The story of education in South Africa, p. 57.

27) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1878-01-04. *(OD 1/3:4)*.

tendent van Onderwys opgetree.[28]

Gedurende die anneksasietydperk het die ongunstige toestand waarin die land verkeer het, stremmend op die onderwys ingewerk. Volksvergaderings is gehou om teen die anneksasie te protesteer. Die gedurige rondtrek van die burgers (ook onderwysers) na die vergaderings moes 'n uiters nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die onderwys gehad het.[29]

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het alle onderwysontwikkeling tot stilstand gekom.

### 3.3.2 Die Ventersdorpse goewermentskool

#### 3.3.2.1 Stigting en beheer

Op 11 April 1876 het die landdros van Ventersdorp opdrag gekry om 'n wykskoolkommissie vir Ventersdorp saam te stel.[30]

Nieteenstaande ontmoedigende faktore soos die onge= wildheid van president T. F. Burgers en die bevoor= regting van hoër onderwysinrigtings ten koste ~~van~~

---

28) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. *(In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 289).

29) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu= ering van die onderwys van die Transvaalse plaas= skool,1838-1967, p. 126.

30) Ibid., p. 108.

van wykskole,[31] het die Ventersdorpse wykskool in Junie 1876 tot stand gekom.[32]

A. F. S. Röscher het die inisiatief geneem om die wykskool op Ventersdorp tot stand te bring. H. P. van Aswegen het Röscher, wie onder andere ook as sekretaris van die skoolkommissie opgetree het, as 'n pasifis[33] bestempel. M. E. van Aswegen, 'n kleindogter van Röscher, het met laasgenoemde uitspraak saamgestem. Röscher het as pasifis heelhartig met die liberale president Burgers, die Engelse bewindhebbers en later jare met S. J. du Toit saamgewerk ter bevordering en uitbouing van die onderwys op Ventersdorp.[34]

Kragtens die Burgerswet moes elke wykskool beheer word deur 'n skoolkommissie van ses lede. Benewens die ses gekose lede was die veldkornet ex-officio

---

31) E. G. Pells het die feit dat die Burgerswet onderwysinrigtings vir die meer gevorderde onderwys ten koste van die wykskole begunstig het soos volg beskryf: "The system looked fine on paper. In practice it was top-heavy". Vgl.: PELLS, op. cit., p. 56.

32) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-03-22. *(OD 2/1:56)*. Vgl. ook: BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool,1838-1967, p. 113.

33) 'n Pasifis is 'n voorstander van vrede en 'n teenstander van wapengeweld. Hy streef daarna om botsende standpunte te versoen.

34) Meegedeel deur M. E. van Aswegen, Ventersdorp.

voorsitter van die wykskoolkommissie.[35] Veldkornet P. L. Bezuidenhout het as eerste voorsitter van die Ventersdorpse skoolkommissie opgetree. Toe hy as veldkornet bedank het, is hy deur A. F. S. Röscher as veldkornet en voorsitter van die skoolkommissie opgevolg.[36]

Die Burgerswet het bepaal dat die wykskoolkommissie die skoolgebou en toebehore moes voorsien. Die skole moes gereeld deur lede van die skoolkommissie besoek word maar die skoolkommissielede moes hulle nie met die werksaamhede van die skool bemoei nie. Indien daar wel besware teen die onderwyspogings was, moes hulle hul tot die Superintendent-Generaal van Opvoe= ding wend.[37]

Ongelukkig het die wykskoolkommissies nie altyd aan hulle doel beantwoord nie. Die kommissies se onbe= voegdheid en gebrek aan belangstelling was een van die fundamentele oorsake waarom die Burgerswet misluk het.[38] T. A. Ells het oor die onverskilligheid van die Ventersdorpse skoolkommissie gekla en die hoop uitgespreek dat hulle liewer moes bedank sodat hulle

---

35) Wet no. 4 van 1874, art. 54.

36) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-03-22. *(OD 2/1:56)*.

37) Wet no. 4 van 1874, art. 59.

38) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu= ering van die onderwys van die Transvaalse plaas= skool,1838-1967, p. 108.

plekke gevul kon word deur mense wat wel belangstelling in die onderwys getoon het.[39]

### 3.3.2.2 Personeelvoorsiening

Die tekort aan bekwame, gekwalifiseerde onderwysers van goeie sedelike gedrag was van die ernstigste struikelblokke in die weg van doeltreffende ontwikkeling van die onderwys in Transvaal.[40]

Die Ventersdorpse skoolkommissie het probleme ondervind om 'n goeie onderwyser te kry. J. N. van Alphen, wat op 7 Junie 1876 sy eervolle ontslag as onderwyser op Potchefstroom gekry het, is as hoofonderwyser van die wykskool op Ventersdorp aangestel.[41] Van Alphen was oud en sieklik. Hy het epileptiese aanvalle gekry en dit het sy onderwyspogings ernstig benadeel. Verskeie pogings is aangewend om van Van Alphen ontslae te raak. Daar is onder andere aanbeveel dat die Onderwysdepartement die betrokke onderwyser moes onthef en 'n pensioen aan hom betaal.[42] Vanweë Van

---

39) ELLS, T. A.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1880-01-06. *(OD 2/1:1)*.

40) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool,1838-1967, p. 146.

41) COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.*: Potchefstroom, 1838-1938, pp. 170-173).

42) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-10-01. *(OD 1/2:172)*.

Alphen se besondere belangstelling in plante het die plaaslike skoolkommissie voorgestel dat hy as tuinier by die goewermentstuine aangestel moes word.[43]

Die skoolkommissie het daarin geslaag om Van Alphen in 1878 met 'n sekere Eekhout te vervang. Die kom= missie kon toe rapporteer dat dit die skool ten goede was, maar Eekhout het ongelukkig nog in dieselfde jaar as onderwyser bedank.[44] Die skoolkommissie wou die skool graag in stand hou en daar is na 'n onderwyser wat in beide tale onderrig kon gee, gesoek.[45]

Die Superintendent van Onderwys is versoek om I. B. Grey as onderwyseres by die goewermentskool aan te stel vanweë die feit dat baie kinders buitendien haar privaatskool besoek het.[46] Aangesien mev. Grey weens siekte nie beskikbaar was nie, is 'n sekere Bantjes in 'n tydelike hoedanigheid as onderwyser aangestel. Die skoolkommissie het die Superintendent dringend versoek om, terwille van die jeug van Ven= tersdorp, besondere pogings aan te wend om 'n geskikte onderwyser te vind.[47]

---

43) Ibid., 1877-10-18. *(OD 1/2:182).*

44) Notule van die Ventersdorpse skoolkommissie, 1878-11-18. *(OD 1/3:127).*

45) Loc. cit.

46) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1878-12-24. *(OD 1/3:127).*

47) ELLS, T. A.: Brief aan H. S. Bosman. Venters= dorp, 1880-01-06. *(OD 2/1:1).*

Die skoolkommissie het alreeds in Augustus 1879 in *De Transvaal* vir 'n onderwyser geadverteer. Hollands, Engels en Musiek is as 'n sterk aanbeveling genoem. Die salaris van die onderwyser is op R200,00 per jaar plus twee derdes van die ingevorderde skoolgeld vas=gestel.[48)]

Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in 1881 is alle onderwyspogings aan die Ventersdorpse wykskool tydelik beëindig.

### 3.3.2.3 Leerlingtal

Gedurende die tydperk Junie 1876 - Oktober 1876 was daar 37 leerlinge in die skool ingeskryf, naamlik 19 seuns en 18 dogters. Op 31 Desember 1876 was daar 36 ingeskrewe leerlinge.[49)]

Die leerlingtal het gedurende die derde kwartaal van 1877 gedaal tot 12, terwyl daar volgens Röscher mins=tens 40 leerlinge van skoolgaande ouderdom was. Die klein leerlingtal is aan die swak werk van die siek=like Van Alphen toegeskryf.[50)]

---

48) COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onder=wys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H.: *et. al.:* Potchefstroom, 1838-1938, p. 183).

49) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-10-01. *(OD 1/2:172)*.

50) Loc. cit.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat slegs sowat 8 persent van die aantal kinders van skoolgaande ouderdom in daardie jare skoolonderrig ontvang het.[51) ] Die swak skoolinskrywing in die Ventersdorpse goewer=mentskool kon dus nie alleenlik aan die sieklike onderwyser toegeskryf word nie. In November 1878 het die Venterdorpse goewermentskool se leerlingtal na 19 vermeerder vanweë die sluiting van 'n privaat=skool.[52)]

3.3.2.4 Finansiële aangeleenthede

Die Burgerwet het in artikel 7 voorsiening gemaak vir die jaarlikse staatstoelae van R50,00 aan die wykskole met 'n gemiddelde inskrywing van 12 leerlinge en R100,00 as die gemiddelde inskrywing 25 leerlinge beloop het. Daar was 'n vermeerdering van R40,00 vir elke 10 leerlinge bo 25 op die register.[53)]

Wet no. 4 van 1874 het voorts bepaal dat die skool=gelde vir wykskole R0,45 vir kinders benede sewe jaar en R0,80 vir kinders bo sewe jaar sou bedra.[54)]

Met die stigting van die skool op Ventersdorp was dié wykskool met sy 16 ingeskrewe leerlinge op 'n staat=subsidie van R50,00 geregtig. Benewens die staats=

---

51) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu=ering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool,1838-1967, p. 114.

52) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1878-11-19. *(OD 1/3:177)*.

53) Wet no. 4 van 1874, art. 7.

54) Ibid., art. 28.

subsidie moes die ouers ook nog die vasgestelde skool=geld betaal.

Weens ernstige finansiële probleme was dit moeilik om die Ventersdorpse goewermentskool in stand te hou. Op 1 Mei 1877, ongeveer 'n jaar na die ontstaan van die skool, was daar nog geen staatsubsidie ontvang nie.[55]

Hierdie versuim om die staatsubsidie aan die Venters=dorpse wykskool uit te betaal, bevestig Lugtenburg se bewering dat Van Gorkum swakhede ten opsigte van doeltreffende organisasie en administrasie van die onderwyskantoor openbaar het.[56]

Benewens die feit dat geen staatsubsidie ontvang is nie, was die Ventersdorpse skoolouers ook nog onver=skillig ten opsigte van hulle kinders se onderwys en opvoeding. Ten einde die voortbestaan van die skool te beveilig, het Röscher die skoolgeld vir alle ouder=domsgroepe tot R0,25 per leerling verlaag.[57]

### 3.3.2.5 Skoolbenodigdhede en onderwyspeil

Ventersdorp het in die Potchefstroomse distrik geval

---

55) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-05-01. *(OD 1/2:79)*.

56) LUGTENBURG, op. cit., p. 112.

57) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-05-01. *(OD 1/2:79)*.

waar daar 'n tak-depot was " ... voor schoolbehoeften, modellen van schoolmeubelement en wat tot het onder= wijs benoodigd is". Hierdie tak-depot het onder die oppertoesig van die Superintendent-Generaal van Opvoeding gestaan.[58)]

Volgens Barnard *en* Coetsee was die tekort aan hand= boeke en skoolbenodigdhede hoofsaaklik daarvoor ver= antwoordelik dat vakke soos Aardrykskunde en Geskie= denis selde tot hulle reg in die wykskole gekom het.[59)]

Dit kan egter aanvaar word dat hierdie tekort aan geskikte handboeke ook die algemene onderwyspeil grootliks verlaag het. J. N. van Alphen, die hoof= onderwyser van die Ventersdorpse goewermentskool, het die volgende handboeke aanbeveel: "Chambers Educa= tional Course" en Fraser se "Copy Books".[60)]

Die onderwyspeil van 'n skool is bepaal deur die uit= slae van die openbare eksamen. Volgens artikel 60 van die Burgerswet moes die skoolkommissies in oorleg met die onderwyser jaarliks 'n openbare eksamendag vir hulle skool bepaal.[61)] Die Ventersdorpse skool= kommissie het die eksamendag vir 1876 op 20 Desember

---

58) Wet no. 4 van 1874, art. 9.

59) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 71.

60) COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onder= wys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Potchefstroom, 1838-1938, p. 178).

61) Wet no. 4 van 1874, art. 60.

gereël. Die onderwyspeil in die betrokke skool was egter so laag dat net die onderwyser se twee kinders geëksamineer kon word.[62]

### 3.3.3 Die skool van Elandskuil-Oos

#### 3.3.3.1 Stigting

Die stigting van die skool te Elandskuil-Oos in 1885 was die direkte gevolg van die destydse heersende kerklike en politieke toestande in die ZAR. Die betrokke skool was 'n sogenaamde "buurtskool" wat deur die bemoeiinge van die Gereformeerde Kerk Pot=chefstroom daargestel is.[63]

Die eienaar van die plaas Elandskuil, S. G. Yssel, was lid van die Transvaalse sub-kommissie van onder=wys wat deur die Gereformeerde Kerk in die lewe ge=roep is. Die Algemene Vergadering van dié kerk, het in 1876 besluit dat "buurtskole" gestig moes word.[64] Die "buurtskole" sou deur die ouers onder leiding van 'n kommissie van elke betrokke kerkraad opgerig

---

62) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1877-05-01. *(OD 1/2:79)*.

63) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van onderwys en op=voeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands=kuil. *(In* Yssel, G. J. *samest.:* Op. cit., pp. 36-37).

64) COETZEE, J. C.: Die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom en die onderwys ,1863-1930, p. 67.

word. Elke wyksouderling sou vir sy wyk verantwoor= delik wees.[65] Dit kan aanvaar word dat S. G. Yssel, wyksouderling van die wyk Elandskuil, verantwoordelik was vir die oprigting van die betrokke skool.

### 3.3.3.2 Onderwysers, leerlinge en die skoollokaal

Die eerste skoolgeboutjie was van klei gebou en van 'n rietdak voorsien. In hierdie primitiewe gebou het mev. S. van der Merwe ("Ou tant Sanna") onderwys be= gin gee. Sy is deur die volgende onderwysers opge= volg: M. J. Raath, K. Jooste, J. Bredell en S. Yssel.[66]

Die volgende families se kinders was leerlinge in die skool: Yssel, Bezuidenhout, Van den Heever, Van Vuuren, Booyens, Labuschagne en Van Aswegen. Vir die Yssel-kinders was die skool nie so maklik bereikbaar nie, omdat hulle die Schoonspruit moes oorsteek om die skool te bereik.[67]

### 3.3.4 Privaatskole

Nes elders in die ZAR was daar in Ventersdorp ook

---

65) BINGLE, H. J. J.: Die Gereformeerde Kerk en die laer en middelbare onderwys, p. 24. (*In* Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: Gedenkboek, 1859-1959, p. 211).

66) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van onderwys en op= voeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands= kuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., pp. 36 - 37).

67) Loc. cit.

privaatskole. Hierdie feit blyk uit die korrespon=densie wat Röscher met die Superintendent van Onderwys gevoer het. Die Ventersdorpse skool=kommissie wou byvoorbeeld mev. I. B. Grey, wat 'n privaatskool gehad het, as onderwyseres van die goe=wermentskool op Ventersdorp benoem.[68)]

By 'n ander geleentheid het A. F. S. Röscher melding gemaak van 'n privaatskool wat gesluit het met 'n gevolglike vermeerdering van die leerlingtal van die Ventersdorpse goewermentskool.[69)]

In die Ventersdorpse skoolkommissie se notule van 21 Oktober 1876 is genotuleer dat 'n sekere Wilson, 'n lid van die Ventersdorpse skoolkommissie, 'n pri=vaatskool gestig het met die oog daarop om 'n betrek=king vir sy swaer, W. Scot, te skep.[70)]

## 3.5 BEOORDELING

Alhoewel die onderwysontwikkeling gedurende die ves=tigingsjare en tot omstreeks 1859 gekenmerk is deur 'n langsame ontwikkelingsgang, het verskeie onderwys=wetgewings daarna bygedra tot die ontplooiing van 'n eie onderwysstelsel in die ZAR.

---

68) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1878-12-24. *(OD 1/3:127)*.

69) Ibid., 1877-01-04. *(OD 1/3:4)*.

70) Notule van die Ventersdorpse skoolkommissie, 1876-10-21. *(OD 1/1:267)*.

Veral met die aanname van die Burgerswet (Onderwys=wet no. 4 van 1879) is vir die eerste keer 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys ingestel. Dit het meegebring dat skole geregtig was op 'n staatsubsidie. Tog blyk dit dat hierdie bepaling nie tot 'n noemens=waardige styging in die leerlingtal en 'n verbetering in die onderwyspeil in die Ventersdorpse goewerments=skool en die skool te Elandskuil-Oos gelei het nie.

Ook moet hierdie periode in die Ventersdorpse onder=wysgeskiedenis beoordeel word teen die agtergrond van die heersende politieke strominge van daardie tyd. Ongetwyfeld het Burgers se liberale denkbeelde en die anneksasie van Transvaal in 1877 deur Engeland die onderwysontwikkeling ook in hierdie gebied gestrem. Die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het verder alle onderwysontwikkeling tydelik tot stilstand gebring.

Na die Vryheidsoorlog het die ZAR egter 'n bloei=periode in die onderwys beleef, wat ingelei is met die benoeming van S. J. du Toit as Superintendent van Onderwys. Hierdie bloeiperiode sou ook sy neer=slag in die Ventersdorpse onderwys hê.

# 4. OPVOEDING EN ONDERWYS GEDURENDE DIE DU TOIT - STIEMENS - SUPERINTENDENTSKAP

## 4.1 ALGEMENE OORSIG

### 4.1.1 Die aanstelling van S. J. du Toit as Superin= tendent van Onderwys

Die Eerste Vryheidsoorlog het in 1881 ten gunste van die Boere geëindig. Na die slag van Amajuba op 17 Februarie 1881 het 'n ongekende nasionale gevoel oor die hele Suid-Afrika vaardig geword. In die opvoeding en onderwys is die nasionale gevoel vir die eerste keer werklik beklemtoon.

Anders as gedurende die liberale tydsgees van die Burgerstydperk, kon S. J. P. Kruger se Christelik-nasionale beginsels in die onderwys ingedra word in= dien daar 'n persoon aan die hoof van die ZAR-Onderwysdepartement kon staan wat dieselfde beginsels gehuldig het. So 'n persoon was S. J. du Toit, predikant van die Paarl en 'n kampvegter teen impe= rialisme. Die Driemanskap[1] van die ZAR het vir S. J. du Toit die betrekking van Superintendent van Onderwys aangebied.[2] S. J. du Toit het die betrek= king aanvaar en in 1882 het hy en sy gesin na Preto=

---

1) Die Driemanskap het bestaan uit S. J. P. Kruger, P. Joubert en M. W. Pretorius.

2) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 81.

ria verhuis.[3]

S. J. du Toit het hom alreeds in die Kaapkolonie be=ywer vir Christelik-nasionale onderwys en van die be=ginsel uitgegaan dat die opvoeding en onderwys van kinders by die ouers onder toesig van die kerk berus. S. J. P. Kruger, die leidende figuur in die Transvaal, was net soos S. J. du Toit teen staatsonderwys gekant en het die standpunt gehuldig dat die behartiging van die opvoeding van die jeug die taak van die kerk is. S. J. P. Kruger was egter as gevolg van die kerk=like verdeeldheid en die gepaardgaande bitterheid verplig om die staat die onderwys op Christelike grondslag te laat organiseer.[4]

### 4.1.2 Du Toit se onderwyswet

Dié onderwyswet is in Mei 1882 in die staatskoerant as Wet no. 1 van 1882 gepubliseer. Hierdie wet was nie 'n blote voortsetting van die Transvaalse onder=wyswetgewing nie. Dit het 'n nuwe rigting aangedui wat 'n antwoord op die Transvaalse onderwysbehoeftes was.[5]

In die algemene bepalings van die Du Toitwet is die plek van die ouers, kerk en staat volledig omskryf.

---

3) DU TOIT, MIONNE: Man op Nebo, p. 41.

4) KRUGER, op. cit., p. 254.

5) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 83.

In artikel 2 word bepaal dat Godsdiensonderwys as sodanig by die kerk tuishoort, maar dat die skool=onderwys in 'n Christelike gees gegee moet word. Die verdeling van die onderwys in primêre, sekondêre en tersiêre onderwys is in artikel 4 duidelik uiteen=gesit. Kragtens artikel 7 moes Nederlands die voer=taal in die skole wees.[6)]

Die besondere bepalings handel onder andere oor die volgende onderwysaangeleenthede: Gesubsidieerde skole moes onder die onmiddellike beheer van die plaaslike skoolkommissies staan. Volledige verslae van elke skool moes aan die einde van elke kwartaal ingedien word. Onderwysers moes lidmate van 'n protestantse kerk wees. Die Superintendent van Onderwys moes ten minste een keer per jaar alle skole besoek en verslag aan die regering doen oor die alge=mene stand van die onderwys. Sodra die Superinten=dent van Onderwys se werksaamhede sodanig sou vermeer=der dat hy dit nie meer kon hanteer nie, kon 'n sekretaris aangestel word.[7)]

### 4.1.3 Politieke agtergrond

#### 4.1.3.1 Die nasionale beginsel en die taalkwessie

Daar was in die Transvaal na 1881 'n duidelike swaai

---

6) Wet no. 1 van 1882, artt. 1, 2, 4 en 7.
7) Ibid., artt. 8, 10, 12, 13 en 14.

van Engels af weg. "The war of 1880-'81 raised a prejudice of the Dutch against every Englishman and everything English,and so the education law of 1882 recognised Dutch as the only medium of instruction".[8)]

Die Volksraad wou die nasionale gevoel daadwerklik bevorder en het daarom tydens die sitting in 1884 be=sluit dat by staatsondersteunde skole die taalklou=sule stiptelik toegepas moes word.[9)]

Dit blyk dat die Ventersdorpse skoolkommissie uit pas met die algemene nasionale oplewing in Transvaal was. Die taalklousule is onder andere nie streng toegepas nie. Die skoolkommissie het byvoorbeeld verwag dat hulle onderwyser " ... in beide Hollandsch en Engels goed (moes) onderwijzen in beide lager en middelbare onderwijs ..."[10)]

Die kinders in die Ventersdorpse goewermentskool was in Hollandse en Engelse klasse ingedeel.[11)] Die afleiding kan gemaak word dat elke taalgroep deur middel van sy eie taal onderwys ontvang het. Dit was

---

8) JENKINS, G.: A century of history. The story of Potchefstroom, p. 77.

9) VAN DER SCHŸF, op. cit., p. 128.

10) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-11-03. *(OD 2/4:78)*.

11) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1887-06-09. *Bijvoegsel tot de Staatscourant der Z. A. Republiek*, 1888-06-13, p. 8.

teen die wense van die Volksraad. Hierdie negering van die taalklousule in die Ventersdorpse goewerment=skool het 'n swakheid van die Du Toitwet na vore ge=bring. Tereg beweer Barnard *en* Coetsee dat die begin=sel ten opsigte van Nederlands as voertaal in gesub=sidieerde skole in die praktyk onuitvoerbaar was.[12)]

Die taalklousule was nie alleen onuitvoerbaar in die praktyk nie, maar dit het ook,tesame met die protes=tantse gees wat Du Toit in die skole wou skep,staats=dwang geïmpliseer. W. G. van der Schÿf beweer dan ook dat S. J. du Toit in sy onderwyswet een saak uit die oog verloor het en dit was dat die gees en rig=ting alleen deur die ouers bepaal kan word.

As die staat alleen die gees en rigting wil bepaal, kan skoolonderwys nie vorder nie omdat daar in elke land kultuurgroepe is wat nie saamgevoeg kan word nie.[13)]

Die Kaapse koerante het verwag dat S. J. du Toit Afrikaans as voertaal sou invoer. S. J. du Toit het hom egter van oorhaastige optrede weerhou en in sy onderwyswet die breë begrip "Nederduitsche Taal" gebruik. Onder hierdie woordgebruik kan ewe maklik ook Afrikaans verstaan word.[14)]

---

12) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 94.

13) VAN DER SCHŸF, op. cit., p. 131.

14) DU TOIT, MIONNE: Op. cit., p. 43.

In werklikheid was die spreektaal in die ZAR in daardie jare alreeds Afrikaans. MER, onderwyseres in Transvaal gedurende die vorige eeu, beweer Afrikaans was in Transvaal die "... werklike medium van onder=wys, en nie Nederlands wat in die boeke gestaan het nie, want dit was die taal waardeur alle verduide=liking geskied het, alle leiding gegee is,tussen ons en die leerlinge ...."[15]

Uit die korrespondensiestukke van onderwysers in die Ventersdorpse gebied blyk dit duidelik dat die ge=skrewe taal ook nie meer Nederlands was nie maar Afrikaans. Die hoofonderwyser van die goewerment=skool op Ventersdorp, I. D. Bosman, het in Augustus 1888 onder andere soos volg aan die Superintendent van Onderwys geskryf: "Geliewe ook op die volgende vraag te antwoord. Mag ik boeken van de kolonie invoer als ik geen profyt neem?"[16]

#### 4.1.3.2 Politieke groeperings

Die verskillende politieke sienswyses in Transvaal het hulle terdeë laat geld. Eerstens was daar 'n pro-Hollandse groep wat nie noodwendig anti-Engels was

---

15) MER (pseud. vir M. E. Rothmann): Herinne=ringe van ou Transvaal. *Standpunte*, dl. II, Augustus-September 1956, p. 5.

16) BOSMAN, I. D.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1888-08-24. *(OD 4/3:190)*.

nie, maar liberaal gesind ten opsigte van taal en godsdiens. 'n Tweede groep was die pro-Hollandse burgers met president S. J. P. Kruger en S. J. du Toit as leiersfigure. 'n Derde politieke groep was die Engelse en anti-Hollandse groep wat veral na die ontdekking van goud in Transvaal 'n steeds sterker aanhang verkry het.[17)]

Die liberale groep is in die Ventersdorp*distrik veral op die dorp aangetref. Hierdie groep was sterk verteenwoordig in die Ventersdorpse skoolkommissie, want die betrokke kommissie het smalend verwys na die voorgeskrewe tipe onderwys wat op die aflegging van geloofsbelydenis afstuur en berus op 'n blote "inpomp van kennis". Die Ventersdorpse skoolkommissie het goeie algemeen vormende onderwys vir hulle kinders verlang.[18)]

In breër perspektief gesien was die onderwysdoelstel= ling in die ZAR die grondslaglegging van 'n Chris= telik-nasionale lewensbeskouing en praktyk.[19)] Dit wil dus voorkom of die Ventersdorpse skoolkommissie nie bogenoemde doelstelling in alle opsigte nagestreef het nie.

---

17) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik ,1838-1955, p. 36.

18) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-11-03. *(OD 2/4:78)*.

19) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 88.

Die pro-Hollandse groep ("Doppers") was hoofsaaklik lidmate van die Gereformeerde Kerk wat hulle in die Ventersdorpse distrik in die omgewing van die Schoon=spruitvallei gevestig het. In die Schoonspruitvallei het die betrokke kerk met sy "Skema van Onderwijs" intekenare vir die "Vereeniging voor Gereformeerde Onderwijs" gewerf. Die Kerkraad kon hierna mee=deel dat voldoende intekenare gewerf is en dat daar in November 1883 'n skool opgerig sou word.[20]

Daar was ook Engelse en Engels-georiënteerdes op Ventersdorp. Volgens 'n naamlys met beroepe wat in *Transvaal Directory* gepubliseer is, was die meeste Engelsgeoriënteerdes handelaars.[21] Dit bevestig Geo. W. Hofmeyr se bewering dat die meeste Engelse in die handel belanggestel het en dat Engels die handelstaal van die meeste dorpe was.[22]

## 4.2 INDIVIDUELE SKOLE IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK, 1882-1891

### 4.2.1 Die Ventersdorpse goewermentskool

#### 4.2.1.1 Stigting en beheer

In artikel 2e van Wet no. 1 van 1882 spreek die rege=

---

20) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Potchef=stroom, 1883-09-15 en 1883-12-23.

21) JEPPE, F.: *Transvaal Directory*, 1889, p. 227. *(ZAR 187)*.

22) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 41.

ring die wenslikheid uit dat die verskillende gemeentes en kerkrade sover moontlik die inisiatief moes neem om skole te stig en skoolkommissies te laat kies.[23] Hierdie bepaling was egter in stryd met die gees van die wet, want in artikel 1 is dit as die uitgangspunt gestel dat dit die verantwoordelikheid van die ouers was om " ... te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen ...." [24]

Die ouers van Ventersdorp het in die praktyk min be=langstelling in die onderwys van hulle kinders getoon. Dit blyk onder andere uit die ernstige probleme wat ondervind is om die skool op Ventersdorp weer na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) te laat heropen. A. F. S. Röscher het by die Superintendent van Onder=wys op 'n "opwekkingsbrief" aangedring aangesien die ouers met blindheid geslaan was en nie van die geleent=hede wat die onderwyswet gebied het, gebruik gemaak het nie.[25]

Röscher het aanbeveel dat die vorige kommissie moes poog om die skool weer te laat heropen.[26] Dit kon nie bewerkstellig word nie en Röscher het toe die Dorpskomitee byeengeroep met die oog op die samestel=ling van 'n skoolkommissie.[27] Op die vergadering

---

23) Wet no. 1 van 1882, art. 2e.

24) Ibid., art. 1.

25) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-09-22. *(OD 2/1:201)*.

26) Loc. cit.

27) Loc. cit.

van die Dorpskomitee is die volgende skoolkommissie=lede van die te stigte goewermentskool op Ventersdorp verkies: M. E. Gey (voorsitter), A. F. S. Röscher (sekretaris), M. C. de Beer (ouderling van die Nederduitsch Hervormde Kerk), F. J. Swanepoel (diaken van die Nederduitse Gereformeerde Kerk), H. R. Lemmer en J. A. van Zyl.[28)]

A. F. S. Röscher het sorg gedra dat minstens twee kerke op die kommissie verteenwoordig was om sodoende in ooreenstemming met artikel 2e van die onderwyswet te handel. Dit was die taak van die verteenwoordigers van die genoemde kerke om vas te stel hoeveel kinders die skool sou besoek.[29)]

Dit is opmerklik dat die Gereformeerde Kerk nie in bogenoemde kommissie betrek is nie. Die meeste lid=mate van die betrokke kerk het egter op plase in die Schoonspruitvallei gewoon en hulle kinders het meren=deels die sogenaamde "buurtskole" (kerkskole) be=soek.[30)]

Die stigting van die skool op Ventersdorp het gedu=

---

28) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-09-30. *(OD 2/1:201)*.

29) Loc. cit.

30) COETZEE, J. C.: Die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom en die onderwys, 1863-1930, pp. 7-11.

rende 1885 plaasgevind.[31)]

4.2.1.2 Klaskamerakkommodasie

Volgens 'n brief van Röscher aan die Superintendent van Onderwys sou 'n stuk grond deur die Dorpskomitee vir die oprigting van 'n skoollokaal beskikbaar ge= stel word mits die toestemming van die inwoners van Ventersdorp verkry kon word.[32)]

Intussen is twee kommissielede, naamlik M. E. Gey en J. A. van Zyl, aangewys om met P. P. van der Merwe te onderhandel met die oog op die aankoop van 'n stuk grond met twee geboue daarop. Die een gebou kon as lokaal dien en die ander as onderwyserswoning.[33)] Die aankoop het egter misluk.[34)]

Die skoolkommissie het by die Superintendent van Onderwys aansoek gedoen om 'n R500,00 langtermynlening teen 'n lae rentekoers ten einde die oprigting van 'n skoolgebou moontlik te maak.[35)] 'n Lening van R200,00

---

31) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1886-02-26. *Verslag van den staat van het open= baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885,* p. 23.

32) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-12-16. *(OD 2/1:201).*

33) ANON.: Die algemene geskiedenis van die onderwys in die wordingsjare van Ventersdorp, p. 1.

34) Loc. cit.

35) Loc. cit.

teen 6 persent rente is aan die kommissie toege= staan.[36] 'n Skoolgebou is blykbaar op erwe gebou wat deur die Dorpskomitee geskenk is. In 1884 het die skool oor 'n doelmatige skoollokaal beskik.[37]

#### 4.2.1.3 Curriculum en skoolboeke

In die wykskole is Lees, Skrif, Rekene, Sang en die beginsels van die Nederlandse taal in die laer onder= wys onderrig. Die middelbare afdeling se curriculum het die volgende vakke ingesluit: Algemene en Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Tekene, Wiskunde, Boekhou, Musiek, Handwerk en waar dit verlang is, is ook Engels en Hoogduits aangebied.[38] Bybelgeskiedenis moes binne die skoolure behandel word.[39] Al hierdie vakke is nie deur die Ventersdorpse goewermentskool aange= bied nie. Hoogduits, Geskiedenis en Aardrykskunde is volgens die inspeksieverslag nie onderrig nie.[40]

Gedurende die tagtigerjare was skoolboeke skaars en dit wat wel beskikbaar was, was van Hollandse of

---

36) Ibid., p. 2.

37) GEY, M. E.: Brief aan C. I. Bodenstein, Voor= sitter van die Volksraad. Ventersdorp, 1884-07-28. *(EVR 234)*.

38) Wet no. 1 van 1882, art. 4.

39) Ibid., art. 2b.

40) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1886-02-26. *Verslag van den staat van het open= baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, pp. 23 - 24.

Engelse herkoms. Die Superintendent van Onderwys het die behoefte aan skoolboeke besef en derhalwe in 1884 by die Volksraad aanbeveel dat 'n honorarium aan moontlike skrywers van geskikte skoolboeke betaal moes word.[41)]

Ook op Ventersdorp is die gebrek aan geskikte hand= boeke gevoel. I. D. Bosman,die hoofonderwyser, het in 1885 die volgende versoek aan die Superintendent gerig: " Kan UEd. my niet een Hollandsch leesboek met spelling, voor klassen die den Bybel en het kleine Spel en Leesboek (ABC) kunnen lezen, aanbe= velen? My een exemplaar zonden om zelf te oor= deelen".[42)] By 'n ander geleentheid het dieselfde onderwyser gevra of hy maar boeke uit die Kaapkolonie kan bestel.[43)]

### 4.2.1.4 Onderwysersvoorsiening en onderwyspeil

Die sekretaris van die Ventersdorpse skoolkommissie, A. F. S. Röscher, het geweet aan watter eise 'n onder= wyser moes voldoen. Hy het self gedurende 1856 op Klerksdorp onderwys gegee en hy het ook in die Oranje-Vrystaat as onderwyser opgetree.[44)] Op Röscher se

---

41) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik,1838-1955, p. 39.

42) BOSMAN, I. D.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1885-10-27. *(OD 3/1:333).*

43) Ibid., 1885-08-24. *(OD 3/1:190).*

44) ANON.: The late Adriaan Frans Christiaan Röscher, p. 1.

aanbeveling het die Ventersdorpse skoolkommissie 'n onderwyser gesoek wat bevoeg moes wees om sy kennis aan die leerlinge oor te dra, in staat sou wees om in beide Nederlands en Engels onderwys te gee en wie onder geen omstandighede bloot papegaaiwerk sou doen nie.[45)]

Die Ventersdorpse skoolkommissie het dus hoë verwag= tings van hulle onderwyser gedurende die tagtiger= jare van die vorige eeu gekoester. Hulle benadering was verrassend modern. Tog het die skoolkommissie die besondere lands- en tydsomstandighede nie buite rekening gelaat nie, want hulle het nie "Grote geleerdheid" vir hulle kinders verwag nie, maar net dat hulle kinders meer moes leer as wat nodig was vir die aflegging van geloofsbelydenis.[46)]

I. D. Bosman was die eerste hoofonderwyser na die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881). Ds. C. W. du Toit het in 1887 inspeksie by die Ventersdorpse goe= wermentskool gedoen en het bevind dat die skool in sy geheel 'n goeie indruk gemaak het.[47)]

Die feit dat die inspeksie deur 'n predikant waarge= neem is, word verklaar deurdat die Superintendent van

---

45) ANON.: Die algemene geskiedenis van die onderwys in die wordingsjare van Ventersdorp, p. 1.

46) Ibid., p. 2.

47) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1887-06-09. *Bijvoegsel tot de Staatscourant der Z. A. Republiek*, 1888-06-13, p. 2.

Onderwys in daardie jare kragtens artikel 14 van Wet no. 1 van 1882 van die dienste van predikante gebruik gemaak het om inspeksies waar te neem.[48] Die Super=intendent kon vanweë drukke werksaamhede, asook die vinnige vermeerdering van wykskole, onbegaanbare weë en vol riviere, moeilik alle wykskole persoonlik ge=reeld besoek.[49]

I. D. Bosman is as hoofonderwyser deur die bekwame P. E. de Villiers opgevolg. De Villiers het in 1890 op aanbeveling van inspekteur C. G. de Jonge 'n sertifikaat van verdienste ontvang.[50] C. G. de Jonge was een van die drie inspekteurs van onderwys wat in 1888-1889 aangestel is om die Superintendent behulpsaam te wees met inspeksiewerk en om strenger professionele toesig oor die skole te hou.[51]

Inspekteur C. G. de Jonge het in 1890 die onderwys=peil by die Ventersdorpse goewermentskool bevredigend gevind. Baie kinders het op leie geskryf vanweë die groot tekort aan skrifte en dit het die onderwyser se taak bemoeilik. P. E. de Villiers is deur mej. H. H. de Villiers, die hulponderwyseres, bygestaan.[52]

---

48) FROWEIN, C. R.: Schooltoezicht. (*In* VVOOZA: Gedenkboek, 1893-1918, p. 128).

49) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 90.

50) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1890-08-22. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar, 1890,* pp. 11 - 12.

51) FROWEIN, C. R.: Schooltoezicht. (*In* VVOOZA, op. cit., p. 130).

52) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1890-08-22. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z.A. Republiek over het dienstjaar, 1890,* p. 11.

### 4.2.1.5 Inskrywing en skoolbywoning

Baie kinders van Ventersdorp het aanvanklik op Potchef= stroom, Klerksdorp en Pretoria skoolgegaan omdat Ventersdorp nie oor 'n goeie onderwyser beskik het nie. Die skoolkommissie het derhalwe in 1882 'n dringende versoek aan die Superintendent van Onderwys gerig om so gou moontlik die skool van 'n goeie onderwyser te voorsien.[53)]

In 1886 was daar in die Ventersdorpse goewermentskool 28 leerlinge wat in drie klasse verdeel was.[54)] Die leerlingtal het na 41 in 1887 vermeerder.[55)] Dit kan aanvaar word dat die vermeerdering van die leerling= tal deels toegeskryf kan word aan die ontdekking van goud wat sodoende meer uitlanders na Ventersdorp ge= lok het.

Die leerlingtal het konstant gestyg tot 70 in 1890. Tydens die inspeksie was 11 leerlinge in die benede standerds, 13 in st. 1, 23 in st. 2, 9 in st. 3 en 8

---

53) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-11-03. *(OD 214:78)*.

54) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1886-08-22. *Verslag van den staat van het open= baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 23.

55) COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Potchefstroom, 1838-1938, pp. 201 -202).

in st. 4. Ses leerlinge was weens siekte afwesig.[56)]

### 4.2.2 Klipplaatsdriftse skool

#### 4.2.2.1 Stigting van die skool te Klipplaatsdrift

Dit kan nie met sekerheid vasgestel word wanneer die skool op Klipplaatsdrift gestig is nie. In 'n skrywe aan die Departement van Onderwys op 3 November 1882 het A. F. S. Röscher melding gemaak van 'n skool te Klipplaatsdrift.[57)] In die Superintendent se jaar=verslag vir die jaar 1882 word daar vir die eerste keer van die skool melding gemaak.[58)]

Presies wanneer in 1882 die skool tot stand gekom het kon nie vasgestel word nie. Die bronne verskil ook wat die naam van die skool betref, sommige verwys na Klipplaatdrift en ander weer na Klipplaatsdrift.

#### 4.2.2.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

Volgens 'n bylae tot die skooljoernaal was S. 't Hart

---

56) Inspeksieverslag van die skool te Ventersdorp, 1890-08-22. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1890*, p. 11.

57) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Supterintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1882-11-03. *(OD 2/4:78)*.

58) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs. over het dienstjaar 1885. *Bijvoegsel tot de Staats=courant der Z. A. Republiek*, 1886-05-19, p. 2.

die eerste hoofonderwyser van die skool op Klipplaats=drift.[59] Gedurende 1885 het 'n sekere mej. Tait op Klipplaatsdrift onderwys gegee. A. F. S. Röscher het namens haar met die Departement van Onderwys gekorrespondeer. Op 8 Junie 1885 het hy onder andere soos volg geskrywe: "De brief van April insluitende cheque voor Meesteresse Tait van Klipplaatsdrift is gevonden op P.K. Potchefstroom; door dien dat het slechts gericht was naar Schoon Spruit en niet Venters=dorp".[60] Die feit dat die onderwyseres gebruik moes maak van iemand anders om as haar gevolmagtigde op te tree, regverdig die afleiding dat haar bekwaamheid bevraagteken kan word.

Die inspeksieverslag van 25 Februarie 1886 het oor W. H. 't Hart as hoofonderwyser gehandel.[61] Gedu=rende 1889 tot 1891 het W. A. Venter as onderwyser opgetree.[62]

Volgens Röscher was die onderwyspeil by die Klipplaats=driftse skool in 1882 baie laag.[63] In die inspek=sieverslag van 1886 is egter weer melding gemaak van die goeie werk wat gelewer is. Die enigste kritiek

---

59) Bylae tot die skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift, s.j.

60) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1885-06-08. *(OD 3/1:194)*.

61) Inspeksieverslag van die skool te Klipplaatsdrift, 1886-02-25. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 22.

62) Bylae tot die skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift, s.j.

63) ANON.: Die algemene geskiedenis van die onderwys in die wordingsjare van Ventersdorp, p. 3.

was dat "Hardop-leren" nog in gebruik was.[64]

### 4.2.2.3 Skoollokaal en leerlingtal

Die eerste skoollokaal van die skool te Klipplaats=drift is onderkant die watervoor naby die woning van ene G. du Plessis opgerig. Later is daar deur die ouers op dieselfde plek 'n tweede skoolgebou sonder enige staatsteun gebou.[65]

Toe die skool in 1883 inspeksie ontvang het was daar 22 leerlinge op die register.[66] In 1886 het 19 leer=linge wat in twee klasse verdeel was op Klipplaats=drift skoolgegaan.[67] Die aantal leerlinge het vermeerder tot 34 in 1890.[68]

---

64) Inspeksieverslag van die skool te Klipplaatsdrift, 1886-02-25. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z.A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 22.

65) Bylae tot die skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift, s.j.

66) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs over het dienstjaar 1882. *Staatscourant der Z. A. Republiek*, 1883-05-03, p. 214.

67) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs over het dienstjaar 1886. *Bijvoegsel tot de staatscourant der Z. A. Republiek*, 1886-05-19, p. 2.

68) Inspeksieverslag van die skool te Klipplaatsdrift, 1890-08-23. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1890*, p. 12.

### 4.2.3 Die skool te Elandskuil-Oos

#### 4.2.3.1 Stigting

Die skool is waarskynlik in 1881 as privaatskool (kerkskool) opgerig.[69] Op 31 Oktober 1884 was dit nog 'n "buurtskool" van die Gereformeerde Kerk.[70] Die jaarverslag van die Superintendent vir die diens=jaar 1885 maak melding van die bestaan van hierdie skool.[71] W. A. S. Nel beweer dat daar sedert 1885 geen "buurtskole" meer in die Ventersdorpse distrik bestaan het nie.[72]

Dit blyk uit die voorafgaande paragraaf dat die skool op Elandskuil-Oos gedurende 1884 of die begin van 1885 'n goewermentskool geword het.

---

69) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands=kuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Op. cit., p. 36).

70) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Potchef=stroom, 1884-10-31.

71) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885. *Bijvoegsel tot de staatscourant der Z. A. Repub=liek*, 1885-05-19, p. 2.

72) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands=kuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Op. cit., p. 37).

### 4.2.3.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

M. J. Raath, 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk, het in 1883 van die Gereformeerde Kerkraad Potchef= stroom 'n bewys van lidmaatskap en 'n verklaring van goeie gedrag ontvang om as onderwyser opgelei te word.[73] Hy was dan ook in 1885 die eerste hoof= onderwyser van die goewermentskool te Elandskuil-Oos.[74]

Raath is deur K. Jooste, vader van die latere prof. J. P. Jooste van Potchefstroom, opgevolg. J. Bredell, later van Vyfhoek Potchefstroom, was die volgende hoofonderwyser.[75]

Op 25 Februarie 1886 het Elandskuil-Oos inspeksie ontvang. Volgens hierdie inspeksieverslag was die onderrig in Lees, Sang, Skrif, Rekene, Engels en Bybelgeskiedenis goed. Besonder netjiese werk is ge= lewer. Net ses leerlinge het in Engels onderrig ontvang.[76]

---

73) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Potchefstroom, 1883-09-15.

74) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van die onder= wys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 37).

75) Loc. cit.

76) Inspeksieverslag van die skool te Elandskuil, 1886-02-25. *Verslag van den staat van het open= baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 23.

#### 4.2.3.3 Skoollokaal en toerusting

Die eerste skoolgebou was van klei met 'n rietdak en is met behulp van die finansiële bydraes van die ouers opgerig.[77] In 1886 het die skool volgens die inspeksieverslag oor 'n doelmatige skoollokaal en toereikende meubels beskik. Daar was 'n skryf=bord beskikbaar maar nog geen tydtafel nie.[78]

#### 4.2.3.4 Leerlingtal en handboeke

Die Bezuidenhouts, Van den Heevers, Labuschagnes, Yssels, Van Vuurens en Booyense het op Elandskuil-Oos skoolgegaan.[79] Volgens die inspeksieverslag van 1886 was daar 30 ingeskrewe leerlinge. Slegs twee leerlinge was gedurende die inspeksie afwesig.[80]

---

77) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van die onder=wys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 37).

78) Inspeksieverslag van die skool te Elandskuil, 1886-02-25. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 23.

79) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 37).

80) Inspeksieverslag van die skool te Elandskuil, 1886-02-25. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 23.

Die volgende skoolboeke was by die skool in gebruik. Die Kinderbybel, Bybel, Volksleesboek en "Royal Reader II".[81]

### 4.2.4 Die skool op Palmietfontein

#### 4.2.4.1 Stigting en huishoudelike bepalings

Die Palmietfonteinse skool is net na die Eerste Vry=heidsoorlog in 1882 gestig.[82] Die huishoudelike reglement en die eerste skoolverslae is op 2 Oktober 1882 aan die Departement van Onderwys gestuur. Die hoofonderwyser, J. Wilkens, het die Superintendent van Onderwys versoek om indien daar onreëlmatighede in die betrokke stukke sou voorkom, die kommissie daarmee behulpsaam te wees.[83]

Die genoemde huishoudelike reglement wat deur H. J. Visser en M. Rÿkaart onderteken is, bevat nege arti=kels en sou op 1 Julie 1882 in werking tree. Alle belanghebbendes moes hulle aan die bepalings onder=werp. Op 'n jaarlikse ouervergadering kon, indien nodig, wysigings aan die reglement aangebring word.[84]

---

81) Loc. cit.

82) WILKENS, J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Palmietfontein, 1882-10-02. *(OD 2/1:201)*.

83) Loc. cit.

84) Huishoudelijke wet voor de wijkschool op de plaats Palmietfontein wijk Schoon Spruit district, Pot=chefstroom, 1882-08-01. *(OD 2/1:201)*.

Kragtens die reglement kon 'n ouer een kind vir elke aandeel van R9,00 in die skool plaas. 'n Aandeel=houer was nie verplig om elke kwartaal dieselfde kind skool toe te stuur nie. 'n Verdere bepaling het soos volg gelui: "Van elke Aandeel boven de 20 zal de onderwijser £2-5-0d in de schoolkas storten, tot instandhouding der School".[85)]

4.2.4.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

J. Wilkens is in 1882 as hoofonderwyser aangestel. In 'n skrywe in 1882 aan die Superintendent van Onder=wys het Wilkens sy persoonlike dank en waardering uit=gespreek vir sy benoeming as onderwyser "in deze staat".[86)] Uit die sinsnede "in deze staat" kan die afleiding gemaak word dat Wilkens 'n Hollander=onderwyser was. Tydens 'n huldigingsfees in 1906 is na die Wilkensfamilie verwys as Hollanders wat hulle volkome met hulle nuwe omgewing vereenselwig het.[87)]

J. Wilkens het 'n leidende rol in die Palmietfonteinse omgewing gespeel. Hy was blykbaar ook 'n bekwame onderwyser. Die volgende opmerking is oor sy bevoegd=heid as onderwyser in die inspeksieverslag van 1885

85) Loc. cit.

86) WILKENS, J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Palmietfontein, 1882-10-02. *(OD 2/4:201)*.

87) Koerantberig in die Palmietfonteinse skool=joernaal, s.j.

gemaak: "De onderwijzer geeft zich blijkbaar veel moeite voor zijne school en de ouders zijn zeer tevreden".[88)]

Gedurende 1890 het J. Wilkens steeds as hoofonder= wyser van die Palmietfonteinse skool opgetree. Die inspeksieverslag is soos volg afgesluit: "De onderwijzer schijnt een degelijk, ijverig man en wordt aanbevolen voor het certificaat van den tweeden rang".[89)]

#### 4.2.4.3 Skoollokaal en toerusting

Onmiddellik na die totstandkoming van die skool in 1882 is daar met die bou van 'n skoollokaal begin. Die boumateriaal is vanaf Kimberley verkry. In Sep= tember 1882 het J. Wilkens aan die Superintendent van Onderwys verslag gedoen van die vordering wat gemaak is met die bou van die skoollokaal.[90)] Volgens die inspeksieverslag van 1886 was die skool=

---

88) Soos aangehaal deur COETZEE, J. C.: Die geskiede= nis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Potchefstroom, 1838-1938, p. 198).

89) Inspeksieverslag van die skool te Palmietfontein. 1890-08-26. Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys in die Z. A. Republiek, 1883-1893. *(ZAR 120)*.

90) WILKENS, J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Palmietfontein, 1882-09-30. *(OD 2/4:65)*.

gebou doelmatig.[91]

#### 4.2.4.4 Leerlingtal en skoolbywoning

Tydens die inspeksie van 1886 was daar 27 kinders in die skool. Twee leerlinge was afwesig tydens die inspeksie. Die leerlinge was in vier klasse ver=deel.[92] By 'n volgende inspeksie op 6 Desember 1887 het die leerlingtal na 38 vermeerder. Gedurende die inspeksie was geen leerling afwesig nie.[93] Die vermeerdering in leerlingtal het voortgeduur en in 1890 was daar 43 ingeskrewe leerlinge. Gedurende die inspeksie was agt leerlinge afwesig vanweë siekte en sommige het tydelik vertrek.[94]

### 4.2.5 Blesbokfonteinse skool

Daar word in die jaarverslag van die Superintendent van Onderwys vir die diensjaar 1887 vir die eerste

---

91) Inspeksieverslag van die skool te Palmietfontein, 1886-02-24. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1885*, p. 22.

92) Loc. cit.

93) Inspeksieverslag van die skool te Palmietfontein, 1887-12-06. *Verslag van den staat van het open=baar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1886*, p. 22.

94) Inspeksieverslag van die skool te Palmietfontein. 1890-08-26. Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys in die Z. A. Republiek, 1883-1898. *(ZAR 120)*.

keer van hierdie skool melding gemaak.[95] Die naam van die skool word nie verder gedurende die Du Toit-Stiemens-tydvak in inspeksieverslae vermeld nie. Dit wil dus voorkom of die skool 'n kortstondige bestaan gehad het.

Die onderwyser, P. B. B. Schutte, het bevredigende werk gelewer. Vakke soos Aardrykskunde, Spraakkuns en Woordontleding is nie by die skool onderrig nie. By die skool was daar geen skryfbord en geen land=kaarte nie, terwyl die lokaal en meubels heeltemal ondoeltreffend was.[96]

Gedurende die inspeksie was daar 24 leerlinge op die register. Die leerlinge was in twee klasse inge=deel.[97]

### 4.2.6 Die skool op Bovenste-Oog

Die skool het in 1891 reeds bestaan, maar die Super=intendent van Onderwys was nie van die bestaan daar=van bewus nie. Die onderwyser, W. A. Coetzee, het die voorsitter van die skoolkommissie onder die wan=indruk gebring dat hy 'n goewermentsonderwyser was

---

95) Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienstjaar 1887. *Bijvoegsel tot de staatscourant der Z. A. Repu=bliek*, 1888-06-13, p. 3.

96) Inspeksieverslag van die skool te Blesbokfontein, 1887-06-07. *Bijvoegsel tot de staatscourant der Z. A. Republiek*, 1888-06-13, p. 3.

97) Loc. cit.

en dat hy welbekend was by die Departement van Onder=wys.[98]

Nadat die oneerlikheid van die onderwyser bekend ge=word het, het die voorsitter van die skoolkommissie, J. J. Grobbelaar, soos volg aan die Superintendent van Onderwys geskryf: "De tijd van de Onderwijzer zijn verstreken, de School zal de een en dertigste dezer geëxameneerd worden en dan gesloten worden".[99]

### 4.2.7 Die Strydfonteinse skool

Daar was in 1890 'n gesubsidieerde skool op Stryd=fontein. Inspekteur C. G. de Jonge het die skool in die betrokke jaar besoek en inspeksie by die onder=wyseres, M. M. Malan, gedoen. Daar was toe 16 leer=linge in die skool.[100]

Die skool te Strydfontein het op 3 April 1891 perma=nent gesluit. In 'n brief gedateer 4 Mei 1891 het die onderwyseres gevra of sy die skoolrekening vanaf 1 April 1891 vir die kwartaal kon uitmaak en die "tusschen tyd als vacantie dagen rekenen kan".[101]

---

98) GROBBELAAR, J. J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Mooirivier, Bovenste-Oog, 1891-07-22. *(OD 9/3:69)*.

99) Loc. cit.

100) Inspeksieverslag van die skool te Strydfontein, 1890-08-25. Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys in die Z. A. Republiek, 1883-1898. *(ZAR 120)*.

101) MALAN, M. M.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1891-05-04. *(OD 9/1:352)*.

### 4.2.8 Buffelsvleise skool

Daar word vir die eerste keer in 1890 van hierdie skool melding gemaak. In die betrokke jaar het inspekteur C. G. de Jonge by die skool inspeksie ge= hou. F. J. Alleman het as onderwyser opgetree.[102)]

Volgens die inspeksieverslag was daar 22 ingeskrewe leerlinge waarvan 4 afwesig was omdat hulle ouers hulle op die plaas nodig gehad het. Daar was 15 leerlinge in st. 1. Daar was geen skryfbord of tyd= tafel by die skool nie. Engels sou nog in die toekoms onderrig word.[103)]

### 4.2.9 Kafferskraalse skool

In 'n skrywe van 14 Januarie 1891 het die skoolkom= missie aan die Superintendent van Onderwys kennis ge= gee dat hulle op die genoemde datum 'n skool te Kaffers= kraal geopen het.[104)] Die volgende persone het op die skoolkommissie gedien: C. J. Botha (voorsitter), C. J. Lubbe, T. F. Breed en F. J. S. Botha. S. B. E.

---

102) Inspeksieverslag van die skool te Buffelsvlei, 1890-08-25. Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys in die Z. A. Republiek, 1883-1898. *(ZAR 120)*.

103) Loc. cit.

104) BOTHA, C. J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Kafferskraal, Boven Schoonspruit, 1891-01-14. *(OD 8/3:193)*.

Mayer, die onderwyser, het as skriba opgetree.[105]

In die huishoudelike reglement is die volgende bepalings neergelê, naamlik dat die skoolgeld vir leerlinge onder tien jaar R0,7c en bo tien jaar R1,50 per kwartaal sou bedra. Alle feesdae soos deur die onderwyswet voorgeskryf, alle Saterdae en Sondae, asook die periode vanaf 15 Desember tot 16 Januarie sou as vakansiedae geld. Daar is voorsiening vir laer- en middelbare onderwys gemaak en Hollands sou die voertaal in die skool wees.[106]

## 4.3 EVALUERING

Barnard *en* Coetsee verklaar dat S. J. du Toit se beleid om Christelik-nasionale skole met Hollands as voertaal te stig onmiddellik by die Afrikaner aanklank gevind het omdat dit met die volksaard, tradisies en behoeftes van die Boere rekening gehou het.[107]

Primêre onderwys het voorrang geniet. Burgers se stelsel van subsidie-per-onderwyser is met S. J. du Toit se toelaag-per-kind vervang. Ouermedeseggenskap

---

105) Die Huishoudelijke bepalingen van de wyk School te Kaffers Kraal wyk booven Schoonspruit Destrikt Potchefstroom. *(OD 8/3:195)*.

106) Loc. cit.

107) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 95.

is deur die wetgewing erken en dit het plaaslike be=
langstelling verhoog.[108)]

Die onderwysontwikkeling in die Ventersdorpse distrik met sy tipies plattelandse karakter was dus in ooreen=stemming met die voorgaande uitsprake. Gedurende die Du Toit-Stiemens-periode is agt wykskole in die Ventersdorpse gebied gestig. Hierdie ontwikkeling vergelyk gunstig met die onderwysontwikkeling in die res van die ZAR in daardie jare. In die Potchef=stroomse distrik, waarvan die Ventersdorpse gebied in daardie jare deel was, het die wykskole gedurende die tydperk 1882-1891 vanaf 6 tot 49 vermeerder.[109)]

Die jaar 1892 het vir die onderwys in die ZAR en die Ventersdorpse gebied belangrike veranderinge mee=gebring toe 'n nuwe Superintendent van Onderwys aange=stel is en verdere Onderwyswetgewing die lig gesien het.

---

108) Loc. cit.

109) COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onder=wys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.*: Potchefstroom, 1838-1939, pp. 190; 210).

# 5. OPVOEDING EN ONDERWYS IN VENTERSDORP GEDURENDE DIE LAASTE DEKADE VAN DIE VORIGE EEU 1891 - 1899

## 5.1 INLEIDING

### 5.1.1 'n Nuwe Superintendent van Onderwys

Prof. N. Mansvelt, die laaste Superintendent van Onderwys van die ZAR, het op 1 Oktober 1891 diens aanvaar.[1]

Die nuwe Superintendent van Onderwys was van die Kaapkolonie afkomstig. As sekretaris van die Zuid-Afrikaansche Taalbond en professor in Neder= lands aan die Victoria-kollege het hy hom vir die bevordering van Nederlands beywer.[2] As Superinten= dent van Onderwys het hy dan ook sterk op Nederlands as voertaal in die skole aangedring.[3]

Alhoewel Mansvelt 'n sterk voorstander van Neder= lands was, het hy tog in die Afrikaner 'n afsonder= like volk met 'n eie taal gesien. Eenmaal in die

---

1) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu= ering van die onderwys van die Transvaalse plaas= skool, 1838-1967, p. 225.

2) LUGTENBURG, op. cit., p. 174.

3) Ibid., p. 186.

Transvaal het hy egter van hierdie standpunt afge= sien toe hy tot die besef gekom het dat daar in die praktyk nie veel met Afrikaans vermag kon word nie. Daarna het hy selfs Afrikaans met minagting bejeën.[4)]

Ook wat die relatiewe belangrikheid van Engels in die opvoeding betref, het hy van standpunt verander onder invloed van die " ... Hollander coterie with which he had surrounded himself at Pretoria". Hy het spoedig heeltemal onsimpatiek teenoor die onderrig van Engels gestaan.[5)]

Mansvelt het hom met groot ywer en kragdadige inspan= ning aan sy nuwe taak as Superintendent van Onderwys gewy. Hy wou die onderwys op 'n stelselmatige wyse organiseer, kontroleer en finansier.[6)] Om met die plattelandse onderwystoestande vertroud te raak, het hy tydens sy binnelandse reise verskeie wykskole be= soek.[7)] Dit kan met sekerheid beweer word, dat hy nie die skole in die Ventersdorpse distrik besoek het nie, want nêrens in die talle korrespondensie= stukke wat oor die Ventersdorpse gebied handel, word melding van sodanige besoek gemaak nie.

---

4) Loc. cit.

5) MALHERBE, E. G.: Education in South Africa, 1652 - 1922, p. 274.

6) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838- 1937, p. 58.

7) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu= ering van die onderwys van die Transvaalse plaas= skool ,1838-1967, p. 226.

### 5.1.2 Onderwyswetgewings

Ten spyte van al die voortreflike reëlings wat in Wet no. 1 van 1882 vervat is, was daar nog baie ruimte vir verbetering. Die regering het aan Mansvelt opdrag gegee om 'n nuwe onderwyswet op te stel.[8)]

Die Superintendent het onmiddellik daartoe oorgegaan om 'n nuwe wet op te stel en in Junie 1892 is die Mansveltonderwyswet, naamlik Wet no. 8 van 1892, deur die Volksraad goedgekeur. Die Mansveltwet het geen nuwe onderwysbeginsels bevat nie, trouens dit het dieselfde grondgedagtes insake beheer, godsdiens=onderrig en die voertaalkwessie as die Du Toitwetge=wing van 1892 bevat. Die groot bydrae van die Mans=veltwet was dat dit die nodige reglementering vir die uitvoering van die CNO-beginsel daargestel het.[9)] Die 1892-wet was vollediger as Wet no. 1 van 1882 en dit het die leemtes van die Du Toitwet uitgeskakel. Wet no. 8 van 1892 was hoofsaaklik op die beginsel van privaat inisiatief en staatsondersteuning ge=grond.[10)]

Wet no. 8 van 1893 het die 1892-wet gewysig ten opsig=te van enkele sake wat in die onderwyspraktyk nood=

---

8) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, p. 58.

9) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 293).

10) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 98.

saaklik was.[11] Deur middel van Wet no. 14 van 1896 is sekere wysigings aan Wet no. 8 van 1892 aan=gebring. Wet no. 14 van 1896 het oor die reistoe=lae vir onderwysers uit die buiteland gehandel (art. 1),asook oor wysigings wat aangebring is ten opsigte van die toestaan van subsidies en hulpfondse (artt. 2-12).[12] Wet no. 15 van 1896 het wysigings met betrekking tot onderwys op die goudvelde bevat.[13]

## 5.2 DIE ALGEMENE ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK

### 5.2.1 Beheer oor die onderwys

Wet no. 8 van 1893 het bepaal dat alle wykskool=kommissies uit minstens drie lede moes bestaan. Die skoolkommissies moes in oorleg met een of meer kerk=raadslede en die vrederegter of veldkornet verkies word.[14]

Volgens art. 2(b) van wet no. 8 van 1893 was die vol=gende manspersone stemgeregtig: Vaders wat 'n kind of kinders in die skool gehad het vir 'n tydperk van drie maande wat die verkiesing vooraf gegaan het. Vaders wat hulleself skriftelik verbind het om 'n kind of kinders in die betrokke skool te plaas vir

---

11) LUGTENBURG, op. cit., p. 189.
12) Wet no. 14 van 1896, artt. 1 - 12.
13) Wet no. 15 van 1896, artt. 1 - 5.
14) Wet no. 8 van 1893, art. 2.

'n tydperk van minstens drie maande na die verkiesing. Alle manspersone wat 'n bydrae tot die skoolfonds gemaak het tot bevrediging van die stemgeregtigdes van die betrokke skool.[15)]

Gedurende 1895 het daar met die verkiesing van die Ventersdorpse skoolkommissie onenigheid ontstaan. Die skoolkommissieverkiesing is op 15 September 1895 gehou en die volgende persone is met 'n volstrekte meerderheid verkies: Ds. D. J. Kriel, F. Aenmey, H. Bosman, H. Visser en A. Röscher (jnr).[16)]

Die onmin het ontstaan toe A. Röscher (snr) deur die Onderwysdepartement as wettig verkose verklaar is. Ds. D. J. Kriel het daarteen beswaar aangeteken om= dat Röscher nie met 'n volstrekte meerderheid verkies is nie. Onder 'n volstrekte meerderheid het ds. D. J. Kriel die helfte plus een van die uitgebragte stemme verstaan. Die betrokke predikant het homself ook nie as wettig verkose beskou nie omdat L. H. Brandt wat geen kind in die skool gehad het nie en hom ook nie daartoe verbind het nie, aan die verkiesing deelgeneem het.[17)]

A. Röscher (snr) het by die Departement van Onderwys be= swaar teen die optrede van die genoemde predikant aan= geteken. Volgens Röscher het ds. D. J. Kriel die

---

15) Ibid., art. 2.

16) KRIEL, D. J.: Brief aan J. Bergmans. Venters= dorp, 1895-10-25. *(OD 25/2:95)*.

17) Ibid., 1895-10-19. *(OD 25/2:85)*.

vergadering woedend verlaat nadat hy homself eers van alles wat gebeur het gedistansieer het. Röscher het ds. D. J. Kriel van onkonstitusionele optrede be= skuldig omdat hy eers die kommissie moes konstitueer en daarna kon bedank het.[18)]

Op grond van die teenstrydige gegewens het die De= partement van Onderwys by die vrederegter, Gey van Pittius,[19)] en die omstrede persoonlikheid, L. H. Brandt, navraag gedoen oor wat presies gebeur het.[20)] Daarna het die Superintendent van Onderwys beslis dat L. H. Brandt wel stemgeregtig was.[21)]

Die probleem was egter nog nie opgelos nie. Na ver= dere korrespondensie is daar op 'n nuwe verkiesing van die skoolkommissie besluit. Die verkiesing het op 23 November 1895 plaasgevind en die volgende persone is verkies: D. J. Kriel (14 stemme), A. Röscher (snr) (12 stemme), H. S. Bosman (10 stemme), F. Aenmey (9 stemme) en M. E. Gey (6 stemme). Die vergadering het vooraf besluit om volgens meerderheid

---

18) Röscher, A.: Brief aan die Sekretaris, De= partement van Onderwys. Ventersdorp, 1895-10-28. *(OD 25/2:98)*.

19) BERGMANS, J.: Brief aan Gey van Pittius. Preto= ria, 1895-10-22. *(OD 23/5:196)*.

20) BERGMANS, J.: Brief aan L. H. Brandt. Pretoria, 1895-10-22. *(OD 23/5:195)*.

21) BERGMANS, J.: Brief aan Gey van Pittius. Pretoria, s.d. *(OD 23/5:385)*.

van stemme te verkies en nie volgens die beginsel van 'n volstrekte meerderheid nie. D. J. Kriel en H. S. Bosman het op die vergadering as kommissielede bedank en in hulle plekke is C. A. Weber en H. Visser verkies.[22]

Kragtens Wet no. 8 van 1892 kon geen onderwyser op 'n skoolkommissie dien nie, maar waar dit nodig was, kon hy as sekretaris van die kommissie optree.[23] Die reëling moes waarskynlik getref word omdat die geleerdheidspeil van die kommissielede nie altyd sodanig was dat een as sekretaris kon optree nie.

In verskeie skole in die Ventersdorpse distrik is onderwysers as sekretarisse van skoolkommissies gebruik. Op Buffelsvlei was M. C. Rÿkaart sekretaris[24] en op Palmietfontein het J. Wilkens as sodanig opgetree.[25] D. P. Liebenberg, onderwyser op Sterkstroom, het dit baie duidelik aan die Onderwysdepartement gestel dat hy as sekretaris optree sonder om lid van die skoolkommissie te wees.[26]

---

22) KRIEL, D. J.: Brief aan J. Bergmans. Ventersdorp, 1895-11-26. *(OD 25/2:105)*.

23) Wet no. 8 van 1892, art. 13.

24) RŸKAART, M. C.: Brief aan J. Bergmans. Buffelsvlei, 1895-06-29. *(OD 22/3:25)*.

25) WILKENS, J.: Brief aan die Departement van Onderwys. Palmietfontein, 1896-11-19. *(OD 40/3:182)*.

26) LIEBENBERG, D. P.: Brief aan J. Bergmans. Sterkstroom, 1895-05-13. *(OD 21/1:232)*.

Die pligte van die plaaslike skoolkommissies is deur die Mansveltwet (artt. 14-15) omskryf. Die skool=kommissies moes sorg vir 'n skoollokaal en meubels en moes ook die aanstelling van die onderwysers be=hartig. Subsidies sou alleen betaal word as die onderwyser, skoollokaal, meubels en toebehore deur die Departement van Onderwys goedgekeur is. Die skoolkommissies moes toesien dat alle gelde ten be=hoewe van die onderwys aangewend word en hulle moes driemaandeliks, op 'n kwartaalstaat deur twee kommis=sielede onderteken, verslag doen.27)

By die Ventersdorpse skoolkommissie was dit nog steeds die gebruik om benewens voorgaande verplig=tinge, maandeliks by elke vergadering een of meer lede af te vaardig om die skool gedurende die daaropvol=gende maand te besoek en hulle bevindinge by 'n vol=gende kommissievergadering bekend te maak.28)

Daar kon geen gevalle in die Ventersdorpse distrik gevind word waar skoolkommissies hulle aan pligsver=suim skuldig gemaak het nie. Die skoolkommissies het blykbaar hulle taak ernstig opgeneem.

### 5.2.2 Personeelvoorsiening en die bevoegdheid van die onderwysers

In die jaarverslag van 1891 het Mansvelt sy kommer

27) Wet no. 8 van 1892, artt. 14, 15, 20, 21 en 22.

28) RÖSCHER, A.: Brief aan die Sekretaris van Onder=wys. Ventersdorp, 1896-08-12. *(OD 30/1:343)*.

uitgespreek oor die groot aantal onopgeleide en onbe=voegde onderwysers wat weens die ernstige tekort aan onderwysers gebruik moes word.[29] Artikel 29 van Wet no. 8 van 1892 het bepaal dat die onderwyser wat aan 'n dorpskool verbonde was in besit van 'n onder=wyssertifikaat moes wees.[30]

Die onderwysers in die ZAR het hoofsaaklik uit Nederland en die Kaapkolonie gekom en hierdie twee groepe onderwysers het moeilik met mekaar oor die weg gekom. Die publiek (ouers) het soms ook 'n anti=patie jeens die Hollanderonderwyser openbaar.[31]

In die Ventersdorpse distrik is daar 'n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers ondervind. Die Super=intendent van Onderwys was vanweë die tekort verplig om C. J. Pienaar van die dorpskool op Ventersdorp voorlopig vrystelling te verleen van artikel 29 wat vereis het dat alleen onderwysers met 'n onderwys=sertifikaat op 'n dorpskool kon skoolhou.[32]

Die skoolkommissie van die goewermentskool op Ven=tersdorp het hoë waarde aan 'n goed opgeleide en

---

29) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., pp. 112-113.

30) Wet no. 8 van 1892, art. 29.

31) DÖNGES, T. A. *en* BONSMA, K.: Het lager onder=wijs onder de ZAR. (*In* VVOOZA, op. cit., pp. 72 - 73).

32) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan C. E. Pienaar. Pretoria, 1895-12-09. *(OD 23/6:17)*.

bekwame onderwyser geheg. Die skoolkommissie het voor die aanstelling van J. Ross byvoorbeeld by die Departement van Onderwys navraag gedoen of die betrok= ke onderwyser in staat sou wees om die skool " ... op te beuren dat zoo verachterd is?". Hulle wou weet of Ross 'n skool met tagtig leerlinge sou kon hanteer.[33]

Die Ventersdorpse skoolkommissie het blykbaar min vertroue in Hollanderonderwysers gehad. By geleent= heid was hulle slegs bereid om 'n Hollander aan te stel mits hy 'n godsdienstige persoon was.[34] Die kommissie is na die verklaring van die Superintendent in die Volksraad verwys, naamlik dat net onderwysers van Christelike skole uit Holland in die skole van die ZAR aangestel sou word.[35]

In die Ventersdorpse distrik is daar van kwekeling= onderwysers(esse) gebruik gemaak. Volgens die Mans= veltwet (art. 36) kon van een kwekeling gebruik gemaak word as die aantal kinders by 'n betrokke skool min= der as 46 was en van twee kwekelinge of 'n assistent= onderwyser as daar meer as 45 maar minder as 60 leer= linge was.[36]

---

33) RÖSCHER, A.: Brief aan die Sekretaris van Onder= wys. Ventersdorp, 1896-05-30. *(OD 30/2:55)*.

34) RÖSCHER, A.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ventersdorp, 1898-07-01. *(OD 30/7:307)*.

35) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan A. Röscher. Pretoria, 1898-07-06. *(OD 78/2:308)*.

36) Wet no. 8 van 1892, art. 36

Die kwekelinge moes aan 'n Protestants-Christelike Kerk behoort, 'n sertifikaat van goeie gedrag inhan=dig en die skoolwedstrydeksamen aflê. Wat die wykskole betref, kon die Superintendent in buiten=gewone gevalle van die bepalings afwyk.[37)]

'n Hoofonderwyser wat 'n kwekeling suksesvol opgelei het, het 'n honorarium van R40,00 ontvang mits al die lede van die skoolkommissie en die landdros of veldkornet bevestig het dat die hoofonderwyser wel die opleiding gegee het.[38)]

Die volgende kwekelinge het onderwys in die Venters=dorpse distrik gegee:

---

37) Ibid., art. 37.

38) Ibid., art. 38.

KWEKELINGONDERWYSERS IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK, 1891 - 1899

| NAAM | SKOOL |
|---|---|
| C. Yssel | Elandskuil |
| J. J. Booyens | Klipplaatsdrift [39] |
| C. Wilkens | Palmietfontein [40] |
| P. L. Bezuidenhout | Elandskuil [41] |
| J. S. Nell | Buffelsvlei [42] |

TABEL 5.1

Die Departement van Onderwys het nie sonder meer erken= ning aan kwekelinge verleen nie. In die geval van J. S. Nell van Buffelsvlei is erkenning aanvanklik geweier omdat die sertifikaat van goeie gedrag ongeda= teerd was en die doopsertifikaat nie onderteken was nie.[43]

---

39) MOORA, H.: Brief aan J. Bergmans. Palmietfontein, 1895-02-02. *(OD 18/3:419).*

40) WILKENS, J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Palmietfontein, 1896-09-28. *(OD 30/3:17).*

41) BEZUIDENHOUT, P. L.: Brief aan J. Bergmans. Elandskuil, 1896-06-26. *(OD 34/1:409).*

42) DE WET, A. A. le R.: Brief aan die Departement van Onderwys. Buffelsvlei, 1898-10-31. *(OD 63/3:396).*

43) VEGTER, J.: Brief aan A. A. le R. de Wet. Pretoria, 1899-01-09. *(OD 63/3:398).*

### 5.2.3 Subsidie, skoollokale en toerusting

#### 5.2.3.1 Subsidie

Die regering het deur middel van geldelike ondersteu=ning die onderwys bevorder. Aan die skole wat aan die vereistes van die wet voldoen het, is 'n drie=maandelikse toelae, gebaseer op die skoolgeld, betaal. Vir elke R4,00 wat deur die skoolkommissie ontvang is, het die regering R10,00 betaal met dien verstande dat die regering se bydrae nie R0,25 per leerling mog oorskry nie.[44] Hierdie artikel (art. 17) is deur 'n Eerste Volksraadsbesluit gewysig tot 'n verhouding van 1 tot 4. Die maksimum van R0,25 per leerling is na R0,35 verhoog. Bogenoemde bepalings het vir primêre onderwys gegeld.[45]

Artikel 3 van Wet no. 8 van 1893 het voorsiening ge=maak vir 'n driemaandelikse subsidie van R3,00 aan werklike behoeftige leerlinge. Die wet het vereis dat die skriftelike bevestiging van die behoeftigheid, deur drie kerkraadslede en die veldkornet onderteken, voorgelê moes word.[46]

---

44) Wet no. 8 van 1892, art. 17.

45) *Staats-Almanak der Z. A. Republiek voor het jaar 1892*. p. 11. *(ZAR 177)*.

46) Wet no. 8 van 1893, art. 3.

Volgens artikel 10 van Wet no. 14 van 1896 sou 'n driemaandelikse losiesbeurs van R6,00 tot R12,00 uit=betaal word aan leerlinge wat verder as drie "myl" van 'n ondersteunde skool gewoon het.[47]

Dit was 'n vereiste dat die onderwyser, skoollokaal, meubels en toerusting van 'n betrokke skool deur die Superintendent van Onderwys goedgekeur moes word voor=dat subsidie uitbetaal kon word. Die kwartaalstate en afwesigheidsverslae moes ook in orde wees.[48]

Op 17 April 1893 het die Ventersdorpse goewerment=skool geen subsidie vir die kwartaal Januarie tot Maart ontvang nie, omdat die kwartaalstate nie in orde was nie.[49] In Augustus 1897 is die subsidie by die skool weer teruggehou omdat die kwartaalstate nie deur die hoof onderteken was nie.[50] Palmietfon=tein het vir een kwartaal gedurende 1892 ook nie sub=sidie ontvang nie, omdat die onderwyser twee leer=linge vir middelbare onderwys opgelei het sonder dat die Onderwysdepartement daarvan kennis gedra het dat die betrokke leerlinge deur die inspekteur van Onder=wys oorgeplaas is. In dié geval is die subsidie later wel uitbetaal toe dit geblyk het dat die fout

---

47) Wet no. 14 van 1896, art. 10.

48) Wet no. 8 van 1892, artt. 17 en 19.

49) GOOSEN, G. J.: Brief aan G. A. Odé. Venters=dorp, 1893-04-17. *(OD 15/1:227).*

50) VEGTER, J.: Brief aan F. Aenmey. Pretoria, 1897-08-17. *(OD 57/1:181).*

deur die Departement van Onderwys begaan is.[51)]

Aan die skool te Sterkstroom is gedurende 1895 geen subsidie betaal nie omdat D. P. Liebenberg, die onderwyser, nog geen sertifikaat van goeie sedelike gedrag ingestuur het nie. Die verdere beswaar was dat die aansoek om erkenning deur die staat nie deur die kommissielede onderteken was nie. Nadat die onderwyser die sertifikaat van goeie gedrag ingehandig het, is subsidie steeds geweier omdat die handtekeninge op die betrokke sertifikaat en dié op die aansoek om subsidie nie ooreengestem het nie.[52)]

Die skool op die plaas Witkopjes het gedurende 1895 by geleentheid nie subsidie ontvang nie, omdat daar net 57 skooldae in plaas van 65 was. Benewens die korter skoolkwartaal het die onderwyseres teenstrydig met Wet no. 8 van 1892 (art. 25) opgetree, omdat aan leerlinge benede st. 3 onderrig in Engels gegee is.[53)]

#### 5.2.3.2 Skoollokale

Die regering het aan die wykskoolkommissies R1,00

---

51) ODÉ, G. A.: Brief aan J. Bredell. Palmietfontein, 1892-10-27. *(OD 15/4:91)*.

52) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan D. P. Lieben= berg. Pretoria, 1895-05-07. *(OD 232:804)*

53) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan E. Freislich. Pretoria, 1895-07-24. *(OD 233:880)*.

subsidie per maand vir die huur van 'n skoollokaal betaal.[54] In Wet no. 8 van 1893 is die bepaling ge=wysig tot R1,00; R1,50 en R2,00 vir skoollokale ge=skik vir 10, 20 en 30 kinders respektiewelik. Skool=kommissies kon hoogstens die helfte van die bedrag wat benodig was vir die oprigting van 'n skoolgebou van die regering teen 'n bepaalde rentekoers leen.[55] Kragtens art. 3 van Wet no. 14 van 1896 was skoolkom=missies, wat skoollokale tot die bevrediging van die Superintendent van Onderwys oprig, geregtig op 'n driemaandelikse toelaag ter dekking van die rente (hoogstens 8 persent) op die kapitaal wat benodig was.[56]

Gedurende die Mansvelttydperk is daar by die volgende skole in die Ventersdorpse gebied nuwe skoollokale opgerig. Te Elandskuil is in 1898 'n skoolgebou opge=rig. Die betrokke skoolkommissie het die Departement van Onderwys versoek om 'n kommissie te stuur om die skoollokaal goed te keur " ... daar het uit U Edᵇ herhaalde schryven blykt dat het Dept. van Onderwys geen vertrouwen in ons als schoolcomsie steld".[57] Die skoolkommissie het "£78-16-0" byge=

---

54) Wet no. 8 van 1892, art. 9.

55) Wet no. 8 van 1893, art. 1.

56) Wet no. 14 van 1896, art. 3.

57) VAN ASWEGEN, H. P.: Brief aan die Departement van Onderwys. Elandskuil, 1898-06-20. *(OD 75/1:256)*.

dra en die regeringsubsidie was "£128-6-0". Die nuwe skoollokaal is op 1 Maart 1899 in gebruik geneem.[58] Die Opraapse skool het ook in 1899 'n nuwe skoollo= kaal betrek en die skool het "£40-19-9" aan subsidie ontvang.[59]

### 5.2.3.3 Voorsiening van meubels en toerusting

Die voorsiening van meubels en toerusting was die ver= antwoordelikheid van die skoolkommissies. Sodanige meubels kon nie van die Departement van Onderwys be= stel word nie. Later is daar reëlings met die Transvaalse Boekhandel getref om voldoende meubels in voorraad te hou. Mansvelt het aanbeveel dat skool= kommissies vir banke van verskillende groottes moes sorg.[60] Die Superintendent het meubels van 'n maatskappy in Amsterdam bestel wat vanuit New York na Lourenco Marques verskeep is.[61]

Die skoolkommissies van die wykskole te Ventersdorp het self gesorg vir die maak van meubels. Indien hulle dit nie self kon maak nie en dit nie in Trans= vaal verkrygbaar was nie, het hulle dit van Kaapstad bestel. Die skoolkommissie van die skool te Witkopjes

---

58) VAN ASWEGEN, H. P.: Brief aan die Departement van Onderwys. Elandskuil, 1899-04-18. *(OD 75/1:267).*

59) SOLOMON, S. N.: Brief aan J. C. Cordier. Preto= ria, 1899-03-29. *(OD 78/1:94).*

60) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., pp. 109-110.

61) STIELTJES, F.: Brief aan N. Mansvelt. Amsterdam, 1895-05-02. *(OD 19/3:24).*

het banke, lessenaars en 'n skryfbord laat maak.[62]
Die Klipplaatdriftse skoolkommissie het banke in die Kaapkolonie aangekoop. Die subsidie vir die banke was onderhewig aan die goedkeuring van die Departement van Onderwys.[63]

### 5.2.4 Inskrywing en skoolbywoning

Die volgende tabel toon die skoolinskrywing in die verskillende skole gedurende die derde kwartale van die jare 1893, 1894 en 1895.

LEERLINGTALLE IN 1893,[64] 1894,[65] 1895[66]

| SKOLE | JARE | | |
|---|---|---|---|
| | 1893 | 1894 | 1895 |
| Boven-Buffelsvlei | 12 | | |
| Onder-Buffelsvlei | | 26 | |
| Elandskuil | 29 | 30 | 40 |
| Kafferskraal | | | 16 |
| Klipplaatsdrift (Deÿsel) | | 30 | 30 |
| Klipplaatsdrift (Cronje) | | | 22 |
| Palmietfontein | | 30 | |
| Sterkstroom | | | 29 |
| Ventersdorp | 45 | 40 | 47 |
| Opraap | 10 | | |

TABEL 5.2

62) BORRIUS, N..C.: Brief aan J. Bergmans. Witkopjes, wyk Boven-Mooirivier, 1895-03-30. *(OD 20/1:25)*.

63) VOGES, W. P.: Brief aan die Sekretaris van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1896-05-16. *(OD 32/3:422)*.

64) *Verslag van de schoolinspectiën*, 1893, p. 44.

65) Ibid., 1894, p. 34.

66) Ibid., 1895, pp. 130 - 134.

Aangesien al die skole nie elke jaar inspeksie ontvang het nie, kon die tabel nie ten opsigte van alle skole volledig voltooi word nie. Sommige skole soos by=voorbeeld die sogenaamde Cronjeskool, is eers in 1895 gestig.[67)]

Die skoolbywoning is gedurende daardie jare, net soos in die Du Toit-Stiemens-periode, deur siektes, die tekort aan plaasarbeiders, gure weersomstandighede en die onverskilligheid van die skoolouers beïnvloed. Aangesien baie statistiese gegewens vir die opstel van die Superintendent se jaarverslag benodig was, het die Superintendent deur middel van 'n omsendbrief alle onderwysers versoek om volgens 'n vasgestelde skema verslag te doen.[68)] Kragtens hierdie skema het C. J. Pienaar van die Ventersdorpse goewermentskool in 1894 verslag gedoen. Die verslag toon die groot skommeling in die leerlingtalle gedurende daardie jare.[69)] Dit kan aanvaar word dat hierdie tendens by al die wykskole in die gebied voorgekom het.

---

67) CRONJE, F. J.: Brief aan die Sekretaris van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1895-04-05. *(OD 19/3: 277).*

68) Sien bylaag A, p. 247.

69) Sien bylaag B, p. 248.

## 5.3 NUWE SKOLE IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK

### 5.3.1 Die "Cronjeskool" (later Frischgewaagdskool) op die plaas Klipplaatsdrift

#### 5.3.1.1 Skoolstigting

Op die plaas Klipplaatsdrift het daar in 1895 'n tweede skool (Cronjeskool) as opposisieskool naas die bestaande skool (Deÿselskool) tot stand gekom. Die stryd tussen hierdie twee skole het soos volg ver=loop:

* *Botsing tussen W. P. Voges en die skoolkommis=sie*

  Die aanvanklike weiering van die bestaande skoolkommissie van die sogenaamde Deÿselskool om 'n kommissieverkiesing te hou, het tot 'n botsing met die hoofonderwyser, W. P. Voges, gelei.[70] Voges is hierna deur die skool=kommissie ontslaan.

  Nadat die skoolkommissie van die Deÿselskool herkies is, het F. F. Deÿsel die Departement van Onderwys in kennis gestel dat 'n kweke=lingonderwyser, J. J. Booyens, Voges as hoofonderwyser vervang het.[71]

70) VOGES, W.P.: Brief aan die Sekretaris van Onder=wys. Klipplaatsdrift, 1895-03-16. *(OD 19/3:64)*.

71) DEŸSEL, F. F.: Telegram aan die Departement van Onderwys. Ventersdorp, 1895-04-02. *(OD 19/3:285)*.

Die skoolkommissie het die Departement van Onderwys in kennis gestel dat W. P. Voges 'n poging aangewend het om 'n tweede skool op die plaas te stig. Die skoolkommissie het deur middel van 'n versoekskrif wat deur 22 persone onderteken is, beswaar aangeteken teen die stigting van 'n tweede skool op die plaas Klipplaatsdrift. Voges is daarvan beskuldig dat hy verdeeldheid onder die bewoners van die betrokke plaas veroorsaak het.[72)]

* *Reaksie vanaf die kant van die Vogesonder=steuners*

Die ondersteuners van Voges het die Superin=tendent van Onderwys in kennis gestel dat 'n tweede skool op die plaas gestig is.[73)] Om tussen die twee skole op die plaas te onder=skei is daar later in amptelike stukke na die tweede skool as die Cronjeskool verwys.

Die skoolkommissie van die sogenaamde Cronje=skool het uit die volgende persone bestaan: F. J. Cronje (voorsitter), D. L. Lemmer (pen=ningmeester), J. S. van der Walt (sekretaris), C. J. Janse van Vuuren en A. G. Tredaux. Die kommissie het aansoek om subsidie gedoen.[74)]

---

72) Memorie aan die Departement van Onderwys. Klip=plaatsdrift, 1895-04-11. *(OD 19/3:286)*.

73) CRONJE, F. J.: Brief aan die Sekretaris van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1895-04-05. *(OD 19/3:277)*.

74) Loc. cit.

* *Optrede deur die Departement van Onderwys*

Die Superintendent van Onderwys het inspekteur H. Moora opdrag gegee om die hele aangeleent= heid met betrekking tot die stryd tussen die twee groepe op die plaas te ondersoek. Die betrokke inspekteur het aanbeveel dat subsidie aan die nuwe skool geweier word en dat W. P. Voges op grond van 'n swak inspeksieverslag en as gevolg van sy handelswyse op Klipplaats= drift as goewermentsonderwyser geskors word.[75)]

Die weiering om 'n tweede skool op Klipplaats= drift te erken moet verder beoordeel word in die lig van artikel 10 van Wet no. 8 van 1892 wat bepaal het dat wanneer 'n bestaande skool " ... voldoende in de plaatselijke behoeften voorzien, zal aan geene andere School of Scho= len subsidie worden toegekend, tenzij er voor de oprichting daarvan gegronde redenen worden aangetoond".[76)]

Die verdere optrede van die Cronjeskoolkommis = sie het die Departement van Onderwys egter tot ander insigte gebring. Nadat die Superinten= dent van Onderwys deur die skoolkommissie van die nuwe skool verwittig is van die onwettige

---

75) MOORA, H.: Brief aan die Supterintendent van Onderwys. Pretoria, 1895-04-02. *(OD 19/3:289)*.

76) Wet no. 8 van 1892, art. 10.

verkiesing van die Deÿselskoolkommissie en die onbillike beskuldigings teen Voges,[77] het die Superintendent van Onderwys die hele aangeleentheid weer laat ondersoek.[78]

Dat daar 'n mate van kerkisme onderliggend aan die hele skolestryd was, blyk uit die volgende aanhaling uit 'n skrywe van die Cronjeskoolkommissie: "Ook verlangen wij nadrukkelijk te weten te komen van UEd, wat UEd, zienswijze ben, aangaande die drie "Holland=sche Protestansche Kerken", in dit land. Art. 3 Wet No. 8 1892 spreekt niet van een Kerkgenootschap, maar eenig een wie hij ook mogt zijn, uitgenomen zwart of kleurling".[79]

Na die samesprekings met beide skoolkommissies het H. Moora, inspekteur van onderwys, aanbeveel dat die Cronjeskool erken moes word mits die skool na 'n ander deel van die plaas verskuif word. Die inspekteur het sy aanbeveling gegrond op die feit dat die Deÿsel=skoolkommissie onwettig verkies was. Volgens die inspekteur se aanbeveling was Voges te lui en onbekwaam om 48 leerlinge te hanteer, maar hy sou wel die kleiner getal leerlinge van die nuwe skool kon hanteer.[80]

---

77) CRONJE, F. J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1895-05-15. *(OD 19/3:319)*.

78) MANSVELT, N.: Kennisgewing aan J. Bergmans. Pretoria, 1895-05-21. *(OD 19/3:268)*.

79) CRONJE, F. J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1895-05-15. *(OD 19/3:319)*.

80) MOORA, H.: Brief aan die Superintendent van Onder=wys. Rooijantjesfontein, 1895-08-10. *(OD 19/3:344)*.

Die Superintendent van Onderwys het na aanleiding van die inspekteur se aanbeveling beslis dat die nuwe skool erken sou word as die betrokke skole minstens "40 minute" van mekaar geleë was.[81] Vol=gens die Cronjeskoolkommissie was die afstand tussen die skole "800 tree",[82] terwyl die Deÿselskool=kommissie die afstand op "650 tree" gestel het.[83]

Hierdie tweede skool op Klipplaatsdrift is op 25 Sep=tember 1895 as gesubsidieerde skool erken [84] en het sedert die begin van 1897 as die Frischgewaagdskool bekend gestaan.[85]

### 5.3.1.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil by die nuwe skool

W. P. Voges, die eerste hoofonderwyser van die nuwe Cronjeskool, is in Februarie 1897 deur J. A. R. Vol=

---

81) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan J. S. van der Walt. Pretoria, 1895-09-25. *(OD 19/3:351)*.

82) CRONJE, F. J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1895-06-04. *(OD 19/3:311)*.

83) DEŸSEL, F. F.: Brief aan die Sekretaris van On=derwys. Klipplaatsdrift, 1895-05-30. *(OD 19/3:307)*.

84) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan J. S. van der Walt. Pretoria, 1895-09-25. *(OD 19/3:351)*.

85) VOLSTEEDT, J. A. R.: Brief aan die Departement van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1897-03-22. *(OD 45/3:262)*.

steedt opgevolg.[86] In dieselfde jaar het mej. C. Tredaux, 'n st. 4-leerling, diens aanvaar as kweke=lingonderwyseres op aanbeveling van die inspekteur van onderwys.[87] Haar aanstelling is deur die De=partement van Onderwys goedgekeur op voorwaarde dat sy skriftelik moes onderneem om aan die skoolwedstryd deel te neem. Sy moes ook die vereiste sertifikate van goeie gedrag en bewys van lidmaatskap van 'n Protestantse Kerk indien.[88]

Nadat Volsteedt in Oktober 1897 diens beëindig het, het die skoolkommissie 'n aansoekvorm voltooi waarin daar om 'n hoofonderwyser gevra is. Dat daar 'n antipatie jeens 'n Hollanderonderwyser bestaan het, blyk uit die skoolkommissie se versoek dat hulle 'n Afrikaner as onderwyser wou hê wat bevoeg was om Engels te onderrig. Die Departement van Onderwys is voorts versoek om die kommissie binne drie maande van sodanige onderwyser te voorsien.[89]

Geen Afrikaneronderwyser kon gevind word nie, maar die Onderwysdepartement was bereid om binne die bestek

---

86) VAN DER WALT, J. S.: Brief aan Sekretaris van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1897-02-01. *(OD 45/3:243).*

87) VOLSTEEDT, J. A. R.: Brief aan Inspekteur van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1897-07-12. *(OD 45/3:267).*

88) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan J. A. R. Vol=steedt. Pretoria, 1897-07-27. *(OD 45/3:269).*

89) Aanzoek om een onderwijzer (vorm A), 1897-10-28. *(OD 63/1:266).*

van vier maande 'n onderwyser uit Holland te bekom.[90] Die kommissie was nie hiervoor te vinde nie en het self 'n onderwyser in die persoon van P. B. Nieuwen=huizen gevind en sy naam vir goedkeuring aan die De=partement van Onderwys voorgelê.[91]

Die skoolkommissie het met hierdie keuse van 'n onder=wyser ǒf swak oordeel aan die dag gelê ǒf eerder 'n swak Afrikaneronderwyser bo 'n Hollander verkies, want inspekteur J. K. M. te Boekhorst het Nieuwen=huizen tydens 'n inspeksiebesoek "practisch en theoretisch" onbevoeg bevind. Die betrokke onderwy=ser kon nie behoorlik praat nie en was onbekwaam om volgens 'n rooster te werk. Die inspekteur was egter verplig om die onderwyser vir drie maande aan te beveel aangesien die skoolkommissie alreeds met die onder=wyser oor 'n vaste salaris ooreengekom het.[92] Die erkenning van die betrokke onderwyser as goewerments=onderwyser het baie probleme opgelewer omdat sy name op die verskillende dokumente verskil het.[93]

Gelukkig was P. B. Nieuwenhuizen se dienstyd by die

---

90) DE JONGE, C. G.: Brief aan J. S. van der Walt. (?), 1897-11-05. *(OD 63/1:268)*.

91) VAN DER WALT, J. S.: Brief aan die Superin=tendent van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1898-01-22. *(OD 69/1:10)*.

92) TE BOEKHORST, J. K. M.: Brief aan die Departe=ment van Onderwys. Potchefstroom, 1898-05-07. *(OD 69/1:14)*.

93) VEGTER, J.: Brief aan J. S. van der Walt. Pretoria, 1898-04-13. *(OD 69/1:16)*.

skool van korte duur en het hy na vier maande weer na die Kaapkolonie teruggekeer. Met sy vertrek op 18 Mei 1898 is die skool gesluit.[94] Daar bestaan ook geen bewyse dat die skool weer voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 heropen het nie. J. Vegter het die skoolkommissie namens die Superin=tendent van Onderwys gewaarsku om versigtiger te wees met die aanstelling van onderwysers deur meer noulet=tend te wees op die bekwaamheid van die onderwyser wat hulle aanstel.[95]

Volgens die inspeksieverslag van 6 Augustus 1895 is daar slegs Bybelgeskiedenis, Lees en Rekenkunde in die Cronjeskool onderrig. Inspekteur H. Moora het bevind dat leerlinge wat reeds bykans 'n jaar in st. 3 was se leestoon baie swak was. Mnr. W. P. Voges het weinig aandag aan Taalkunde gegee.[96]

Die onderwyspeil het gelukkig verbeter na die diens=aanvaarding van Voges se opvolger, J. A. R. Volsteedt. Inspekteur H. Moora het gerapporteer dat Bybelgeskie=denis doeltreffend onderrig is en dat Skrifonderrig metodies aangebied is. Die onderwyser het Vormleer aanskoulik aangebied terwyl Rekenkunde doelmatig ver=

94) VAN DER WALT, J. S.: Brief aan die Departement van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1898-05-13. *(OD 69/1:30)*.

95) VEGTER, J.: Brief aan J. S. van der Walt. Pre=toria, 1898-05-20. *(OD 69/1:28)*.

96) Inspeksieverlag van die skool te Klipplaatsdrift, 1895-08-06. *Verslag van de schoolinspectiën*, 1895, p. 132.

duidelik en bespreek is.[97]

### 5.3.1.3 Inskrywing en skoolgeld

Die skool het in April 1895 met 22 ingeskrewe leer=linge begin.[98] Op 24 Oktober 1895 het die kwartaal=state nog 22 leerlinge aangedui.[99] Die leerlingtal het konstant gebly tot aan die einde van 1895.[100]

Die bewoners van Klipplaatsdrift was van mening dat die leerlingtal van die Cronjeskool heelwat kon vermeerder indien daar aan die behoeftige leerlinge en weeskinders losiesgeld deur die regering betaal sou word. Tydens 'n volksvergadering op die plaas Klipplaatsdrift in 1896 is 'n aanbeveling in die ver=band aan die regering gedoen.[101] Die regering het die aanbeveling aanvaar en artikel 10 van Wet no. 14 van 1896 het voorsiening gemaak vir " ... eene drie=maandelijksche toelage voor kostgeld van £3 tot

---

97) Inspeksieverslag van die skool te Klipplaatsdrift, 1897-05-26. Skoolinspeksieverslae van die Z. A. Republiek, 1897, p. 90. *(ZAR 126)*.

98) MOORA, H.: Brief aan N. Mansvelt. Rooijantjes=fontein, 1895-08-10. *(OD 19/3:344)*.

99) VOGES, W. P.: Brief aan A. H. H. Sausenthaler, Klipplaatsdrift, 1895-10-24. *(OD 26/2:309)*.

100) VOGES, W. P.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Klipplaatsdrift, 1895-11-08. *(OD 19/3:356)*.

101) VAN DER WALT, J. S.: Brief aan J. Bergmans. Klipplaatsdrift, 1896-04-17. *(OD 31/3:327)*.

56 ... ten behoeve van behoeftige leerlingen..."[102)]
Dit blyk dat die skool baat gevind het by die nuwe bepaling aangesien die leerlingtal tot 32 in 1897 gestyg het.[103)]

Bogenoemde vermeerdering van die leerlingtal was merkwaardig, veral as dit in aanmerking geneem word dat daar in daardie jare twee skole op die plaas Klipplaatsdrift was. Inspekteur J. K. M. te Boekhorst was dan ook daarvan oortuig dat twee skole op die betrokke plaas geregverdig was. In 1898 was daar 28 leerlinge in die Frischgewaagdskool.[104)]

Die betrokke skool se kommissie het die skoolgeld op R0,25 per leerling per maand vasgestel en die skool= geld was aan die einde van elke kwartaal betaalbaar.[105)]

### 5.3.1.4 Skoollokaal en toerusting

Toe die Cronjeskool tot stand gekom het was die skoollokaal redelik geskik, dog die meubels was geheel en al ontoereikend. Die skoolkommissie het

---

102) Wet no. 14 van 1896, art. 10.

103) VOLSTEEDT, J. A. R.: Brief aan H. Moora. Klip= plaatsdrift, 1897-07-12. *(OD 45/3:267)*.

104) TE BOEKHORST, J. K. M.: Brief aan die Departe= ment van Onderwys. Potchefstroom, 1898-05-13. *(OD 57/1:86)*.

105) Notule van die skoolkommissie van die nuwe skool (Cronjeskool) op Klipplaatsdrift, 1895-04-25. *(OD 19/3:218)*.

onderneem om aan die ameublement aandag te skenk.[106] In die loop van 1895 het daar dan ook inderdaad ver=betering ingetree.[107]

5.3.2 Die skool op die plaas Opraap

5.3.2.1 Stigting en die wisselende bestaan van die skool

Hierdie skool is in Oktober 1892 met W. P. Voges as onderwyser gestig.[108]

Daar was vyf skoolkommissielede. W. P. Voges het Wet no. 8 van 1892 verkeerd vertolk en die Departe=ment van Onderwys in kennis gestel dat daar met die volgende verkiesing net drie lede, soos deur die wet vereis, verkies sou word.[109] Art. 11(a) van Wet no. 8 van 1892 het egter bepaal dat 'n wykskool uit *minstens* (eie kursivering - J. H. P. van der Walt) drie lede moes bestaan.[110]

---

106) CRONJE, F. J.: Brief aan J. Bergmans. Klip=plaatsdrift, 1895-04-24. *(OD 20/2:18).*

107) Inspeksieverslag van die skool te Klipplaats=drift, 1895-08-06. *Verslag van de schoolinspec=tiën,* 1895, p. 132.

108) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 76.

109) VOGES, W. P.: Brief aan die Departement van Onderwys. Opraap, 1892-12-23. *(OD 15/3:470).*

110) Wet no. 8 van 1892, art. 11.

Die skool se bestaan was egter van korte duur want op 3 Augustus 1893 is die skool finaal gesluit nadat dit deur F. P. Crots "ondersoek" is.[111] Volgens S. S. Barnard was die skool tydelik gesluit weens die ontevredenheid oor onreëlmatighede by die skool. Die betrokke onderwyser het nagelaat om die skool met gebed en gewyde sang te open en te sluit.[112] W. P. Voges het egter beweer dat die skool gesluit moes word omdat daar te min kinders in die skool was en hy nie voldoende salaris ontvang het nie. Hy het voorts beweer dat hy vir homself en vir sy twee kin=ders losies moes betaal.[113]

Op 9 Augustus 1893 het 'n nuwe skool op die plaas Opraap tot stand gekom. 'n Nuwe skoolkommissie, bestaande uit J. C. Cordier (voorsitter), H. J. Cordier (sekre=taris), en A Cordier, is verkies. Volgens W. P. Voges was daar nuwe belangstelling by die ouers te bespeur en het die "praatjies" van een van die vorige skoolkommissielede nie 'n nadelige uitwerking op die skool gehad nie.[114]

---

111) VOGES, W. P.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Opraap, 1893-08-03. *(OD 15/3:61)*.

112) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikke=ling van die onderwys van Blankes in die Klerks=dorpse distrik, 1838-1955, p. 76.

113) VOGES, W. P.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Opraap, 1893-08-03. *(OD 15/3:61)*.

114) VOGES, W. P.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Opraap, 1893-08-09. *(OD 15/3:114)*.

#### 5.3.2.2 Huishoudelike bepalings

Op 13 Februarie 1893 het die skoolkommissie van die skool te Opraap sy huishoudelike bepalings opgestel. Hierdie bepalings het vir twee skoolsessies per dag voorsiening gemaak. Hollands was die voertaal en die skool moes met godsdiensoefening geopen en afgesluit word. Wangedrag sou nie geduld word nie.[115)]

Na die herstigting van die skool op 9 Augustus 1893 is ander huishoudelike bepalings opgestel. Dit het van die ander huishoudelike bepalings onder andere daarin verskil dat die onderwyser moes *beloof* (eie kursivering - J. H. P. van der Walt) om elke oggend met psalmgesang en gebed te open en na die tweede skoolsessie op dieselfde wyse af te sluit. Ouers was verplig om vir die volle kwartaal skoolgeld te betaal al het hulle die kinders gedurende die kwartaal uit die skool geneem.[116)]

#### 5.3.2.3 Inskrywing

Op 1 Februarie 1893 was daar sewe leerlinge op die register.[117)] Die leerlingtal was nege op 29 Junie

---

115) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikke= ling van die onderwys van Blankes in die Klerks= dorpse distrik, 1838-1955, p. 77.

116) Notule van die skoolkommissie van die skool te Opraap, 1893-08-07. *(OD 15/3:116)*.

117) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikke= ling van die onderwys van Blankes in die Klerks= dorpse distrik, 1838-1955, p. 76.

1893.[118] en het tot tien in Augustus 1893 gestyg. Volgens Voges was die leerlingtal te min "... om de school een goede loop te geeft".[119]

Toe daar aansoek om subsidie gedoen is vir die nuwe skool, wat geopen het na die sluiting van die eerste skool, was daar twintig leerlinge.[120] Die leerling=tal het weer begin daal en aan die einde van 1899 het die meeste kinders van die plaas Opraap elders skoolgegaan.[121]

### 5.3.2.4 Skoollokaal en toerusting

Die skoolgebou en meubels was doelmatig en baie net=jies. Die skoollokaal was groot genoeg vir minstens dertig leerlinge. Die toerusting van die wykskool was van die beste in Transvaal.[122] In 1898 is 'n nuwe skoolgebou opgerig. Die skool het toe oor

---

118) VOGES, W. P.: Brief aan die Departement van Onderwys. Opraap, 1893-06-29. *(OD 15/2:165)*.

119) VOGES, W. P.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Opraap, 1893-08-03. *(OD 15/3:61)*.

120) VOGES, W. P.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Opraap, 1893-08-09. *(OD 15/3:114)*.

121) CORDIER, J.: Telegram aan die Departement van Onderwys. Ventersdorp, 1899-01-05. *(OD 8/1:?)*.

122) VOGES, W. P.: Brief aan die Sekretaris van Onderwys. Opraap, 1893-09-30. *(OD 15/3:405)*.

dertig skoolbanke beskik.[123)]

### 5.3.3 Die Ratzegaaiskraalse skool

#### 5.3.3.1 Stigting en beheer

Die eerste poging tot die stigting van 'n skool op hierdie plaas was in 1895. Die skoolkommissie, J. Scholtz (voorsitter), A. P. L. Kotzé (jnr) (sekretaris), A. S. Scholtz, J. P. Conradie en D. A. Liebenberg, het die skoolwet, skoolgids en aansoekvorms vir die skool van die Departement van Onderwys aangevra.[124)]

Die betrokke skoolkommissie was daarvan oortuig dat daar 'n bloeiende skool op die plaas Ratzegaais=kraal gestig kon word want die plaas het 14 eienaars gehad. Die plaaseienaars was almal nog jonk en die meeste van hulle kinders was nog nie van skoolgaande ouderdom nie. Die 15 kinders wat die skool kon be=soek, was die kinders van slegs vier ouerpare. Die skoolkommissie het hulle aansoek om as gesubsidieerde skool erken te word verder gemotiveer deur te meld dat die skool een uur te perd vanaf Ventersdorp en driekwart uur te perd vanaf die Klipplaatsdriftse en Elandskuilse skole geleë was.[125)]

---

123) PIETERS, R. H.: Brief aan die Departement van Onderwys. Opraap, 1898-10-09. *(OD 78/1:96).*

124) KOTZÉ, A. P. L. (jnr): Brief aan die Departement van Onderwys. Ratzegaaiskraal, 1895-10-09. *(OD 26/1:535).*

125) Loc. cit.

Die Departement van Onderwys was bereid om die skool te subsidieer.[126] Die amptelike erkenning van die skool as goewermentskool het egter lank agterweë gebly. Hierdie versuim is blykbaar eers by die Onderwysdepartement reggestel nadat C. A. Herbst, die onderwyser hulle persoonlik besoek het.[127]

### 5.3.3.2 Personeel

Die skoolkommissie het R200,00 per jaar vir 'n onder=wyser begroot.[128] Op aanbeveling van die Departe=ment van Onderwys het C. A. Herbst vanaf 3 Junie 1896 as hoofonderwyser opgetree.[129] Op 10 Mei 1897 het die skoolkommissie vir 'n ander hoofonderwyser gevra omdat C. A. Herbst 'n ander beroep aanvaar het.[130]

Volgens die gegewens wat verstrek is op die skool se voltooide "Aanzoek om een onderwijzer", blyk dit dat die skoolkommissie 'n Afrikaner van die ZAR as

---

126) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan A. P. L. Kotzé (jnr), Pretoria, 1895-11-05. *(OD 23/5:448)*.

127) SCHOLTZ, J.: Brief aan die Superintendent van Onderwys. Ratzegaaiskraal, 1896-05-20. *(OD 33/1:398)*.

128) KOTZÉ, A. P. L. (jnr): Brief aan die Departement van Onderwys, Ratzegaaiskraal, 1895-10-09. *(OD 26/1:535)*.

129) SAUSENTHALER, A. H. H.: Brief aan A. P. L. Kotzé (jnr). Pretoria, 1895-11-05. *(OD 23/5:448)*.

130) KOTZÉ, A. P. L. (jnr): Brief aan die Departement van Onderwys. Ratzegaaiskraal, 1897-05-10. *(OD 51/3:328)*.

onderwyser wou gehad het.[131] Omdat die Onderwys=departement dit moeilik gevind het om dusdanige onderwyser te vind, het die skoolkommissie hulle bereid verklaar om enige onderwyser te aanvaar, mits hy hom in voor- en teenspoed ten volle met die platte=landse gemeenskap sou vereenselwig.[132]

Die Ratzegaaiskraalse skoolkommissie het uiteindelik uit hulle eie omgewing 'n onderwyser in die persoon van J. A. R. Volsteedt gevind.[133] Hy het in 1898 diens aanvaar. Die laaste onderwyser tydens die be=staan van die ZAR was J. A. Neethling.[134]

### 5.3.3.3 Inspeksieverslag

Op 18 en 19 November 1896 is die werk van C. A. Herbst geïnspekteer. Daar was nie eenvormigheid in die werk nie. Sommige vakke het meer aandag as ander vakke geniet en die onderwyspeil was laag.[135]

---

131) Aanzoek om een onderwijzer (vorm A), *(OD 51/3:326)*. Vgl. bylaag C, p. 249.

132) KOTZE, A. P. L. (jnr): Brief aan die Departement van Onderwys. Ratzegaaiskraal, 1897-08-23. *(OD 51/3:333)*.

133) Loc. cit. Vgl. ook: *Verslag van den Superinten=dent van Onderwijs betreffende het gesubsidiëerd onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienst=jaar 1898*, p. 68.

134) Schoolgids der Z. A. Republiek, 1892-1898. *(ZAR 129)*.

135) Inspeksieverslag van die skool te Ratzegaais=kraal 1896-11-18. *Verslag van den Supterinten=dent van Onderwijs betreffende het gesubsidië onderwijs in de Z. A. Republiek over het dienst=jaar 1896*, p. 376.

### 5.3.4 Die skool op Witkopjes

#### 5.3.4.1 Wisselende bestaan van die skool

Die skool het waarskynlik teen die einde van 1894 vir die eerste keer tot stand gekom. Die skool se naam kom nie voor in die Superintendent se jaarver= slag vir 1894 nie, aangesien die jaarverslag ten tyde van die stigting van die skool blykbaar alreeds opgestel was. N. S. Borrius het op 3 November 1894 'n kwekelingonderwyseres aangevra omdat die leerling= tal dit geregverdig het.[136]

Die skool was gedurende 1895 vir 'n tyd gesluit.[137] Gedurende die betrokke jaar is dit onder leiding van C. Rose weer heropen, maar dit moes in Desember 1895 weer eens sluit omdat daar te min kinders was.[138] Die skoolkommissie was egter vasbeslote om die skool op Witkopjes aan die gang te hou. Gedurende 1896 het die skool onder W. P. Voges as onderwyser her= open.[139] Daar was ook nog 'n tweede skool op die plaas met J. Heese as hoofonderwyser.[140]

---

136) BORRIUS, N. S.: Brief aan J. Bergmans. Witkop= jes, 1894-11-03. *(OD 17/1:349)*.

137) BERGMANS, J.: Brief aan N. S. Borrius. Pretoria, 1895-11-07. *(OD 235:481)*.

138) ROSE, C.: Brief aan die Departement van Onder= wys. Witkopjes, 1895-12-21. *(OD 27/3:244)*.

139) VOGES, W. P.: Brief aan J. Bergmans. Witkopjes, 1896-11-11. *(OD 61/1:291)*.

140) Inspeksieverslag van die skool te Witkopjes, 1897-02-13. Skoolinspeksieverslae van die Z. A. Republiek, pp. 30 - 32. *(ZAR 126)*.

Die skole op Witkopjes het 'n wisselende bestaan ge=voer. Inspekteur J. K. M. te Boekhorst het die skole in sy rondgang in "vaste skole" en "opgerig=te skole" verdeel. Hy het na die skole op Witkop=jes verwys as "opgerigte skole".[141] Met "opgerig=te skole" is blykbaar die skole bedoel wat nie per=manent bestaan het nie.

### 5.3.5 Die skool te Roodedraai

#### 5.3.5.1 Stigting en huishoudelike reglement

In 'n brief gedateer 16 Oktober 1897 het die skool=kommissie bekend gemaak dat daar op die plaas 'n skool gestig is. As skoolkommissie het die volgende persone opgetree: J. A. Joubert (voorsitter), B. Powell (penningmeester), A. McGrath en F. Ayres. W. P. Voges, die onderwyser, het as sekretaris van die kommissie opgetree.[142]

Die huishoudelike reglement het onder meer die volgen=de bepaal: Die onderwysmedium moes uitsluitlik Hol=lands wees met inagneming van die wysigings wat deur die Volksraad gemaak is. Die skoolgeld het R0,25 per leerling per maand bedra en alle gelde, inslui=tende regeringsubsidie, sou aan die onderwyser uitbetaal

---

141) Skoolinspeksieverslae van die Z. A. Republiek, 1897, p. 53. *(ZAR 126)*.

142) JOUBERT, J. A.: Brief aan die Departement van Onderwys. Roodedraai, 1897-10-16. *(OD 60/1:297)*.

word mits daar nie meer as dertig leerlinge was nie. Die onderwyser moes onderneem om al die skoolgeld wat hy sou ontvang vir elke leerling wat die getal van 25 oorskry, aan te wend om gratis skryfboeke en skryfbehoeftes vir al die leerlinge aan te koop.[143)]

Die huishoudelike bepalings het verder bepaal dat onsedelikheid verbode was. Die onderwyser sou met die eerste oortreding gewaarsku word. 'n Tweede oortreding sou lei tot die verbeurdverklaring van die onderwyser se subsidie. Indien daar 'n derde oor= treding was, sou die onderwyser geskors word.[144)]

W. P. Voges het die huishoudelike bepalings persoonlik aan die Superintendent van Onderwys oorhandig. Die Superintendent van Onderwys het die skool as goewer= mentskool goedgekeur op voorwaarde dat daar net laer onderwys verskaf sou word. W. P. Voges moes verder onderneem om die belange van elke kind voorop te stel.[145)]

Die skool was nie 'n permanente skool nie en is van die een inspeksie tot die volgende inspeksie goedge= keur. In 1898 het inspekteur J. K. M. te Boekhorst

---

143) Notule van die skoolkommissie van die skool te Roodedraai, 1897-10-16. *(OD 60/1:298)*.

144) Loc. cit.

145) MANSVELT, N.: Brief aan A. H. H. Sausenthaler. Pretoria, 1897-10-28. *(OD 60/1:279)*.

aanbeveel dat die skool weer eens tot die volgende inspeksie kon voortgaan.[146)]

## 5.4 BEOORDELING

Gedurende die Mansveltperiode is die Departement van Onderwys behoorlik georganiseer. Benewens die Superintendent was daar 'n Sekretaris van Onderwys, drie klerke, 'n boekhouer, 'n eerste klerk en 'n sogenaamde korrespondent. Die eksamenstelsel is opgeknap en die inspeksie is op 'n hegte grondslag geplaas.[147)]

Die onderwys het 'n bloeityd beleef. Vanaf 1892 tot 1898 het die skole in Transvaal van 484 na 509 ver= meerder.[148)] In die Ventersdorpse distrik is volgens beskikbare gegewens vyf nuwe skole in hierdie tydperk gestig.

Weens die ontdekking van goud het talle uitlanders hulle gedurende die negentigerjare in die ZAR bevind. Die politieke spanning tussen die ZAR en Brittanje het dan ook stelselmatig begin opbou met gebeure soos

---

146) TE BOEKHORST, J. K. M.: Brief aan die Departe= ment van Onderwys. Klipfontein, 1898-03-19. *(OD 60/1:303)*.

147) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 294).

148) Loc. cit.

byvoorbeeld die Jamesoninval in 1896. Met die uit=breek van die Anglo-Boere-Oorlog in 1899 is die Republikeinse onderwysstelsel finaal beëindig. Ook in die Ventersdorpse distrik is die onderwysontwik=keling tydelik deur die oorlog tot stilstand gebring. 'n Nuwe imperialistiese era is betree in die onder=wysontwikkeling.

# 6. ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK, 1899 - 1910

## 6.1 ONTWRIGTING VAN DIE REPUBLIKEINSE ONDER= WYSSTELSEL GEDURENDE DIE OORLOG, 1899-1902

Op 10 Oktober 1899 het die militêre botsing tussen die Republikeinse Noordelike Republieke en die Impe= rialistiese Britse Ryk begin.

Onsekerheid of skole nog sou voortbestaan nadat oor= log verklaar is, het by onderwysers en skoolkommis= sies ontstaan. Die onsekerheid is egter uit die weg geruim toe die Uitvoerende Raad van die ZAR ver= klaar het dat alle skole tot nadere kennisgewing as gesluit beskou moes word. Onderwysers is opgekomman= deer en baie skoolkommissielede was op kommando sodat state nie geteken kon word nie.[1)]

In die Ventersdorpse distrik is alle wykskole nie on= middellik na dié aankondiging van die Uitvoerende Raad gesluit nie. Volgens A. F. S. Röscher het sekere onderwysers hulle wykskole in die distrik her= open. Die Ventersdorpse dorpskool was gesluit omdat die hoofonderwyser en die assistentonderwyser opgekom= mandeer was. Röscher het die standpunt gehuldig dat

1) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 85.

alle onderwysers van kommandodiens vrygestel moes word.[2)]

## 6.2 DIE KAMPSKOLE

Die Anglo-Boere-Oorlog sou lank duur weens die guerillaoorlog wat deur die Boere gevoer is. Die Britse militêre owerheid het die oorlog probeer beëindig deur die vernietiging van die voedselvoorrade en deur vrouens en kinders in die konsentrasiekampe saam te trek.[3)]

Lord Milner het E. B. Sargant genooi om die onderwys in die Boererepublieke te organiseer. Sargant het in 1900 in Kaapstad aangekom. Na kennismaking met die Groenpuntse kampskool, wat deur krygsgevangenes opgerig is, het hy op die idee van kampskole gekom. Hy het met onderwys in die verskillende kampe begin.

Engelse onderwysers(esse) is uit alle dele van die Britse Ryk na Suid-Afrika laat kom. In 1902 was daar 12 046 leerlinge in die kampskole en ongeveer 205 onderwysers het aan hulle onderwys gegee.[4)]

---

2) RÖSCHER, A. F. S.: Brief aan die Sekretaris van Onderwys. Ventersdorp, 1900-01-08. *(OD 115/3:58)*.

3) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 115.

4) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, pp. 296-297).

Die Ventersdorpse vrouens en kinders is na verskillende kampe in Suid-Afrika gestuur, waaronder die te Potchefstroom, Klerksdorp, Merebank, Howick en Jacobs. 'n Groot aantal kinders van die Ventersdorpse gebied het in die verskillende kampskole onderwys ontvang. Mev. M. E. van Aswegen, kleindogter van A. F. S. Röscher, het in die kampskool op Potchefstroom saam met ander kinders van Ventersdorp in tente en onder afdakke skoolgegaan.[5)]

Na die sluiting van die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) het die leerlinge in die kampskole vinnig begin verminder namate die kinders saam met hulle moeders na hulle geruïneerde tuistes teruggetrek het. Die kampskole is in 1902 finaal gesluit.[6)]

## 6.3 ONDERWYSONTWIKKELING VANAF VREDESLUITING (1902) TOT UNIEWORDING (1910)

### 6.3.1 Twee botsende strome

Die onderwysontwikkeling in Transvaal in die twintigste eeu word gekenmerk deur twee uiteenlopende denkrigtings, naamlik die Engelse liberalistiese rigting en die tradisionele Christelik-nasionale beskouing

---

5) Meegedeel deur mev. M. E. van Aswegen, kleindogter van A. F. S. Röscher, Ventersdorp.

6) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 118 - 119.

van die Afrikaner.

#### 6.3.1.1 Die Brits-liberalistiese stroming

Die Britse owerheid wou die Boere verengels en Lord Milner het hom op die onderwys toegespits om dit te bewerkstellig. Die stelsel van staats=ondersteunde CNO-skole moes vir 'n stelsel van vrye (liberale), nie-sektariese, nie-verpligte staatskole plek maak.[7)]

In Februarie 1903 het E. B. Sargant Onderwysordonnan=sie no. 7 laat aanneem. Die Ordonnansie het voor=siening gemaak vir die oprigting van 'n Onderwysde=partement (art. 1(a)). Ordonnansie no. 7 van 1903 het bepaal dat daar vrye laer onderwys vir kinders tussen 6 en 14 jaar sou wees (art. 2). Alle onder=wysers moes gelisensieer wees (art 3(1)) en nie-sektariese Godsdiensonderwys kon in die laerskole aan=gebied word (art. 5(2)). Onderrig in die Hollandse taal kon op versoek van die ouers vir hoogstens drie uur per week aangebied word (art. 6). Privaatskole met meer as tien leerlinge moes by die Departement van Onderwys registreer (art. 7(1)) en die onderwy=sers by die betrokke skole moes in besit wees van 'n onderwyssertifikaat (art. 7(5)) en was aan inspeksie onderworpe. (art. 7(3)). Die Luitenant-Generaal-in-Rade was die hoogste gesag.[8)]

---

7) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, p. 297).

8) Ordinance no. 7 of 1903 art. 1 - 7.

Sargant was die eerste Direkteur van Onderwys. Hy is deur F. Ware en H. Warre-Cornish agtereenvolgens opgevolg. In 1905 het die bekende opvoedkundige, J. E. Adamson, Direkteur van Onderwys geword.[9)]

In die Ventersdorpse distrik het die meeste wykskole na die oorlog as goewermentskole heropen en die liberalistiese rigting het nie noemenswaardige teenstand ondervind nie.[10)]

Daar het in Maart 1905 'n regeringsverandering in Groot-Brittanje plaasgevind. Die Liberale Party onder leiding van Sir Henry Campbell-Bannerman het die regering by die Konserwatiewe Party oorgeneem. In Suid-Afrika is Lord Milner deur Lord Selborne vervang.[11)]

Lord Selborne het in die gees van die Liberale Party gehandel wat, anders as die Konserwatiewe Party, nie die weg van geweld en blatante onderdrukking gevolg het nie, maar deur begrip en toegewings die Boere se goedgesindheid wou wen. Volgens J. Ramsay Macdonald, 'n eertydse Eerste Minister van Groot-Brittanje, was Lord Milner se imperiale beleid tot mislukking gedoem vanweë sy pogings om die taal van die volk uit te

---

9) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 127.

10) Volgens die skooljoernale is goewermentskole geopen te Ventersdorp, Elandskuil, Sterkstroom, Klipplaatsdrift, Palmietfontein en Blesbokfontein.

11) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 136.

roei en as gevolg van sy bemoeiing met die opvoeding van die Boerekind.[12)]

In die onderwysverslag van 1905 het Lord Selborne sekere fundamentele beskouings gehuldig wat ongetwy= feld 'n sterk invloed op die latere Smutsonderwys= wetgewing uitgeoefen het.[13)] Sake soos verpligte primêre onderwys, adviserende skoolkommissies, die instelling van skoolrade en aanvangsonderwys deur medium van die moedertaal het in die onderwysmemoran= dum aandag geniet.[14)]

Verantwoordelike selfregering is in 1906 aan die Transvaalkolonie toegestaan en in Februarie 1907 is die eerste algemene verkiesing gehou. Die "Het Volk Party" en sy Engelssprekende bondgenote het die ver= kiesing gewen. Louis Botha het Eerste Minister ge= word en J. C. Smuts is aangestel as Minister van Onderwys. Beide Botha en Smuts het hulle vir ver= soening tussen Boer en Brit beywer.[15)]

Smuts se onderwyswet (1907) dra die stempel van sy holistiese lewensbeskouing en dit het dan ook uit die aard van die saak 'n "neutrale" staatsonderwysstel= sel beoog. Die Britse liberalistiese lewensbeskouing

---

12) MACDONALD, J. R. (vertaling deur J. A. Coetzee): Wat ek in Suid-Afrika gesien het, pp. 159-162.

13) VAN DER SCHŸF, op. cit., p. 184.

14) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., pp. 136 - 137.

15) Ibid., p. 144.

het ten grondslag van die Smutsonderwyswet gelê.[16]

### 6.3.1.2 Die CNO-beweging in Ventersdorp

Terwyl die guerrillaoorlog nog in volle swang was, het ses Hollanderonderwysers in Junie 1901 in Pretoria die "Vriendekring" gestig. Die "Vriendekring" sou poog om noodlydende Hollanderonderwysers en hulle gesinne te help. Na die oorlog het die "Vriende=kring" se werksaamhede sodanig uitgebrei dat dit die werk aan 'n breër kommissie, naamlik die "Algemene Kommissie tot behartiging van Christelik-Nasionale Onderwys", oorgedra het.[17]

Baie Afrikaners was onwillig om hulle kinders na die vreemde goewermentskole met Engels as voertaal te stuur. Die praktiese uitvloeisel hiervan was die stigting van CNO-skole deur die hele Transvaal.[18]

In die Ventersdorpse distrik is 'n geringe aantal CNO-skole gestig maar die skole is swak ondersteun. Op die plaas Buffelsvlei is in 1903 'n CNO-skool op die noordelike deel van die plaas gestig met 'n sekere Johnson as onderwyser. Net ses leerlinge van die Buffelsvleise goewermentskool het na hierdie skool

---

16) Ibid., pp. 144 - 145.
17) Ibid., p. 139.
18) Loc. cit.

oorgegaan. Die hoofonderwyser van die Buffelsvleise goewermentskool was bowendien daarvan oortuig dat die betrokke kinders die CNO-skool nie om prinsipiële redes besoek het nie, maar vanweë die afstand vanaf die goewermentskool. Na 'n kort tydjie was die ses kinders weer terug by die Buffelsvleise goewermentskool. Die ouers was verontrus oor die skade wat hulle kin=ders by die CNO-skool, met sy lae onderwyspeil, gely het.[19]

Die hoofonderwyser, Johnson, van die Buffelsvleise CNO-skool was blykbaar ongekwalifiseerd en het die skool ook nie by die Departement van Onderwys geregis=treer nie. J. N. Boshoff, 'n bewoner van die plaas, het Johnson se aandag op Ordonnansie no. 7 van 1903 gevestig. Die betrokke ordonnansie het vereis dat onderwysers gekwalifiseer moes wees (art. 7(5)) en dat privaatskole met meer as tien leerlinge by die Onderwysdepartement geregistreer moes word (art. 7(1)).[20]

In 1906 het lede van die "Het Volk Party" in die Ventersdorpse distrik vergader om 'n fonds vir die oprigting van CNO-skole te stig. Baie min ouers van Buffelsvlei het die vergadering bygewoon omdat die ouers met die bestaande goewermentskool tevrede was.[21]

---

19) Log Book, Buffelsvlei School, 1903-03-05.

20) Ibid., 1903-04-09. Vgl. ook: Ordinance no. 7 of 1903, art. 7.

21) Log Book, Buffelsvlei School, 1906-02-16.

Op die plaas Sterkstroom, in die Ventersdorpse dis=trik, is die CNO-gedagte ook gehuldig. Die goewer=mentskool, Sterkstroom-Wes, het in 1907 'n privaatskool geword omdat die bewoners van die plaas die goewer=mentskool teengestaan het. As hoof van die privaat=skool het 'n sekere Venter opgetree. Hy is later deur A. Röscher opgevolg. Die bestaan van die pri=vaatskool was egter van korte duur, omdat die ouers die skool nie finansieël in stand kon hou nie. Op 23 Julie 1907 het die betrokke skool weer 'n goewer=mentskool geword.[22)]

In die Ventersdorpse distrik is verskeie CNO-skole op die plaas Klipplaatsdrift gestig. Teen die einde van 1904 het J. A. van Vuuren, 'n bewoner van die betrokke plaas, hom vir die stigting van 'n "National School" beywer. 'n Komitee bestaande uit J. A. van Vuuren, S. Gouws en P. Strydom is deur die ouers na Sterk=stroom-Wes afgevaardig om inligting en die nodige do=kumente te bekom. Die plan om 'n goeie onderwyser te vind het egter nie gerealiseer nie.[23)]

In die jaar 1904 het daar egter op Klipplaatsdrift 'n CNO-skool bestaan met 'n ongeletterde boervrou as onderwyseres. Dit was 'n skool met die Bybel as leerboek.[24)]

---

22) BARNARD, S. S.: Die geskiedenis van die ontwik=keling van die onderwys van Blankes in die Klerks=dorpse distrik, 1838 - 1955, pp. 208 - 209.

23) Log Book, Klipplaatsdrift School, 1904-10-06.

24) Ibid., 1904-08-12.

Volgens F. F. Williams, distriksonderwyser van Venters= dorp, was daar twee CNO-skole op die plaas Klipplaats= drift. Een van die skole het met 'n leerlingtal van agt aan die einde van 1904 gesluit.[25)]

Op Ventersdorp was die ouers tevrede met die goewer= mentskool en geen CNO-skool is gestig nie. Niemand het om meer onderrig in Hollands aangedring nie. Van die 158 leerlinge van die Ventersdorpse goewer= mentskool het 136 in Hollands onderrig ontvang en 83 het Godsdiensonderrig deur medium van Hollands ont= vang.[26)] Ds. F. S. du Toit, wat versoek is om die Godsdiensonderrig te ondersoek, se bevinding was dat die Bybelkennis van die kinders goed was.[27)]

### 6.3.2 Herstigting van skole en plaaslike bestuur, 1902 - 1910

#### 6.3.2.1 Inleiding

In 1903 is daar in ooreenstemming met Ordonnansie no. 7 van 1903 'n begin gemaak met die instelling van plaaslike adviserende skoolkommissies.[28)] Die skool= kommissies het min seggenskap in die keuse van onder= wysers gehad, maar hulle kon die skoolrade ten opsigte van die verbetering en vergroting van skoolgeboue

---

25) Ibid., 1905-11-15.

26) Log Book, Ventersdorp Government School, 1905-11-15.

27) Ibid., 1906-05-24.

28) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 133. Vgl. ook: Ordinance no. 7 of 1903, art. 8.

adviseer.[29]

Volgens die Selbornememorandum van 1905 kon die Luitenant-Goewerneur vir alle goewermentskole met meer as sestig leerlinge adviserende skoolkommissies aanstel. Die kommissielede moes skoolouers wees en hulle moes oor die skoolgebou en terrein toesig hou. Die skoolkommissies moes die Direkteur van Onderwys by die eventuele aanstelling of skorsing van onder=wysers adviseer.[30]

Die Smutsonderwyswet van 1907 wat in Oktober 1907 in werking getree het, het verder op die Selborne=memorandum voortgebou. Die Transvaalkolonie is in skoolraadsdistrikte ingedeel en vir elke afsonderlike distrik is daar 'n bestuur saamgestel. Vir elke af=sonderlike skool kon daar 'n skoolkommissie deur die skoolouers verkies word. Skoolkommissies, bestaande uit minstens vyf en hoogtens sewe lede, se pligte en magte was om mededelinge aan die skoolrade te maak ten opsigte van sake wat die welsyn of werksaamhede van hulle onderskeie skole geraak het, soos byvoor=beeld skoolgeboue en eiendom en die aanstelling en skorsing van onderwysers.[31]

---

29) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 133.
30) Lord Selborne's Minute, 1905-11-17.
31) Wet no. 25 van 1907, artt. 66 - 73.

#### 6.3.2.2 Die Ventersdorpse goewermentskool

Na die vredesluiting in 1902 het inspekteur C. A. Bangley opdrag ontvang om 'n goewermentskool op die dorp te stig. Aan die opdrag is op 3 Julie 1903 voldoen.[32]

Op 'n ouervergadering van 2 November 1904 is die volgende persone as skoolkommissielede verkies: A. Röscher, M. E. Gey, R. Beukes, A. Delport en W. Basson.[33] In Maart 1907 het die skoolouers in ooreenstemming met die Selbornememorandum die volgende persone as kommissielede verkies: J. C. Brandt, C. J. van der Merwe, O. Holmes, R. Wilson, W. B. Kruger, J. W. Tolmay, J. Engelbrecht en N. Delport.[34]

Die skoolkommissie moes weer vroeg in 1908, na die uitvaardiging van die Smutswet, hersaamgestel word.[35]

#### 6.3.2.3 Die Buffelsvleise skool

Die skool op die plaas Buffelsvlei is op 20 Oktober 1902 weer heropen.[36] Geen skoolkommissie is saam=

---

32) Log Book, Ventersdorp Government School, 1904-07-25.

33) Ibid., 1904-11-04.

34) Ibid., 1907-03-27.

35) Ibid., 1908-05-29.

36) Log Book, Buffelsvlei School, 1902-10-20.

gestel nie, maar kwartaallikse ouervergaderings is ge=hou. Die vergaderings is gewoonlik deur die "District Head Master" bygewoon. Op 21 September 1903 het die skoolouers van Buffelsvlei deur middel van 'n brief aan die "District Head Master" sanitêre geriewe by die skool aangevra.[37] By die skool is die beheer geheel en al in die hande van die Onderwys=departement gelaat en is die wil van die ouers deur ouervergaderings bekend gemaak.[38] Dit was heelte=mal in ooreenstemming met die beleid van die Onder=wysadministrasie, wat aanvanklik plaaslike skoolkom=missies wou uitskakel.[39] Ouervergaderings sou meer belangstelling by die plaaslike mense wek.

In 1905 was daar meer as 62 ingeskrewe leerlinge. Die skool was dus geregtig op 'n skoolkommissie, maar geen skoolkommissie is aangestel nie.[40]

Die eerste skoolkommissie vir die skool is eers op 22 Februarie 1906 verkies. Die volgende persone het op die kommissie gedien: P. R. Nell, M. J. de Kock, J. H. de Kock en J. F. Boshoff.[41] In 1907 is die=selfde persone herkies, behalwe J. F. Boshoff wat

---

37) Ibid., 1903-09-21.

38) Ibid., 1904-09-03.

39) TRANSVAAL AND ORANGE RIVER COLONY: Educa=tion report, 1901-06-30, pp. 11 - 12. Vgl. ook: BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedago=giese evaluering van die onderwys van die Trans=vaalse plaasskool, 1838-1967, p. 332.

40) Log Book, Buffelsvlei School, 1905-09-01.

41) Ibid., 1906-02-22.

deur K. N. de Kock vervang is.[42] Na die inwerking=treding van die Smutswet is die volgende kommissie=lede op 20 Mei 1908 verkies: G. N. Pieterse, M. J. de Kock, P. R. Nell, J. H. Nell en P. D. du Preez.[43]

### 6.3.2.4 Die Palmietfonteinse skool

'n Sekere mev. Bands het dié skool na die Anglo-Boere-Oorlog heropen.[44] Die eerste skoolkommissie is eers in Februarie 1906 verkies. Die volgende persone was lede van die skoolkommissie: P. F. Visser, P. A. Cronje, L. D. van Zyl en M. C. Rÿkaart.[45]

### 6.3.2.5 Die skool te Sterkstroom-Oos

Die onderstaande inskrywing in die skooljoernaal ver=haal die herstigting van die skool in 1903: "On re=quest of the parents a school was granted by the Ed. Department and erected during the course of March 1903 at Sterkstroom East; on a plot of ground 50 x 50 yds. given and agreed by Mr. J. C. Coetzee Sr." [46]

---

42) Ibid., 1907-03-25.

43) Ibid., 1908-05-20.

44) Log Book, Palmietfontein Government School, 1906-03-01.

45) Ibid., 1906-03-02.

46) Log Book, Sterkstroom East School, preface, n.d.

Die skoolouers het eers in 1906 daartoe oorgegaan om 'n skoolkommissie te verkies.[47]

### 6.3.2.6 Die skool te Sterkstroom-Wes

Die skool te Sterkstroom-Wes is in 1902 met twee Engelse as onderwysers heropen.[48] Dit kan aanvaar word dat daar in ooreenstemming met die beleid van die onderwysadministrasie geen skoolkommissie verkies is nie. In 1907 het die skool in elk geval 'n pri= vaat skool geword.

### 6.3.2.7 Die Klipplaatsdriftse skool

Die skool op die plaas Klipplaatsdrift is op 1 Desem= ber 1902 heropen. Die inspekteurs van onderwys het deur middel van ouervergaderings die wense van die ouers te wete gekom. Ongelukkig was die vergaderings nie gereeld gehou nie en die wat wel gehou is, is baie swak bygewoon. Op een vergadering was net vier ouers teenwoordig.[49]

Die eerste skoolkommissie wat in 1906 verkies is, het uit die volgende persone bestaan: A. Lewies, P. Schutte, D. du Toit en C. Buys.[50]

---

47) Ibid., 1906-02-23.

48) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 208.

49) Log Book, Klipplaatsdrift School, 1904-09-25.

50) Ibid., 1906-02-23.

Die skoolkommissieverkiesing van Maart 1907 het tot onmin tussen E. Harris, die hoofonderwyser, en die voorsitter van die skoolkommissie (vermoedelik M. Booyens) gelei. Die voorsitter wou gehad het dat Harris die nominasies gesluit moes verklaar nadat die benodigde getal kommissielede genomineer is. Harris se weiering om onkonstitusioneel te handel het daar=toe aanleiding gegee dat die voorsitter sy kind uit die skool gehaal het. Sy voorbeeld is deur ander ouers gevolg. Harris het in die skooljoernaal sma=lend na die "ignorance and pigheadedness" van die voorsitter verwys.[51)]

Die volgende persone is met die skoolkommissiever=kiesing van 1907 tot lede verkies: M. Booyens (voor=sitter), M. Lourens, S. Deÿsel, D. du Toit en J. Booyens (sekretaris).[52)] In 1908 het die skoolkom=missie soos volg daar uitgesien: P. Schutte (voor=sitter), A. Lewies, M. Kruger, S. Deÿsel, C. Johnson en J. Booyens (sekretaris).[53)]

### 6.3.2.8 Die skool te Elandskuil-Wes

Die skool te Elandskuil-Wes is in Oktober 1902 deur bemiddeling van F. F. Williams, die distrikshoofonder=wyser, heropen. Die eerste skoolkommissie van die skool was soos volg saamgestel: D. J. Yssel, P. L.

---

51) Ibid., 1907-03-25.
52) Ibid., 1907-03-27.
53) Ibid., 1908-05-25.

Yssel, H. P. van Aswegen, P. W. Labuschagne en C. L. Yssel.[54)]

Die datum waarop die eerste skoolkommissieverkiesing plaasgevind het, kon nie vasgestel word nie. In die lig van die onderwysgebeure in die res van die Ventersdorpse gebied, kan dit aanvaar word dat die verkiesing na die uitvaardiging van die Selbornememorandum in 1905 plaasgevind het.

### 6.3.2.9 Die skool te Elandskuil-Oos

Oor die onderwysontwikkeling by die skool is baie min data beskikbaar. Die skool is in 1905 met 'n sekere De Beer as onderwyser heropen.[55)]

### 6.3.2.10 Die Blesbokfonteinse skool

Die skool op die plaas Blesbokfontein is op 8 Desember 1902 heropen.[56)]

### 6.3.2.11 Die Kafferskraalse skool

Na die vredesluiting op 31 Mei 1902 het inspekteur

---

54) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Op. cit., p. 38).

55) Loc. cit.

56) Log Book, Blesbokfontein, 1971-03-26.

J. H. Corbett vir H. W. Hesse, Hoof van die Hartebeestfontein skool, aangemoedig om skole te stig. Die skool te Kafferskraal is in Oktober 1903 gestig met W. P. Jenkens as onderwyser.[57)]

Gedurende Junie 1908 is die volgende skoolkommissielede verkies: J. A. Scholtz, J. J. Scholtz, A. J. van Niekerk, L. T. J. Nel en A. F. van Niekerk.[58)]

### 6.3.3 Personeelvoorsiening

In tabel 6.1 word die name verstrek van die onderwysers(esse) wat gedurende die jare 1902-1910 in die verskillende skole in die Ventersdorpse gebied onderwys gegee het.

### 6.3.4 Onderwyspeil en inspeksieverslae van die verskillende skole

#### 6.3.4.1 Die Ventersdorpse goewermentskool

Die onderwyspeil aan die Ventersdorpse goewermentskool was vanaf die herstigting van die skool in baie opsigte besonder hoog. L. O. Molley het namens die Departement van Onderwys soos volg op 'n inspeksieverslag van E. Garnett reageer: "I am instructed by

---

57) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 190.

58) Loc. cit.

# O N D E R W Y S P E R S O N E E L,
# 1902 - 1910

| JAARTAL | 59) VENTERSDORP | 60) BUFFELSVLEI | 61) PALMIETFON-TEIN | 62) ELANDSKUIL-OOS | 63) ELANDSKUIL-WES | 64) KLIPPLAATS-DRIFT | 65) STERKSTROOM-OOS | 66) STERKSTROOM-WES | 67) KAFFERS-KRAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1902 | F.F. Williams<br>Mej. K. Röth<br>Mej. J. Brandt<br>Mej. C. Delport<br>Mej. M. Bremer | A.A. leR de Wet<br>Mej.J.M.Staines | Mev. Bands | | P. M. Meyneke<br>Mej. S. Delport | J.J Booyens | | | |
| 1903 | F.F. Williams<br>Mej. A. Röth<br>Mej. J. Brandt<br>Mej. C. Delport<br>Mej. M. Bremer<br>Mej. C. Owen<br>H. F. Forbes<br>S. Yssel | A.A. leR de Wet<br>Mej.J.M.Staines | Mev. Bands | | P. M. Meyneke<br>Mej. S. Delport<br>W.A.S. Nel | J.J. Booyens<br>A. Law<br>Linton | A. Law<br>A. Naudé | | W. P. Jenkens |
| 1904 | F.F. Williams<br>Mej. C. Delport<br>H.F. Forbes<br>Mev. M. Williams<br>J. W. Neethling<br>Mej. R. Kerr<br>Mej. A. Carrol | A.A. leR de Wet<br>Mej. J.M.Staines | Mev. Bands | | W.A.S. Nel<br>Mej. J. Yssel | J.J. Booyens<br>A. Law | A. Naudé<br>Mej. R.E.Moore | | W. P. Jenkens |
| 1905 | F.F. Williams<br>H. F. Forbes<br>Mev.M.Williams<br>J. W. Neethling<br>Mej. R. Kerr<br>Mej. A. Carrol<br>Mej. I. Dawson<br>R. Hoekstra | A.A. leR de Wet<br>Mev.J.M.v d. Berg(geb. Staines)<br>Mej.H. Staines | Mej. S. Kemt<br>Mej. J. Stickland<br>J. Eadie (Hoof) | De Beer | W.A.S. Nel<br>Mej. J. Yssel | E. H. Harris<br>J. J. Booyens | A. Naudé<br>Mej. R.E.Moore<br>O'Connel | | W. P. Jenkens |
| 1906 | H. F. Forbes<br>Mev.M. Williams<br>J. W. Neethling<br>Mej. R. Kerr<br>Mej. A. Carrol<br>Mej. I. Dawson<br>R. Hoekstra | A.A. leR de Wet<br>Mej. H.Staines | J. Eadie<br>Mej. S. Kemt | Hopkins<br>Mej.v.Heerden | W.A.S. Nel<br>Mej. J. Yssel | E. H. Harris<br>J. J. Booyens | A. Naudé<br>O'Connel | | W. P. Jenkens |
| 1907 | H. F. Forbes<br>Mev.M. Williams<br>J. W. Neethling<br>Mej. R. Kerr<br>Mej. A. Carrol<br>Mej. I. Dawson<br>R. Hoekstra | A.A. leR de Wet<br>Mej. H.Staines | J. Eadie<br>Mej. S. Kemt | | W.A.S. Nel<br>Mej.J. Yssel | E. H. Harris<br>J. J. Booyens | A. Naudé<br>O' Connel<br>Mej. Abbot<br>J. A. Hugo | J. Schutte | W. P Jenkens |
| 1908 | H. F. Forbes<br>J. W. Neethling<br>Mej. R. Kerr<br>Mej. I. Dawson<br>R. Hoekstra<br>Markotter | A.A. leR de Wet<br>Mej. H.Staines | J. Eadie<br>Mej. S. Kemt | | W.A.S. Nel<br>Mej. J. Yssel | E. H. Harris<br>J. J. Booyens | A. Naudé<br>J. A. Hugo | J. Schutte | W. P. Jenkens |
| 1909 | H. F. Forbes<br>J. W. Neethling<br>Mej. I Dawson<br>R. Hoekstra<br>J. Eadie<br>Mej. Elliot<br>Markotter | A.A. leR de Wet<br>Mej. H. Staines<br>Atkinson<br>Mej. Corbett | J. Eadie<br>Mej. S. Kemt<br>M. Franks | | W.A.S. Nel<br>Mej. J. Yssel | E. H. Harris<br>J. J. Booyens | A. Naudé<br>J. A. Hugo<br>Mej. Walters | J. Schutte | A. O. Stormer<br>S. P. Wias |
| 1910 | H. F. Forbes<br>J. W. Neethling<br>Mej. I. Dawson<br>R. Hoekstra<br>Mej. Elliot<br>Markotter | A.A. leR de Wet<br>Atkinson | J. Eadie<br>Mej. S. Kemt<br>Mej. Corbett<br>Visser | | W.A.S. Nel<br>Mej. J. Yssel | E. H. Harris<br>J. J. Booyens | A. Naudé<br>Mej. Walters | J. Schutte | F.A.H. le Roux<br>D.Steenkamp |
| 59) Log Book, Ventersdorp Government School, 1904-07-25, 1904-08-12, 1905-03-13, 1905-04-04, 1906-10-12, 1907-10-04, 1907-10-21, 1909-04-14, 1909-10-20, 1910-11-23 | 60) Log Book, Buffelsvlei School, 1902-10-20, 1902-11-10, 1904-12-15, 1905-05-05, 1908-07-25, 1909-08-03 | 61) Log Book, Palmietfontein Government School, 1906-03-14, 1909-04-14, 1910-02-04, 1910-03-11 | 62) Nel,W.A.S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1881 tot 1981 op die plaas Elandskuil, (De Yssel, G. J. and ander: Op. cit., p.38). | 63) Loc. cit. | 64) Log Book, Klipplaatsdrift School, 1904-10-04, 1905-08-06, 1910-11-25 | 65) Log Book, Sterkstroom East School, 1904-07-22, 1906-08-18, 1907-01-25, 1907-04-12, 1909-08-20 | 66) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 209. | 67) Ibid., pp. 180-181. |

TABEL 6.1

the Director of Education to express his pleasure at receiving so striking a proof of zeal for and confidence in the teachers and school at Ventersdorp".[68)]

In 1908 het die volgende opmerking in die inspeksie=verslag die hoë gehalte van die sekondêre onderwys in die skool beklemtoon: "I do not hesitate to say that Ventersdorp School is, so far as its Standards VII and Ex VII are concerned, the best in my cir=cuit".[69)]

In 1909 het die inspekteur hoë lof vir die werk van die waarnemende hoof, J. Eadie, gehad. "Mr. John Eadie conducts the school, during the absence of Mr. Forbes in a highly efficient manner.[70)]

Die groot leemte in die skool se onderwyspeil was die swak werk wat in sts. 5 en 6 gedoen is. Die inspek=teur het op die onmiddellike verbetering daarvan aan=gedring indien die skool wou voortbou op "its pre=sent high position".[71)]

### 6.3.4.2 Die Buffelsvleise skool

Volgens die inspeksieverslag van 1904 het alles by

---

68) Log Book, Ventersdorp Government School, 1904-07-25.

69) Ibid., 1908-11-05.

70) Ibid., 1909-06-25.

71) Loc. cit.

die Buffelsvleise skool glad verloop en is goeie werk gedoen. In dieselfde jaar het inspekteur E. Garnett tydens 'n tweede besoek aan die skool be= vind dat die onderwyser goeie werk gelewer het.[72)]

Vanweë die swak skoolbesoek het die hoofonderwyser, A. A. le R. de Wet, in 1906 'n swak inspeksiever= slag verwag.[73)] Die inspekteur vir Hollands, N. Hofmeyr, het egter verklaar dat goeie werk aan die skool gedoen is sover dit Hollands betref het. Die inspekteur het in dié verband opgemerk: "The medium used is simple grammatical Dutch throughout the school - i.e. in the Dutch lessons, which is a great advantage for the pupils".[74)]

In 1908 was inspekteur Stoffberg beïndruk met die gehalte werk wat deur die assistente, 'n sekere mej. Staines, gelewer is. Die hoofonderwyser, A. A. le R. de Wet, moes egter hoor dat die onderwys= peil in sy klasse nie na wense was nie.[75)]

### 6.3.4.3 Die Palmietfonteinse skool

Inspekteur J. H. Corbett het die skool in 1906 besoek en verklaar dat die skryfboeke nie netjies was nie en dat baie meer aandag aan skrif gegee moes word. Die standaard van Engels het volgens die inspekteur

---

72) Log Book, Buffelsvlei School, 1904-11-25.
73) Ibid., 1906-09-21.
74) Ibid., 1906-11-23.
75) Ibid., 1908-03-24.

baie verbeter.[76]

In dieselfde jaar het die Hollandse inspekteur, N. Hofmeyr, bevind dat al die leerlinge, behalwe twaalf klein kindertjies, Hollands as vak geneem het. Daar is 'n halfuur per dag aan taalonderrig bestee. Dat Afrikaans besig was om Hollands op Palmietfontein te vervang, blyk uit die volgende opmerking van inspek= teur N. Hofmeyr: "The medium used by the teachers is mostly 'The Taal'. In the upper classes espe= cially this should not be continued. Simple, but grammatical Dutch, continually spoken by the teacher is a great help to the teacher".[77]

Die taalprobleem se nadelige uitwerking op die onder= wyspeil blyk uit die volgende bevinding van inspek= teur J. H. Corbett tydens sy inspeksiebesoek te Pal= mietfontein in 1906: "Now a Boer child does not know High Dutch and the 'taal' does not contain in its vocabulary the necessary words for the conduct of many mental operations. Hence the child is harass= ed when a teacher attempts to carry on work in three languages". Die betrokke inspekteur het egter die skool op Palmietfontein as een van die beste plaas= skole in sy rondgang beskou.[78]

Inspekteur H. S. Scott het in 1907 die Palmietfonteinse

---

76) Log Book, Palmietfontein Government School, 1906-03-14.

77) Ibid., 1906-11-10.

78) Ibid., 1907-02-02.

skool as 'n "very satisfactory school" beskryf.[79]

In 1908 het inspekteur Stoffberg die hoofonderwyser, J. Eadie, gelukgewens dat hy Hollands al so goed aan=geleer het. Die standaard in Hollands in die skool was goed.[80] In dieselfde jaar het inspekteur J. H. Corbett beweer dat vyf standerds en twee tale nie deur twee onderwysers na wense hanteer kon word nie.[81]

In 1909 het inspekteur N. Hofmeyr ten opsigte van die waarnemende hoofonderwyser, M. Franks, die vol=gende opgemerk: "De heer Franks werkt niet methodies en kent niet genoeg Hollandsch.[82] Inspekteur J. H. Corbett het in 1909 soos volg gerapporteer: "It is now one of the worst, perhaps the very worst school situated on the Schoon Spruit.[83]

In 1910, na die terugkeer van J. Eadie, het daar vol=gens inspekteur J. H. Corbett weer 'n groot verbete=ring ingetree en was die skoolwerk weer op stan=daard.[84]

---

79) Ibid., 1907-04-03.
80) Ibid., 1908-04-15.
81) Ibid., 1908-08-14.
82) Ibid., 1909-10-06.
83) Loc. cit.
84) Ibid., 1911-09-30.

6.3.4.4 Die skool op Sterkstroom-Oos

Die verskillende inspeksieverslae toon dat daar onder die leiding van die hoofonderwyser, A. Naudé, 'n hoë onderwyspeil by die skool gehandhaaf is. In 1905 het inspekteur D. Conacher opgemerk dat alles by die skool in orde was.[85] Inspekteur H. S. Scott was verbaas dat daar ten spyte van die swak skoolbesoek, so 'n uitstekende onderwyspeil gehandhaaf kon word.[86]

Die inspeksieverslag van 1909 het soos volg gelui: "This school continues to rank as one of the best farm schools along Schoonspruit. The principal is an excellent teacher and a hard worker ..."[87]

Volgens hoofonderwyser A. Naudé is die onderwys= peil van die skool benadeel deurdat baie van die kin= ders gerook het. Baie kinders kon niks begryp nie, " ... omdat hunne verstanden geheel en al beneveld zijn door rook en het is onmogelijk voor den onder= wijzer om hem iets te doen begrijpen, en daar en bowen zijn zij altoos suf en slaperig op school".[88]

6.3.4.5 Die skool te Sterkstroom-Wes

Baie min gegewens oor die onderwysontwikkeling aan

---

85) Log Book, Sterkstroom East School, 1905-09-12.
86) Ibid., 1909-11-13.
87) Loc. cit.
88) Ibid., 1910-08-12.

die begin van die eeu by hierdie skool is beskikbaar. Vanweë bepaalde ongunstige omstandighede kon daar nie 'n hoë onderwyspeil gehandhaaf word nie. Volgens S. S. Barnard het die skool net vir 'n kort tydjie bestaan aangesien die bewoners van dié deel van die plaas teen die goewermentskole gekant was. 'n Pri=vaatskool is dan ook inderdaad gestig. Benewens bo=genoemde belemmerende faktore was daar 'n uiters swak lokaal beskikbaar en is Bybels, psalmboeke en verou=derde leesboeke, as leerboeke gebruik.[89]

6.3.4.6 Die Klipplaatsdriftse skool

In 1905 het D. Conacher, distrikshoofonderwyser van vier plaasskole, as inspekteur opgetree en inspeksie by die skool op Klipplaatsdrift gedoen. Daar was 'n tydtafel by die skool maar geen "leerplan" nie. Die onderwyspeil in st. 3 was baie laag. Lees was baie swak en die werk slordig. Die lae onderwyspeil is aan die onbekwaamheid van die onderwyser, J. J. Booyens toegeskryf. Op 'n ouervergadering het die ouers hulle ontevredenheid met die onderwyser laat blyk. Conacher het die daling in die leerlingtal op die digbewoonde plaas aan swak onderwys toegeskryf, en het 'n ander skoolhoof aanbeveel.[90] In dieselfde jaar nog is E. Harris aangestel.[91] Die volgende

---

89) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, pp. 208-209.

90) Log Book, Klipplaatsdrift School, 1906-01-31.

91) Ibid., 1905-09-06.

inspeksie is in 1907 deur J. H. Corbett waargeneem en hy het bevind dat goeie onderwys gegee is.[92] Inspekteur J. H. Corbett het verklaar dat 'n hele paar kinders op die plaas verstandelik gestremd was.[93] Inspekteur N. Stoffberg het bevind dat die onderwys in die Hollandse taal nie na wense was nie.[94]

In 1909 was inspekteur N. Stoffberg nog ontevrede met die wyse waarop Hollands onderrig is. Die inspekteur was van mening dat E. Harris, wat Hollands moes onder=rig, se kennis van die taal gebrekkig was. Die be=trokke onderwyser is vermaan om sy vroeëre belofte, naamlik om by 'n bekwame onderwyser onderrig in Hollands te ontvang, na te kom.[95]

Gedurende 1910 het J. H. Corbett by die skool inspek=sie gedoen. Hy het hom sterk uitgelaat oor die lae standaard in Engels in die klasse waarvoor J. J. Booyens verantwoordelik was. Dit is van Booyens verwag om voortaan meer aandag aan studie te bestee en minder aandag aan sy plaas te gee. Volgens die inspekteur was die onderwyspeil in Rekenkunde baie hoog en die onderrig in Hollands was bevredigend.[96]

---

92) Ibid., 1907-09-07.
93) Ibid., 1908-08-17.
94) Ibid., 1908-08-19.
95) Ibid., 1909-10-06.
96) Ibid., 1910-11-28.

6.3.4.7 Die skool op Elandskuil-Wes

In November 1905 het die Direkteur van Onderwys, J. E. Adamson, vergesel van die Sekretaris van Onder=wys, H. S. Scott, die skool besoek en informeel inspek=sie gedoen. Die twee here was baie tevrede met die peil van die onderwys in die skool.[97)]

Gedurende 1910 het J. H. Corbett inspeksie gedoen en die sentralisasie van die twee skole op Elandskuil aanbeveel ter wille van groter doeltreffendheid.[98)]

6.3.4.8 Die skool op Elandskuil-Oos

Oor hierdie skool is daar min gegewens beskikbaar. Die onderwyspeil kon verhoog word indien sentralisasie kon plaasvind sodat minder kinders by een onderwyser onderwys kon ontvang.[99)]

6.3.5 Inskrywing en skoolbywoning

6.3.5.1 Leerlingtalle

Die volgende tabel toon die inskrywing en verspreiding van die leerlinge aan in 'n aantal skole in die Schoon=spruitvallei, Ventersdorpse distrik, 1905-1910.

---

97) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elands=kuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Op cit., p. 38).

98) Ibid., pp. 38 - 39.

99) Loc. cit.

HOOGSTE INSKRYWING IN SKOLE IN DIE SCHOONSPRUITVALLEI, 1905 - 1910

| JAAR | VENTERSDORP[100)] | BUFFELSVLEI[101)] | PALMIETFONTEIN[102] | STERKSTROOM-WES[103)] | STERKSTROOM-OOS[104] | KLIPPLAATSDRIFT[105)] |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1905 | 158 | 62 | 38 | - | 59 | 42 |
| 1906 | 166 | 57 | 52 | - | 61 | 47 |
| 1907 | 163 | 61 | 39 | 37 | 55 | 53 |
| 1908 | 146 | 56 | 52 | 22 | 48 | 58 |
| 1909 | 148 | 47 | 44 | 47 | 47 | 49 |
| 1910 | 188 | 44 | 60 | - | 35 | 50 |

TABEL 6.2

100) Log Book, Ventersdorp Government School, 1905-11-15; 1906-11-01; 1907-01-23; 1908-11-05; 1909-01-26; 1910-11-03.

101) Log Book, Buffelsvlei School, 1905-09-01; 1906-01-26; 1907-03-25; 1908-08-20; 1909-01-19; 1910-03-24.

102) Log Book, Palmietfontein Government School, 1905-11-08; 1906-03-16; 1907-02-02; 1908-08-14; 1909-10-06; 1910-02-04.

103) BARNARD, S. S.: Die geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838 - 1955, p. 209.

104) Log Book, Sterkstroom East School, 1905-11-24; 1906-01-26; 1907-03-01; 1908-01-21; 1909-07-23; 1910-11-19.

105) Log Book, Klipplaatsdrift School, 1905-01-27; 1906-06-03; 1907-06-12; 1908-05-29; 1909-03-31; 1910-01-18.

### 6.3.5.2 Skoolbesoek

Skoolplig is deur die Smutswet (1907) ingestel. Alle kinders tussen 7 en 14 jaar wat binne drie "myl" vanaf die skool gewoon het, was skoolpligtig.[106)]

In die begin van 1908 was daar nog nie amptenare be= noem om skoolplig, indien nodig, af te dwing nie, maar gedurende 1909 kon die Direkteur van Onderwys verklaar dat die wetsbepaling nie alleen in werking is nie, maar dat dit ook doeltreffend gefunksioneer het.[107)]

Die volgende faktore het 'n nadelige uitwerking op die skoolbesoek in die Ventersdorpse gebied gehad:

* *Gure weersomstandighede*

Op 10 April 1905 het die hoof van die Venters= dorpse goewermentskool in die skooljoernaal ge= skryf dat die swak skoolbywoning die gevolg van gure weer was.[108)] In Mei van dieselfde jaar was koue weer vir die swak skoolbesoek verantwoordelik.[109)] Op 4 Februarie 1907 was

---

106) Wet no. 25 van 1907, art. 19.

107) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coet= zee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 303).

108) Log Book, Ventersdorp Government School, 1905-04-10.

109) Ibid., 1905-05-31.

die skoolbesoek by die betrokke skool minder as 50 persent vanweë nat weer.[110] 'n Sneeu=storm in 1909 het tot gevolg gehad dat net 38 leerlinge uit 'n moontlike 149 die skool besoek het.[111] Die skoolhoof het die Ven=tersdorpse skoolkommissie se hulp ingeroep met betrekking tot die swak skoolbesoek. Leer=linge het te maklik weggebly vanweë ongunstige weerstoestande.[112]

Ook in die wykskole het gure weerstoestande die skoolbesoek nadelig beïnvloed. Telkemale word daar in die betrokke skooljoernale na swak skoolbesoek vanweë abnormale weersgesteld=hede verwys. Dit was veral oorvloedige reën wat die skoolbesoek benadeel het.

* *Belangeloosheid van die ouers*

Die skoolouers het nie altyd hulle samewerking in die pogings om gereelde skoolbesoek te be=vorder, gegee nie. A. Naudé, hoofonderwyser van Sterkstroom-Oos, het beweer dat die meer=derheid van die ouers dit bloot aan die kind oorgelaat het om te besluit of hy/sy die skool wou bywoon al dan nie.[113] Die skoolouers

---

110) Ibid., 1907-02-04.

111) Ibid., 1909-08-17.

112) Ibid., 1906-07-24.

113) Log Book, Sterkstroom East School, 1910-05-27.

van die Ventersdorpse goewermentskool het die laaste week van elke kwartaal blykbaar nie van waarde beskou nie, omdat die skoolbesoek dan baie swak was.[114)]

Sommige ouers het hulle kinders uit die skool geneem sodra hulle die ouderdom van 14 jaar bereik het. By die Buffelsvleise skool het inspekteur J. H. Corbett byvoorbeeld te doen gehad met 'n ouerpaar wat hulle dogter 'n maand voordat sy die ouerdom van 14 jaar be=reik het uit die skool geneem het. Dat dit blykbaar 'n algemene verskynsel was, blyk uit die volgende versugting van inspekteur J. H. Corbett: "If the law on compulsory education could only fix the leaving age at 16".[115)]

* *Tekort aan plaasarbeiders*

Baie ouers het hulle kinders summier uit die skool gehou om op die plaas te werk. Toe die Buffelsvleise skool in 1902 met twintig leer=linge op die register herstig is, was tien leerlinge afwesig omdat hulle met die heropbou van die plase na die oorlog behulpsaam was.[116)] Gedurende ploegtyd in 1903 was die skoolbesoek by hierdie skool besonder laag.[117)]

---

114) Log Book, Ventersdorp Government School, 1907-12-13.

115) Log Book, Buffelsvlei School, 1910-11-28.

116) Ibid., 1902-10-20.

117) Ibid., 1903-08-05.

Gedurende Meimaand in 1906 het baie kinders van die Palmietfonteinse skool met die insa=meling van die mielieoes gehelp, gevolglik het die skoolbesoek daaronder gely.[118)]

Die skoolhoof van Sterkstroom-Oos, A. Naudé, het die swak skoolbywoning aan die tekort aan swart plaasarbeiders toegeskryf. Die bywoning=syfer by dié betrokke skool was so laag gedu=rende druktyd op die plase dat Naudé moedeloos soos volg opgemerk het: "The attendance is so miserable that teaching is more a dread than a pleasure".[119)] By die betrokke skool is die vakansies verskuif dat dit binne oestyd val.[120)] Dit het egter nie veel gehelp nie, want in 1909 het die skoolbywoningsyfer 'n laagtepunt be=reik. Baie leerlinge het 'n hele kwartaal lank nie die skool bygewoon nie.[121)]

Daar is beslis opgetree teen die ouers van leer=linge wat die wetsbepalings ten opsigte van skoolplig geïgnoreer het. Die skoolkommissie van Buffelsvlei het byvoorbeeld by verskillende geleenthede die ouers gedwing om hulle skool=pligtige kinders skool toe te stuur.[122)]

---

118) Log Book, Palmietfontein Government School, 1906-05-05.

119) Log Book, Sterkstroom East School, 1905-05-19.

120) Ibid., 1905-11-03.

121) Ibid., 1909-09-16.

122) Log Book, Buffelsvlei School, 1908-01-21.

### 6.3.6 Skoollokale en toerusting

Behalwe die paar bruikbare skoolgeboue wat in die dorpe behoue gebly het, is die meeste skoolgeboue gedurende die oorlog verwoes. Privaat persone wat hulle bereid verklaar het om self 'n skoolgebou op te rig,is met ingang 1 Julie 1905 van die benodigde boumateriaal voorsien. Die gebou moes na voltooiing vir 'n tydperk van tien jaar tot die beskikking van die Onderwysdepartement gestel word.

In 1906 is skoolgeboue volgens een van die volgende skemas opgerig:[123])

* Die regering het geld voorsien en die gebou is deur die Departement van Publieke Werke opge= rig. Die gebou was dan regeringseiendom.

* Hout en yster is deur die regering voorsien en die eienaar van die skoolstandplaas moes die res van die boumateriaal voorsien en self die skool, onder toesig van die Departement van Publieke Werke, oprig. Die lokaal moes vir minstens tien jaar gratis tot die beskikking van die Onderwysdepartement gestel word. Daarna sou dit die eiendom van die eienaar van die standplaas word.

* Die skoolgebou kon geheel en al sonder onder= steuning van die regering opgerig word, maar

---

123) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., pp. 133-134.

volgens 'n goedgekeurde plan. Die gebou was dan privaat eiendom en is deur die Departement van Publieke Werke gehuur. Om huisvesting vir onderwysers te bekom is skoolgeboue so beplan dat die onderwyserswoning saam met die klas=lokale, alles onder een dak, opgerig kon word.

Die Ventersdorpse goewermentskool was in dieselfde gebou wat voor die Anglo-Boere-Oorlog vergroot is, gehuisves. Die skoolgebou was ondoelmatig,[124] maar in die lig van die finansiële omstandighede kon daar blykbaar geen beter voorsiening gemaak word nie. Die gebou was egter nie heeltemal onbruikbaar nie. Inspekteur H. S. Scott het die volgende opmerking in verband met die gebou gemaak: "I am bond to say that I have been in worse buildings in this country".[125]

Die Ventersdorpse goewermentskool moes in 1905 vanaf 28 November tot 1 Desember gesluit word sodat die kontrakteur, A. F. S. Röscher, die nodige herstelwerk aan die gebou kan doen.[126]

Op 3 Maart 1909 is die fondamentsteen van 'n nuwe skoolgebou op Ventersdorp gelê.[127] In Januarie 1910

124) Log Book, Ventersdorp Government School, 1905-11-15.

125) Loc. cit.

126) Ibid., 1905-11-28.

127) Ibid., 1909-03-03.

is die nuwe skoolgebou in gebruik geneem. Nieteen=staande swak weersomstandighede het daar 'n interes=sante seremonie by dié geleentheid plaasgevind. Die opening van die nuwe skool is deur die Direkteur van Onderwys, J. E. Adamson, waargeneem.[128)]

Die skoolgebou op Buffelsvlei is blykbaar gedurende die Anglo-Boere-Oorlog verwoes want 'n "marquee"-tent, wat van die "Potchefstroom Burgher Departement" verkry is, het na die oorlog as skoollokaal diens ge=doen. As gevolg van die warm klimaat moes daar in dieselfde jaar (1902) van die lokaal afgesien word.[129)] Daar is toe gebruik gemaak van 'n kamer in 'n leë woning op die plaas. Benewens die gebrek aan ruimte kon die bewoner van die huis enige tyd terugkeer. In November was die kamer nog in gebruik.[130)] Die eienaar van die woning, 'n sekere Boshoff, het in Desember 1902 na die plaas teruggekeer en die skool is toe na twee blokhuise op die plaas verskuif. Daar was genoeg ruimte en ventilasie in die nuwe lokale.[131)]

Die blokhuise het vir 'n kort tydjie as skoollokale gedien want op 20 Desember 1902 is 'n versoek aan die Onderwysdepartement gerig in verband met 'n lokaal.[132)] 'n "Mafeking Shelter" is toe opgerig en die skool kon

---

128) Ibid., 1910-01-18.

129) Log Book, Buffelsvlei School, 1902-10-20.

130) Ibid., 1902-11-10.

131) Loc. cit.

132) Ibid., 1902-12-20.

eers op 23 Januarie 1903 in die nuwe lokaal heropen.[133]

Die "Mafeking Shelter" moes in 1904 herstel word. Inspekteur E. Garnett het saam met 'n sekere Grace, 'n bouer, die skool besoek.[134] Die tender van Grace is egter nie aanvaar nie en die hoofonderwyser, A. A. le R. de Wet, het die herstelwerk vir slegs R2,00 gedoen.[135]

Inspekteur E. Garnett het die skoolouers op Buffels=vlei in 1904 ontmoet om die eventuele oprigting van 'n nuwe skoollokaal te bespreek.[136] Dié samespre=kings was egter onsuksesvol. In 1905 het die inspek=teur weer eens probeer om samesprekings met vooraan=staande ouers te voer, maar onderhandelings het egter weer misluk.[137]

Intussen is die "Mafeking Shelter" gedurende 'n storm onherstelbaar beskadig.[138] Benewens die beskadiging was die lokaal ondoelmatig vanweë die hoë temperature. Die skool moes verskillende kere as gevolg van die hitte vroeër gesluit word.[139]

---

133) Ibid., 1903-01-23.
134) Ibid., 1904-09-03.
135) Ibid., 1904-10-07.
136) Ibid., 1904-10-29.
137) Ibid., 1905-02-17.
138) Ibid., 1904-11-18.
139) Ibid., 1904-11-11.

'n Opslaanbare sinkgebou is vanaf Ventersdorp na Buffelsvlei oorgeplaas.[140] Die betrokke gebou is net vir 'n kort tydjie gebruik, waarna twee waenhuise van 'n sekere Boshoff en Staines as skoollokale ge= bruik is.[141]

Aan die begin van 1905 is daar uiteindelik 'n begin gemaak met die maak van stene en is klippe vir die fondament van die nuwe skool op Buffelsvlei aange= ry.[142] Die nuwe skoolgebou is in Augustus 1905 in gebruik geneem.[143]

In die skool te Buffelsvlei was daar 'n groot tekort aan geskikte ameublement. In 1905 moes 'n kas, tafel en stoel van die skool op Sterkstroom-Oos gehaal word.[144] Die toestand van die be$trokke meubels was baie swak.[145] Met die ingebruikneming van die nuwe skool op Buffelsvlei in 1905 is planke oor kaste geplaas om as sitplekke te dien.[146] In 1905 het die hoofonderwyser, vergesel van M. de Kock, op Potchef= stroom meubels gaan haal. Op 25 Augustus 1905 kon die skoolhoof in die skooljoernaal aanteken dat die skool vir die eerste keer van doelmatige ameu=

---

140) Ibid., 1905-02-17.
141) Ibid., 1905-07-25.
142) Ibid., 1905-03-24.
143) Ibid., 1905-08-11.
144) Ibid., 1905-03-31.
145) Ibid., 1905-05-05.
146) Ibid., 1905-08-11.

blement voorsien was.[147]

Die Palmietfonteinse goewermentskool moes na die oorlog in die "premises" van P. A. Cronje heropen word. Die lokale was nie vir onderwysdoeleindes geskik nie en die regering is gevra om 'n nuwe gebou te voorsien. 'n Ruim skoollokaal met doelmatige meubels en toerusting is toe voorsien. Die nuwe skoolgebou is op dieselfde plek opgerig waar die ou skoolgebou tydens die jare van die ZAR was.[148] In 1907 het inspekteur H. S. Scott aanbeveel dat die skool ventilasiestene moes kry en dat hoederakke aan= gebring moes word.[149]

In die afwesigheid van die hoofonderwyser, J. Eadie wat as waarnemende hoof op Ventersdorp opgetree het gedurende 1909, het verwaarlosing by die skool op Palmietfontein ingetree. Met sy terugkeer het Eadie opgemerk: "The stock is in a deplorable condition and several valuable items are missing".[150]

Op die plaas Sterkstroom-Oos moes 'n "Mafeking Shel= ter" met die stigting van die skool in 1903 as skool= lokaal diens doen. In November van dieselfde jaar het die ouers latrines by die skool opgerig.[151]

---

147) Ibid., 1905-08-25.

148) Log Book, Palmietfontein Government School, 1906-03-15.

149) Ibid., 1907-04-03.

150) Ibid., 1909-10-06.

151) Log Book, Sterkstroom East School, preface, n.d.

Inspekteur E. Garnett het aanbeveel dat die "Mafe=king Shelter" 'n nuwe dak moes kry. Hy het die skoolhoof, A. Naudé, geloof omdat hy met nougesette aandag die dak van die "Mafeking Shelter" gedurig gelap het.[152)]

Uiteindelik was die "Mafeking Shelter" so gehawend dat daar aan 'n permanente gebou gedink moes word.[153)] Die ouers van die skool te Sterkstroom-Oos het in 1906 besluit om op eie koste 'n skoollokaal op te rig en dit dan aan die Onderwysdepartement te verhuur.[154)] Die gebou is op 23 Julie 1907 voltooi en tydens die ingebruikneming daarvan het al die skoolkommissielede, asook die ouers wat teenwoordig was, die kinders toe=gespreek.[155)]

Die betrokke skoolkommissie het in 1907 besluit om die gebou binne en buite af te wit.[156)] In 1909 is die lokaal deur middel van 'n houttussenskot in twee lokale verdeel. Dit het die onderwys bevoordeel, want die kinders se aandag is minder afgetrek omdat elke onderwyser toe in 'n afsonderlike lokaal onderwys kon gee.[157)]

---

152) Ibid., 1904-08-07.
153) Ibid., 1905-11-24.
154) Ibid., 1906-02-23.
155) Ibid., 1907-07-27.
156) Ibid., 1907-08-02.
157) Ibid., 1909-06-25.

Die Sterkstroom-Wesskool het aanvanklik van 'n "mar=quee"-tent gebruik gemaak. In 1907, toe die skool 'n privaatskool geword het, is daar van 'n skoolge=boutjie met slegs een lokaal gebruik gemaak. Die gebou wat van rou stene gebou was, is van 'n rietdak voorsien. Miere het hulle intrek in die dak geneem gevolglik het grond en sand gedurig op die meu=bels, leerlinge en onderwyser neergesif ~~het~~.[158]

Toe die skool van Sterkstroom-Wes weer op 23 Julie 1907 'n goewerment-skool geword het, is 'n ou skuur wat aan J. D. Venter behoort het, betrek. In Maart 1909 is die grond vir 'n nuwe skoolgebou deur 'n land=meter afgemeet. Die nuwe skool is gedurende Maart 1911 in gebruik geneem. Die meubels wat in 1907 deur die ouers self vervaardig is, was baie ondoel=treffend. Die skoolhoof se tafel het byvoorbeeld bestaan uit planke wat op hoë populierpale vasgespyker was.[159]

Op Klipplaatsdrift kon die skool na die Anglo-Boere-Oorlog in dieselfde gebou wat as lokaal gedurende die ZAR-tydperk gebruik is, heropen.[160] Alhoewel dit 'n ruim lokaal met genoeg ventilasie en lig was,[161] was die skoolgebou egter naby 'n watervoor gebou met die

---

158) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, p. 208.

159) Ibid., pp. 208 - 209.

160) Log Book, Klipplaatsdrift School, preface, n.d.

161) Ibid., 1906-01-31.

gevolg dat water die lokaal binnegestroom het.[162)] Inspekteur J. H. Corbett het na die nat vloer en vensters, wat moeilik kon oopmaak, in 'n inspeksie=verslag verwys. Die betrokke inspekteur het die lo=kaal as 'n "sty" bestempel en gesimpatiseer met die ouer wat 'n staking voorgestel het sodat 'n nuwe lokaal opgerig kon word.[163)] Verskeie ouers het geweier om hulle kinders skool toe te stuur weens die nat toestande wat koorssiekte veroorsaak het.[164)]

Ten spyte van inspekteur J. H. Corbett se weiering om die lokaal goed te keur (hy het by 'n ander ge=leentheid beweer dat 'n veearts die lokaal as 'n perdestal sou beskryf), het die ouers tot 1910 niks gedoen om 'n nuwe lokaal te bekom nie. Corbett het hom in 1910 soos volg oor die skoolgebou uitgelaat: "Yet fourty small children have been huddled together for years in this dungeon".[165)]

Op die plaas Elandskuil het die Yssel-broers onmiddel=lik na die oorlog begin om die ou skoolgebou van Elands=kuil-Wes, wat gedurende die oorlog beskadig is, te her=stel en van 'n rietdak te voorsien. Daar was nie geld

---

162) Ibid., 1907-02-07.
163) Ibid., 1908-08-07.
164) Ibid., 1909-05-14.
165) Ibid., 1910-11-28.

vir deure en vensters nie.[166)]

In 1909 het die Onderwysdepartement fondse vir die opknapping van die skoolgebou voorsien. Die skool=hoof, W. A. S. Nel, het tydelik met sy klas na 'n kamer in die woonhuis van D. Yssel verskuif, terwyl die assistente haar klas na haar ouerhuis geneem het. Daar kon toe begin word om 'n nuwe skoolgebou op te rig. Binne 'n maand was die werk aan die skool=gebou voltooi. Die skool het toe 'n plafon en plank=vloer gehad. Die mure was afgewit en al die hout=werk netjies geverf. Die skoolhoof het die skool op Elandskuil as 'n versiering op die plaas bestem=pel.[167)]

Die skoolouers van die Elandskuil-Oosskool het ook hulle eie skoolgebou in 1905 opgerig wat vir meer as 60 leerlinge voorsiening gemaak het en dieselfde jaar is die skool heropen.[168)]

## 6.4 KRITIESE BESKOUING

Die periode 1899-1910 word gekenmerk deur die Britse poging om die Boerekind te verengels. In die kamp=skole en daarna is die onderwys gebruik om die Afri=kaner te denasionaliseer. Hierdie poging om die

---

166) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 38).

167) Loc. cit.

168) Loc. cit.

Boerekinders geestelik te annekseer is deur die CNO-skole teengestaan. Teen 1907 het die grootste ge= deelte van die Afrikaners egter die oordrag van die CNO-skole aan die regering aanvaar.

Dit kan nie ontken word dat die ekonomiese knegskap van die Afrikaner, met die daarmee gepaardgaande minderwaardigheidsgevoel, die Afrikaner in sy stryd teen die anglisasiebeleid benadeel het nie. Bowen= dien moes die Afrikaner Nederlands, wat nie meer die spreektaal was nie, as wapen teen verengelsing ge= bruik. Dit is begryplik dat G. Dekker beweer dat die anglisasiebeleid in daardie jare soos nooit te vore 'n kans op sukses gehad het nie.[169)]

Daarbenewens was die prominente leiers van die Afri= kaners in Transvaal, J. C. Smuts en L. Botha, vanaf 1906 met hulle konsiliasiebeleid tot samewerking met die Engelse bereid. Hierdie bereidheid tot samewerk= ing het in hierdie provinsie veral die CNO-saak be= nadeel. In die Ventersdorpse distrik was daar wel CNO-skole, maar die Engelse goewermentskole is vry algemeen aanvaar en veral na die Smutswet van 1907 het die CNO-skole in die gebied heeltemal verdwyn. Onder= wysontwikkeling in die Ventersdorpse distrik na 1910 was dan ook in ooreenstemming met die Smutsonderwys= wet van 1907.

---

169) DEKKER, G.: Die kulturele ontwikkeling nā die Tweede Vryheidsoorlog. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.*: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II, pp. 665-669).

# 7. OPVOEDING EN ONDERWYS NA UNIEWORDING

## 7.1 ALGEMENE OORSIG

### 7.1.1 Die Uniegrondwet en die onderwys

Op 31 Mei 1910 is die vier Britse Kolonies in Suid-Afrika verenig. Daar is op 'n uniale vorm van ver=eniging met federale kenmerke besluit. So is daar byvoorbeeld Provinsiale Rade, met beperkte magte, ingestel. Hierdie instelling van Provinsiale Rade was te wyte aan Natal se vrees vir Afrikaneroorheer=sing binne die Unie. Transvaal was weer bevrees dat die ander provinsies op sy rykdomme sou teer.[1]

'n Lys van sake wat van plaaslike belang geag is, is onder jurisdiksie van die Provinsiale Rade geplaas. Die belangrikste plaaslike aangeleentheid waaroor die Provinsiale Rade beheer gekry het, was voor-tersiêre onderwys. Hieroor kon die Provinsiale Rade ordon=nansies, wat onderhewig was aan die goedkeuring van die Unieparlement, maak.[2] Die term "hoër onderwys"

---

1) BOSMAN, I. D.: Die grondwet en staatsregtelike ontwikkeling van die Unie sedert 1910. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Op. cit., dl. II, p. 100).

2) Ibid., p. 107. Vgl. ook: BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 165.

is nie duidelik omskryf nie. Dit het tot verdeelde beheer oor sekondêre onderwys gelei. Die gevolg hiervan was oorvleueling en geldverkwisting.[3)]

Die Provinsiale Rade was verantwoordelik vir die op=stel van hulle onderskeie onderwysordonnansies om die onderwys waarvoor hulle verantwoordelik was te reël. As hoofde van die provinsies was die Administrateurs in hulle hoedanigheid as voorsitters van die Uit=voerende Komitees van die Provinsiale Rade ook die hoof-uitvoerende beamptes - ook ten opsigte van die onderwys. Aan die hoof van elkeen van die vier provinsiale onderwysdepartemente is 'n Direkteur van Onderwys, die hoof-permanente uitvoerende beampte ten opsigte van die provinsiale onderwys.[4)]

### 7.1.2 Onderwyswetgewings

#### 7.1.2.1 Wet no. 25 van 1907 en Onderwysordonnansie no. 29 van 1953

Die Smutswet het, met wysigings wat van tyd tot tyd aangebring is, die onderwyswet in Transvaal tot in 1953 gebly. In 1953 is die Smutswet deur 'n nuwe onderwysordonnansie vervang. Onderwysordonnansie no. 29 van 1953 het alle wysigings, weglatings en byvoeg=ings aan Wet no. 25 van 1907 tot 1952 saamgevat. Die

---

3) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., pp. 168 - 169.

4) Ibid., p. 165. Vgl. ook: MALHERBE, op. cit., p. 398.

betrokke ordonnansie het die vier hoekstene van die 1907-wet behou, naamlik sentrale beheer en finansiering, plaaslike bestuur, godsdienstige grondslag en taalgelykheid.[5)]

7.1.2.2 Die onderwyswette van 1967

Ten opsigte van sekere grondbeginsels met betrekking tot sentrale en plaaslike beheer oor die onderwys, finansiering en nie-dogmatiese Godsdiensonderrig, asook die tweetaligheidsgedagte en verpligte gratis onderwys, is Wet no. 39 van 1967 op die Smutswet geskoei.[6)]

* *Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid*

  Wet no. 39 van 1967 het 'n nuwe era in die onderwysontwikkeling ingelui. Die betrokke wet het 'n einde aan die verdeelde beheer oor die onderwys gemaak en sedert 1 Januarie 1968 het die Sentrale Regering vir die eerste keer sedert Uniewording, by wyse van wetgewing, beheer oor alle vorme van onderwys verkry.[7)]

  Hierdie wet het die Minister van Nasionale

---

5) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, pp. 336 - 337).

6) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 161.

7) Ibid., p. 180.

Opvoeding verantwoordelik gemaak vir die be= leidsbepalinge ten opsigte van alle onderwys= aangeleenthede. Die beleid kan deur die Minister bepaal word *na* (eie kursivering - J. H. P. van der Walt) oorlegpleging met die Administrateurs en die Nasionale Onderwysraad (art. 2(1)).[8]

'n Ontleding van die wet toon dat daar tien beleidsbeginsels is, naamlik dat die onderwys in staats- en staatsondersteunde skole Chris= telik moet wees (art. 2(a)); dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet dra (art. 2(b)); die onderwysmedium moet die moedertaal wees (art. 2(c)); eenvormige skoolpligvereistes (art. 2(d)); gratis onderwys in staatskole (art. 2(e)); gedifferensieerde onderwys in landsbelang (art. 2(f)); koördinasie van sillabusse, kursusse, eksamenstandaarde be= planning en navorsing op nasionale grondslag (art. 2(g)); ouermedeseggenskap in die onder= wysstelsel (art. 2(h)); oorweging van aanbe= velings van die amptelike erkende onderwysers= verenigings (art. 2(i)) en eenvormige diens= voorwaardes en salarisskale vir alle onder= wysers (art. 2(j)).[9]

---

8) Wet no. 39 van 1967, art. 2. Vgl. ook: BARNARD *en* COETSEE, op. cit., pp. 179 - 180.

9) Wet no. 39 van 1967, art. 2. Vgl. ook: BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 179.

* *Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys*

Wet no. 40 van 1967 het die Kaapse, Natalse, Pretoriase en Witwatersrandse tegniese kolleges as sulks as kolleges vir gevorderde tegniese onderwys verklaar (art. 4(1)). Onder dekking van die wet (art. 5(1)) is die Vaaldriehoekse en Port Elizabethse kolleges intussen toege= voeg.[10)]

* *Die Wet op Onderwysdienste (Wet no. 41 van 1967)*

Hierdie wet het die Minister in staat gestel om die verdeelde beheer oor die sekondêre onderwys te beëindig deur die reg wat dit die Minister van Nasionale Opvoeding verleen het om die verdeelde beheer oor sekondêre onderwys op te hef (art. 9(2)(a)). Hierdie reg het die Minister op 1 April 1968 uitgeoefen.[11)]

Die kern van hierdie wet is dat die provinsies verantwoordelik is vir alle onderwys tot en met st. 10. Die Sentrale Regering aanvaar die verantwoordelikheid vir alle tersiêre onderwys (art. 2(1)). Dit het die provinsies se bydrae tot onderwysontwikkeling geensins

---

10) Wet no. 40 van 1967, artt. 4 - 5. Vgl. ook: BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 180.

11) Wet no. 41 van 1967, art. 9. Vgl. ook: BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 181.

verminder nie, want die provinsies bly nog steeds intiem met die onderwys gemoeid.[12)]

### 7.1.3 Die invloed van politieke, nasionale, maat=skaplike en ekonomiese gebeure op die onder=wys

#### 7.1.3.1 Politieke en nasionale gebeure

* *Die Eerste Wêreldoorlog (1914 - 1918)*

Die Eerste Wêreldoorlog het tot 'n drastiese besnoeiing van fondse vir die oprigting van openbare geboue gelei. Die oprigting van skole en onderwyserswonings is nadelig getref en voldoende ameublement kon nie ingevoer word nie. Dit is veral by die plaasskole waar daar van selfvervaardigde viersitplekbanke gebruik gemaak moes word. Hierdie banke het min be=weegruimte toegelaat en die kinders kon moei=lik in hulle sitplekke opstaan.[13)] Dit kan aanvaar word dat hierdie ondoeltreffende banke probleme geskep het in die Ventersdorpse dis=trik waar onderwys hoofsaaklik in plaasskole gegee is.

---

12) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 181.

13) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu=ering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool, 1838-1967, pp. 483 - 484; 491 - 492.

* *Die Rebellie (1914)*

Hierdie Rebellie het plaasgevind vanweë 'n geskilpunt oor die inval van die Uniemagte in Duits-Suidwes-Afrika.[14] Plaasouers wat aan die Rebellie deelgeneem het, het hulle kinders uit die skool geneem om met die boerdery behulp=saam te wees. In die Ventersdorpse goewer=mentskool het die leerlingtal van 202 tot 160 gedaal, " ... chiefly owing to the unsettled state of the country".[15]

In die skool te Sterkstroom-Oos was die skool=bywoning tydens die Rebellie in 1914 baie laag omdat die kinders die moeders op die plase, tydens die afwesigheid van die mans, moes help.[16] Die kinders van dié betrokke skool het hulleself in 'n "Rebelleparty" en 'n "Bothaparty" georganiseer. Omdat dit onmin by die skool gebring het, het A. Naudé, die hoofonderwyser, 'n beroep op die ouers gedoen om hulle kinders van die politiek te weerhou.[17]

Die skoolvervoerwa en muile van die Schoon=spruitse skool is gedurende die Rebellie deur 'n sekere kommandant Yssel opgekommandeer. Baie kinders kon dus nie die skool besoek

---

14) OOST, H.: Wie is die skuldiges?, pp. 45 - 46.

15) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1915-01-30.

16) Skooljoernaal van die skool te Sterkstroom-Oos, 1914-10-20.

17) Ibid., 1915-09-11.

nie.[18]

By die sentrale skool op Elandskuil het die spanning vanweë die Rebellie so hoog geloop dat dit selfs tot 'n verkiesingstryd op die skoolterrein aanleiding gegee het. Twee onderwysers van die skool is as gevolg van politieke aktiwiteite tydelik geskors. Die goeie verstandhouding wat altyd onder die ouers geheers het, is ernstig deur die Rebellie verversteur.[19]

* *Die griepepidemie (1918)*

Die griepepidemie van 1918 het, nes elders in Suid-Afrika, die ontwikkeling van die onderwys in die Ventersdorpse distrik nadelig beïnvloed. Die sentrale skool te Elandskuil moes byvoorbeeld tydelik gesluit word.[20] Die epidemie het ook veroorsaak dat die Schoonspruitse skool vanaf 17 Oktober 1918 tot 18 November 1918 gesluit moes word.[21] Met die heropening van die betrokke skool op 18 November 1918 was net vier leerlinge aanwesig, met die gevolg dat

---

18) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1914-10-20.

19) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Op. cit., p. 40).

20) Loc. cit.

21) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1918-10-17.

die skool tot na die somervakansie gesluit is.[22]

In die begin van Oktober 1918 was net 30 persent van die ingeskrewe leerlinge van die Ventersdorpse primêre skool teenwoordig.[23] Die betrokke skool is op aanbeveling van die Ventersdorpse Munisipaliteit in Oktober 1918 gesluit.[24] Die skool het nie weer gedurende 1918 heropen nie, met die gevolg dat daar in daardie jaar geen eindeksamens by die skool geskryf is nie.[25]

By die skool te Sterkstroom-Oos was daar tydens die inspeksie op 16 Oktober 1918 slegs die helfte van die leerlinge teenwoordig.[26] Die skool is op die betrokke dag tot 18 November van daardie jaar gesluit. By die heropening het net twintig uit 'n moontlike totaal van veertig leerlinge opgedaag, sodat die skool tot na die somervakansie gesluit moes word. Op die plaas Sterkstroom was die griepepidemie baie straf. Minstens 161 mense, Blank en Swart, het die Spaanse griep gekry.[27]

---

22) Ibid., 1918-11-18.

23) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1918-10-10.

24) Ibid., 1918-10-14.

25) Ibid., 1918-11-26.

26) Skooljoernaal van die skool te Sterkstroom-Oos, 1918-10-16.

27) Ibid., 1918-11-18.

* *Die Tweede Wêreldoorlog (1939 - 1945)*

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het daar as gevolg van invoerprobleme 'n groot tekort aan boumateriaal ontstaan sodat die oprigting van skoolgeboue bemoeilik is. Vanweë die be=suinigingsmaatreëls moes verbruikbare skool=materiaal spaarsaam gebruik word.[28)] Die Ventersdorpse goewermentskool moes vanweë 'n tekort aan lokale ook van akkommodasieruimte in die skoolraadskantore gebruik maak.[29)] Die noodgedwonge besparingsmaatreëls het by die betrokke skool 'n verwaarlosing van die skoolterrein tot gevolg gehad.[30)]

* *Die nuwe politieke bedeling sedert 1948*

Die uitslag van die verkiesing in 1948 was 'n triomf vir Afrikanernasionalisme. Die Na=sionale Party het in die betrokke jaar aan be=wind gekom.[31)]

Die Nasionale Party se onderwysbeleid het wesen=lik van dié van die Verenigde Party, wat van 1934 tot 1948 die land regeer het, verskil. Die Nasionale Party het die moedertaal as

---

28) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu=ering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool, 1838-1967, pp. 407 - 409.

29) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1944-01-18.

30) Ibid., 1944-11-03.

31) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu=ering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool, 1838-1967, p. 409.

onderwysmedium in die primêre, sekondêre en hoër onderwys voorgestaan, dit wil sê moeder=taalskole (enkelmediumskole) wat ook deeglik onderrig in die tweede landstaal moes gee. Daarenteen was die Verenigde Party voorstanders van dubbelmediumskole.[32)]

Die onderwys in die Ventersdorpse distrik is nie direk deur hierdie beleidsverandering ge=raak nie. As plattelandse gebied, waar die mense hoofsaaklik Afrikaanssprekend was, het die nuwe beleid net bevestig wat alreeds prak=tyk in die betrokke gebied was, trouens die bewoners van die distrik was ondersteuners van die beleid van enkelmediumskole. So vroeg as 1943 het die Gereformeerde Kerk van Ventersdorp alreeds die medewerking van die ander Afrikaan=se kerke gevra om dubbelmediumskole te beveg.[33)]

Volgens S. S. Barnard het die beskeie plaas=skool met sy dikwels gesmade onderwyser deur die jare veel bygedra tot die handhawing en uitbouing van die Afrikaner se Christelik-nasionale karakter, soos wat dit uiteindelik in Wet no. 39 van 1967 uitgekristalliseer het.[34)] Hierdie bewering kan beslis van toe=

---

32) MALAN, M. P. A.: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p. 214 - 215.

33) Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Venters=dorp, 1943-12-04.

34) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu=ering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool, 1838 - 1967, pp. 409 - 410.

passing gemaak word op die Afrikaneronderwyser van die Ventersdorpse distrik.

### 7.1.3.2 Ekonomiese gebeure in die vroeë dertiger=jare

'n Wêreldwye depressie het die Westerse wêreld en Suid-Afrika gedurende die jare 1929-1933 getref. Landbouprodukte se pryse het gedaal. Die boerebe=volking is in 1932-1933 deur 'n ernstige droogte ge=teister. Sorgwekkende en bedenklike ekonomiese toe=stande het die boere in die gesig gestaar. Vanweë die ongunstige ekonomiese toestande en dalende staats=inkomstes is daar ook ten opsigte van die regerings=uitgawes besnoei. Daar is drasties besnoei ten op=sigte van die verskaffing van banke, skooltoerusting en verbruikbare skoolmateriaal. 'n Aantal plaasskole is gesluit. By ander is die personeel verminder.[35]

Die Thysedoornse plaasskool is in die dertigerjare gesluit omdat die leerlingtal skerp gedaal het. Hierdie daling was te wyte aan die ekonomiese toe=stande. Die boere is gedwing om hulle plase te ver=laat om elders 'n heenkome te vind.[36] Die leerling=tal het in die betrokke skool van 37 in Januarie 1930[37] tot 17 in Januarie 1933 gedaal.[38]

---

35) Ibid., p. 406.

36) Skooljoernaal van die skool te Thysedoorns, 1934-02-05.

37) Ibid., 1930-01-23.

38) Ibid., 1933-01-17.

Gedurende die vroeë dertigerjare is by verskillende skole in die Ventersdorpse distrik fondsinsamelings gehou ten behoewe van behoeftige leerlinge. Die Ventersdorpse primêre skool het byvoorbeeld R40,00 deur middel van 'n bioskoopvertoning vir hierdie doel ingesamel.[39] Die Ventersdorpse sekondêre skool het weer deur middel van openbare funksies en die verkoop van groente uit 'n eie groentetuin 'n losiesfonds vir behoeftige leerlinge opgebou.[40] Op die plaas Klipplaatsdrift het die plaasskool 'n skoolkonsert georganiseer om geld in te samel vir die aankoop van klerasie vir behoeftige leerlinge.[41]

## 7.2 ONDERWYSSENTRALISASIE VANAF 1910

### 7.2.1 Inleiding

Dit was aanvanklik moeilik om kragtens die bepalings van die Smutswet skole met minstens 25 leerlinge op die platteland op te rig. Die platteland was daar=voor te yl bewoon en die bevolking te vlottend.

Die ontwikkeling op onderwysgebied en die hoër eise wat aan die onderwys gestel is, het die klein plaas=skooltjie sy bestaansreg in 'n hoë mate ontneem. Dit was spoedig byna onmoontlik om die opvoedkundige

---

39) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1933-03-18.

40) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1930-10-15.

41) Skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift, 1934-02-16.

beginsels van differensiasie en vakonderwys in die klein skooltjies met hulle min leerlinge en onder=wysers te implementeer.[42]

### 7.2.2 Die praktiese uitvoering van die sentrali=sasiebeleid in die Ventersdorpse distrik

Onderwyskonsentrasie het in die praktyk in twee fases plaasgevind, naamlik die eerste fase, 1910 - 1935, en die tweede fase van sentralisasie vanaf 1936.

#### 7.2.2.1 Die eerste fase, 1910 - 1935

In die Ventersdorpse distrik kon die sentralisasie=beleid sonder ernstige belemmeringe in die digbewoonde Schoonspruit- en Mooiriviervallei uitgevoer word. Aanvanklik was die ouers onwillig om van hulle skole afstand te doen en om hulle kinders na die sentrale skole te vervoer.

* *Die skole op Buffelsvlei en Palmietfontein*

  Gedurende 1910 het inspekteur N. Hofmeyr die amalgamasie van die Palmietfonteinse en Buffels=vleise skole aanbeveel. Die betrokke skole was ongeveer drie tot vier "myl" van mekaar geleë met 'n goeie pad tussen die twee skole.

---

42) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 202.

'n Sentrale skool, wat beter onderwysfasiliteite kon verskaf, sou dus maklik tot stand gebring kon word.

Volgens die inspekteur sou die beoogde sentralisasieskema 'n besparing van R120,00 per jaar ten opsigte van salarisse meebring.[43] Vanweë die weiering van die Buffelsvleise skoolkommissie om te amalgameer, het die gesamentlike vergadering van die betrokke skoolkommissies gedurende Desember 1910 misluk.[44]

Inspekteur N. Hofmeyr het steeds op die amalgamasie van die genoemde skole aangedring. Volgens die inspekteur was die onderwyskoste per kind by die Buffelsvleise skool R24,00 per jaar. Naaldwerk kon ook nie aangebied word nie omdat die onderwyseres te veel klasse moes hanteer. Hofmeyr het sy betoog ten gunste van sentralisasie soos volg afgesluit: "Until one central school for the adjoining farms Palmietfontein and Buffelsvlei be established it is - I am convinced - hopeless to expect continued efficiency".[45]

Op 28 Maart 1911 het die Buffelsvleise skool=

---

43) Skooljoernaal van die skool te Buffelsvlei, 1910-03-24.
44) Ibid., 1910-12-21.
45) Ibid., 1911-03-06.

kommissie 'n brief van die Ventersdorpse skool=raad ontvang waarin die amalgamasie van die skool met die skool op Palmietfontein bevestig is.[46] Twee "morgen" grond is op die plaas Palmietfontein, naby die grens tussen die twee plase, deur die skoolraad vir die oprigting van 'n sentrale skool onteien.[47]

As gevolg van die petisie waarin al die ouers van die plaas Buffelsvlei hulle teenkanting teen die voorgestelde sentralisasieskema uit=gespreek het, het die Ventersdorpse skoolraad 'n vergadering van grondeienaars en skoolouers op Buffelsvlei byeengeroep. Tydens hierdie vergadering is die voorgestelde amalgamasie van die twee skole met 15 stemme teen 8 ver=werp.[48] Dit is interessant om daarop te let dat die grondbesitters saam met die skoolouers die vergadering moes bywoon. Dit wil voorkom of die grondeienaars die voorgestelde sentrali=sasieskema beveg het omdat die bestaande skool in die onmiddellike omgewing van hul plase die plaaswaardes verhoog het.

Ten spyte van al die teenkanting van die grond=eienaars en skoolouers van Buffelsvlei is die sentrale skool, naamlik die "Schoonspruit

---

46) Ibid., 1911-03-28.
47) Ibid., 1911-05-08.
48) Ibid., 1911-09-09.

Central School" in Januarie 1914 geopen.[49)]

* *Die skole op Sterkstroom-Oos en Sterkstroom-Wes*

Inspekteur J. H. Corbett het gedurende 1911 die sentralisasie van die skole op Sterkstroom-Oos en Sterkstroom-Wes bepleit.[50)] Die aan=beveling is nie deur die ouers aanvaar nie. Tevergeefse pogings is ook in 1914[51)] en in 1918[52)] aangewend om die ouers te oorreed om die voorgestelde sentralisasieplan te onder=steun.

Gedurende 1921 het inspekteur P. M. van der Lingen sy spyt uitgespreek oor die feit dat die twee skole op Sterkstroom geweier het om te amal=gameer omdat die betrokke skole slegs drie "myl" van mekaar geleë was. 'n Brug oor die Schoonspruit en geskikte vervoermiddels sou volgens die inspekteur die besware teen sentra=lisasie uit die weg ruim. Die inspekteurs=aanbeveling is egter nie aanvaar nie.[53)]

* *Die skole op Elandskuil-Oos en Elandskuil-Wes*

Op die plaas Elandskuil, geleë in die Schoon=

---

49) Ibid., 1914-01-20.

50) Skooljoernaal van die skool te Sterkstroom-Oos, 1911-02-11.

51) Ibid., 1914-11-20.

52) Ibid., 1918-11-20.

53) Ibid., 1921-09-20.

spruitvallei, was daar twee skole wat maklik kon amalgameer ten einde doeltreffender onder=wysgeleenthede daar te stel. Inspekteur J. H. Corbett het op 11 Augustus 1911 sy aanbeveling soos volg gemotiveer: "I would go further and suggest that no valid reason exists for the long continued evils produced by maintaining *two schools* on the farm Elandskuil. On for=mer occasions I have pointed out the waste of energy and money due to the fact that on opposite sides of the Schoonspruit, and not more than two thousand yards apart, are two schools with a total of four teachers and seventy-five scholars. There should be one large school for one hundred and twenty child=ren to supply the needs of Elandskuil and Ratzegaaiskraal. Then one might expect and obtain continuous efficiency".[54)]

Die pleidooi om sentralisasie het op Elands=kuil ook geen positiewe uitwerking gehad nie. Die volgehoue weiering van die ouers om die sentralisasiebeleid te steun kan onder andere aan die sentiment wat ouers en onderwysers teenoor hulle skool gehad het, toegeskryf word. Die skool was die samebindende faktor in elke

---

54) Soos aangehaal deur NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., pp. 38 - 39).

omgewing. Dit was ook op Elandskuil die ge=val, want W. A. S. Nel het soos volg gereageer toe die skool op die plaas Elandskuil in Janu=arie 1913 finaal gesluit het: "Het is voorwaar geen gemaklike taak om van u (die skoolgebou) afscheid te nemen ... Ja, wy zyn aan u ge=hecht. Uwe matte muren spreken boekdelen tot ons. Alles heeft volgens Salomo een bestemde tyd: eerlang zal dit gebouw worden beschouwd als een versleten, afgedankte schoen. - En nu, we scheiden van onze zyde met een onweer=staanbare traan in het oog ..."[55]

In teenstelling met die antipatie van die ouers teenoor onderwyskonsentrasie het die Yssels van Elandskuil baie gedoen om sentralisasie op Elandskuil te laat slaag. Die kinders van Elandskuil moes na die sentrale skool vervoer word. 'n Mooi "tent-muilwa" wat deur ses muile getrek is, is vir hierdie doel gebruik.[56]

* *Die invloed van die sentrale skole op die Ventersdorpse goewermentskool*

Die ontstaan van die twee sentrale skole, naam=lik die "Schoonspruit Central School" en die Elandskuilse skool, het 'n invloed op die Ventersdorpse goewermentskool gehad. Die sen=

---

55) Ibid., p. 39.

56) Ibid., p. 40.

trale skole het ook sekondêre afdelings gekry met die gevolg dat die leerlingtal van die dorpskool gedaal het. Inspekteur J. H. Cor=bett het hom soos volg hieroor uitgespreek: "The establishment of two central schools in the district recently seems to have drawn away some of the older pupils and the School Board should now seriously consider whether, their policy of concentration in certain out=side schools does not make the maintanance of the Secondary Dept. in the village school practically impossible. The present arrange=ment is unquestionably not worth the energy and cost involved".[57)]

7.2.2.2 Die tweede fase sedert 1936

Tydens 'n konferensie van afgevaardigdes van die ver=skillende skoolrade gedurende Mei 1936 te Pretoria is die sentralisasiebeginsel opnuut goedgekeur. 'n Voltydse sentralisasiebeampte, R. S. Ferreira, is be=noem. Dit was die taak van die sentralisasiebeampte om die verskillende plattelandse distrikte te besoek met die oog op advies aan die skoolrade in verband met sentralisasiemoontlikhede.[58)]

Die sentralisasiebeampte, R. S. Ferreira, het saam

---

57) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1914-01-20.

58) BARNARD *en* COETSEE, op. cit., p. 205.

met die voorsitter van die Ventersdorpse skoolraad op 14 Oktober 1937 die skool te Klipplaatsdrift be= soek om besonderhede in te win met die oog op die uitvoering van die nuwe sentralisasiebeleid.[59] 'n Vergadering van ouers en skoolkommissies van die gebied is vir 20 Oktober 1937 belê,[60] maar vanweë 'n ongeluk waarin Ferreira betrokke was, het die vergadering op 24 Oktober 1937 plaasgevind.[61] Die skoolouers en die skoolkommissies van die volgende skole het die vergadering bygewoon: Klipplaatsdrift, Elandskuil, Sterkstroom-Oos, Sterkstroom-Wes en Ratzegaaiskraal.[62]

Gedurende 1938 het die skole van Elandskuil en Ratze= gaaiskraal na Ventersdorp gesentraliseer.[63] Volgens Nel was hierdie sentralisasie onvermydelik vanweë die afname in die leerlingtalle by die betrokke skole. Huurders van plase en bywoners het gedurende die dertigerjare van die plase af weggetrek. Die ont= volking van die platteland was blykbaar nog die nage= volge van die depressie en droogte van die vroeë dertigerjare. Die kinders is deur middel van motor= busvervoer na Ventersdorp gebring.[64]

---

59) Skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift, 1937-10-14.

60) Ibid., 1937-10-18.

61) Ibid., 1937-10-20.

62) Ibid., 1937-10-24.

63) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1938-01-24.

64) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 41).

Sterkstroom-Wes is na Sterkstroom-Oos gesentraliseer en sedert 1950 is die kinders deur middel van motor=busvervoer na die sentrale skool gebring.[65] Gedu=rende 1966 is die skool te Sterkstroom-Wes na die Schoonspruitse skool gesentraliseer en die Schoon=spruitse skool het weer 'n driemanskool geword.[66]

In die sestigerjare was dit die algemene beleid om klein plaasskooltjies te sluit en om die kinders deur middel van koshuise of vervoerdienste na groter skole te bring.[67]

Die sentralisasiebeleid het in die sestigerjare onrus en onmin in die Mooiriviervallei, Ventersdorpse dis=trik, veroorsaak. Die skole van Blesbokfontein en Samenkomst was ten nouste hierby betrokke.

Die Samenkomstskoolkommissie het op 20 Oktober 1968, op aanbeveling van die Potchefstroomse skool=raad, hulle gewillig verklaar om met die Muiskraal=skoolkommissie te onderhandel oor onderwyskonsentra=sie.[68] Die betrokke skoolkommissies het, in teen=

---

65) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955, pp. 159 - 162.

66) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1966-01-17.

67) BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evalu=ering van die onderwys van die Transvaalse plaas=skool, 1838-1967, p. 428.

68) Notule van die Samenkomstskoolkommissie, 1968-10-20.

woordigheid van ds. W. P. Dippenaar (lid van die Potchefstroomse skoolraad), P. Fouche (skoolraads=sekretaris) en M. F. Heyns (inspekteur van onderwys), op sentralisasie te Rysmierbult besluit. Die besluit was aan die goedkeuring van die betrokke skoolouers onderhewig.[69]

Beide skole se ouers het die amalgamasie van die twee skole goedgekeur.[70] 'n Terreinkommissie is benoem om 'n geskikte terrein vir die sentrale skool op Rysmierbult te vind. Op 22 November 1968 het die kommissie gerapporteer dat 'n geskikte terrein gevind is.[71]

Aan die begin van 1969 het die sentralisasiepogings in die Ventersdorpse gebied 'n nuwe wending geneem toe die Potchefstroomse skoolraad die amalgamasie van die skole op Samenkomst, Blesbokfontein, Muiskraal en Witpoort aanbeveel het. Sodoende kon 'n seweman=skool gevorm word.[72]

Die voorgestelde sentralisasieplan het die goedkeu=ring van Blesbokfontein en Muiskraal weggedra. Wit=poort het aanvanklik geweier, maar het die saak later

---

69) Ibid., 1968-10-30.
70) Ibid., 1968-11-07.
71) Ibid., 1968-11-22.
72) Ibid., 1969-03-20.

heroorweeg. Samenkomst was alleen daarvoor te vinde mits die sentrale skool op Rysmierbult opgerig sou word.[73]

'n Stryd oor 'n geskikte standplaas vir die te stigte sentrale skool het daarna ontbrand. Die hele aan=geleentheid is na die betrokke skole se ouervergade=rings verwys. M. F. Heyns het Thysedoorns aanbe=veel. Dit het nie Samenkomst se skoolouers se goed=keuring weggedra nie.[74]

Op 'n ouervergadering van die Samenkomstse skool is daar ten gunste van Rysmierbult besluit. Elektrisi=teit was beskikbaar en die moontlikheid vir verdere uitbreiding was nie uitgesluit nie vanweë die beplan=ning van 'n melkfabriek.[75] Die Samenkomstse skool het die heelhartige ondersteuning van C. Greyling, Lid van die Volksraad, gehad.[76]

Die vasberadenheid van die Samenkomstskoolkommissie om nie hulle skool se kinders na Thysedoorns te stuur nie, het uit hulle samesprekings met die Direkteur van Onderwys[77] en met die Administrateur geblyk.[78]

---

73) Loc. cit.
74) Ibid., 1969-05-23 en 1969-06-16.
75) Ibid., 1969-06-16.
76) Ibid., 1969-08-15.
77) Ibid., 1969-11-12.
78) Ibid., 1970-01-15.

Uiteindelik moes die skoolgemeenskap van Samenkomst die stryd gedurende 1970 gewonne gee en is die sentrale skool te Thysedoorns opgerig.[79)]

## 7.3 'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE SENTRALE DISTRIKSKOLE

### 7.3.1 Elandskuil, 1913 - 1937

#### 7.3.1.1 Stigting

In Januarie 1913 het die skole te Elandskuil-Oos en Elandskuil-Wes geamalgameer om die Elandskuilse sentrale skool te vorm. Die skool het bestaan tot aan die einde van 1937 toe dit na Ventersdorp gesentraliseer is.[80)]

#### 7.3.1.2 Inskrywing en skoolbywoning

Gedurende 1916 was daar 140 ingeskrewe leerlinge. Vanweë die feit dat die bywoners en huurders van die plase begin wegtrek het, het die leerlingtal by die skool gedaal. Baie van die bewoners van die plase was nog jonk of ongetroud en het nog nie kinders gehad nie.

---

79) Ibid., 1970-11-26.

80) NEL, W. A. S.: Geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., pp. 40 - 41).

Kindersiektes soos waterpokkies, skarlakenkoors, masels, witseerkeel en kinkhoes het in daardie jare die skoolbesoek nadelig beïnvloed.[81)]

7.3.1.3 Personeelvoorsiening

In tabel 7.1 word die name verstrek van die onder=wysers(esse) wat tussen 1913 en 1937 aan die skool verbonde was.

7.3.1.4 Die skool as kultuursentrum

Die skool op Elandskuil was die kultuursentrum van die omgewing. Dit was die bymekaarkomplek vir sangoefeninge, debatsvergaderings, landboubyeenkom=ste en kerkdienste. Volgens W. A. S. Nel, oud-onderwyser van die skool te Elandskuil, was hierdie plaasskool " ... ideaal, normaal en werklik soos dit hoort".[82)]

7.3.2 *Schoonspruit Central School*

7.3.2.1 Openingsbyeenkoms

Die formele opening van die skool het op 13 Februarie 1914 plaasgevind. Benewens die ouers en belangstel=lendes was C. W. Hudson, voorsitter van die Venters=

---

81) Ibid., p. 40.

82) Loc. cit.

ONDERWYSPERSONEEL TE ELANDSKUIL, 1913 - 1937 [83]

| *HOOFDE* | *WAARNEMENDE HOOFDE* | *ASSISTENTE* |
|---|---|---|
| G. J. Wissing | H. Voss | W. A. S. Nel |
| F. Scheepers | C. J. de Jager | H. Voss |
| P. P. le Roux | W. A. S. Nel | Mej. S. Keet |
| I. D. Venter | C. M. van Aswegen | C. L. Pienaar |
| J. Davey | J. Schutte | Mej. J. C. Brandt |
| F. J. du Toit | P. P. le Roux | (?) Theron |
| | H. C. Yssel | (?) Tjaden |
| | F. J. du Toit | Mej. C. M. Corb |
| | | Mej. M. H. de Beer |
| | | A. M. Faure |
| | | Mej. M. J. Swanepoel |
| | | Mej. J. M. Kamp |
| | | Mej. M. C. Yssel |
| | | Mej. E. Delport |
| | | Mej. W. du Plessis |
| | | J. N. Kruger |
| | | L. van den Heever |
| | | G. Pretorius |
| | | L. E. Boon |
| | | Mej. M. Beneke |
| | | Mej. F. Coetzee |
| | | J. J. Wessels |
| | | (?) Hubscher |
| | | W. J. Badenhorst |
| | | Mej. J. Snyman |
| | | Mej. (?) le Roux |
| | | Mej. M. Yssel |
| | | P. J. J. van der Walt |
| | | Mej. J. M. Yssel |
| | | Mej. W. J. C. Brandt |
| | | F. W. Zimmerman |

TABEL 7.1

83) Loc. cit.

dorpse skoolraad en ds. G. F. Mijnhart teenwoordig by hierdie heuglike gebeurtenis.[84]

7.3.2.2 Wisselende leerlingtalle

Die skool het op 20 Januarie 1914 as 'n viermanskool met 102 ingeskrewe leerlinge begin.[85] Vanweë die mooi vermeerdering in die leerlingtal het die skool in Maart 1917 'n vyfmanskool geword.[86] In April was daar alreeds 142 leerlinge in die skool.[87] Die skool het sy hoogste bloei in 1922 belewe toe daar 153 leerlinge was.[88]

Sedert 1925 was die skool afwisselend 'n drie- en tweemanskool. Op 5 Oktober 1932 was die skool vir die eerste keer 'n tweemanskool met 64 leerlinge.[89] Dit wil voorkom asof die moeilike depressiejare die oorsaak was vir die vermindering van die onderwysers, want gedurende 1936 was die skool weer 'n drieman=skool met minder leerlinge as in 1932, naamlik 61.[90]

---

84) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1914-02-13.

85) Ibid., 1914-01-20.

86) Ibid., 1917-03-19.

87) Ibid., 1917-04-20.

88) Ibid., 1922-05-10.

89) Ibid., 1932-10-05.

90) Ibid., 1936-01-20.

Vanaf 1936 was daar weer 'n konstante daling in die leerlingtal en in 1942 het die skool 'n tweemanskool geword met 50 leerlinge.[91]

Gedurende die sestigerjare het daar weer 'n oplewing gekom. Nadat Sterkstroom-Wes gesluit is en die leer=linge na hierdie skool gekom het, het die skool aan die begin van 1966 'n driemanskool geword.[92] Op 15 Januarie 1968 was dit weer 'n viermanskool waar daar aan 72 leerlinge onderwys gegee is.[93] Hierdie verhoogde status het die skool nie lank behou nie, want op 16 Januarie 1970 was dit weer 'n driemanskool met 58 ingeskrewe leeringe.[94]

### 7.3.2.3 Vervoer van die leerlinge

Die sentralisasiebeleid het die verdwyning van sommige kleiner plaasskole tot gevolg gehad. Deur middel van losiesbeurse en vervoerbeurse is die kinders in staat gestel om die groter skole te besoek.[95]

By die Schoonspruitse sentrale skool is daar aanvank=lik van donkievervoer gebruik gemaak. Onmiddellik na die stigting van die sentrale skool op 20 Januarie 1914 het die skoolbesoekbeamte, 'n sekere Boshoff,

91) Ibid., 1942-04-15.
92) Ibid., 1966-01-17.
93) Ibid., 1968-01-15.
94) Ibid., 1970-01-16.
95) BARNARD *en* COETSEE, op cit., p. 204.

die skool besoek om die transportdiere te brandmerk.[96]

Donkievervoer het by hierdie skool baie probleme ge=skep. Daar was 'n kamp waarin die donkies gedurende skooltyd gehou is. Die hingste en merries is in die=selfde kamp gehou. Inspekteur J. H. Corbett het hierteen beswaar gemaak omdat dit die kinders se aan=dag afgetrek het.[97]

By hierdie skool het hulle voorkeur aan die donkiewa bo die ligte donkiekarretjie gegee. Hierdie donkie=vervoer het veral gedurende reëntye besondere probleme geskep. Twintig leerlinge wat met die donkiewa vanaf Buffelsvlei vervoer is, kon gedurende Januarie 1915 nie die skool besoek nie aangesien die pad verspoel was.[98]

Die skoolouers het gedurende 1917 beide donkiewaens wederregtelik as 'n "refreshment wagon" en 'n vervoermiddel by 'n boeresport gebruik. Op die be=trokke dag was daar net ses leerlinge by die skool teenwoordig. Die Ventersdorpse skoolraad het die skoolkommissie hieroor tot verantwoording geroep. Die skoolraad het die skoolkommissie in kennis gestel dat geen verdere uitbetalings ten opsigte van vervoer=beurse gedoen sou word nie.[99]

---

96) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1914-02-06.

97) Ibid., 1915-12-23.

98) Ibid., 1915-01-22.

99) Ibid., 1917-10-10.

'n Groep ouers van die plaas Buffelsvlei het gedurende 1917 geweier om hulle kinders skool toe te stuur omdat daar geen vervoerkoste meer betaal sou word nie.[100] Die ouers van Palmietfontein daarenteen was bereid om die vervoerkoste van die donkiewa in hulle gebied te dra.[101]

Gedurende 1940 was die Schoonspruitse skool die enigste skool in die Potchefstroomse inspeksiekring, wat die Ventersdorpse skole ingesluit het, wat nog van donkievervoer gebruik gemaak het. Die kringinspekteur kon dit nie begryp nie omdat die Schoonspruitvallei een van die vooruitstrewendste gebiede in die Wes-Transvaal was.[102]

In 1946 was die skool nog een van die weinige skole in die Transvaal waar die donkiekarretjie nog op die skoolpaaie gesien is. In daardie jaar was daar nog vyf donkiekarretjies in gebruik.[103]

Op 11 Augustus 1947 is die skoolraad versoek om 'n motorbusskema in te stel[104] en op 27 Januarie 1948 het die Nooitgedacht-Palmietfontein motorbusvervoerskema in werking getree.[105]

---

100) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1917-10-22.

101) Ibid., 1918-01-22.

102) Ibid., 1940-10-15.

103) Ibid., 1946-11-06.

104) Ibid., 1947-08-11.

105) Ibid., 1948-01-27.

7.3.2.4 Personeel en onderwyspeil

* *Skoolhoofde*

J. Eadie, 'n Brit, was die eerste skoolhoof van hier= die gesentraliseerde skool. Hy was skoolhoof tot en met sy aftrede op 29 September 1932.[106] Onder sy lei= ding het die skool mooi hoogtes bereik.

Die betrokke skoolhoof het gereeld klasbesoek by sy assistente gedoen [107] en personeelvergaderings gehou om sodoende professionele leiding te gee. Eadie het in 1919 dit nodig geag om 'n personeelvergadering aan die kwessie van tug te wy omdat van die personeel nie oor die nodige "cheerfulness of manner" beskik het om doeltreffende onderwys te gee nie. Volgens Eadie het sommige tugmaatreëls aan barbarisme, wat driehonderd jaar gelede geldig was, gegrens.[108]

Die pligsbesef en bekwaamheid van J. Eadie is so hoog geag dat hy toegelaat is om self die bevordering van leerlinge van die een klas na die volgende in sy skool waar te neem.[109]

Ongelukkig het Eadie sedert 1924 sy pligte as skool= hoof begin versuim en nie meer doeltreffend toesig oor die skoolwerksaamhede gehou nie.[110] Hy het

---

106) Ibid., 1932-09-29.

107) Ibid., 1918-01-05.

108) Ibid., 1919-05-14.

109) Ibid., 1920-08-07.

110) Ibid., 1925-06-22.

egter op die inspekteur se vermaning van 1925 ag gegee en tot en met sy aftrede in 1932 was die skool=werk weer op die gewenste peil.[111]

J. Eadie is op 5 Oktober 1932 deur P. J. Strydom as skoolhoof opgevolg.[112] Die nuwe skoolhoof het die skool dertig jaar lank op 'n voortreflike wyse ge=dien.[113] Hy het die omstandighede van elke huis=gesin en kind geken en kon dus verdienstelike werk lewer.[114]

Die verskillende inspekteurs het met waardering ken=nis geneem van die goeie verhouding tussen skool en ouerhuis. Die skoolouers het hulle heelhartige steun aan die hoof en skool gegee, veral ten opsigte van die buitemuurse aktiwiteite.[115]

Gedurende April 1963 het P. J. Strydom vanweë die bereiking van die aftreeouderdom amptelik as hoof af=getree.[116] Hy het egter tot sy oorlye in Oktober 1965 as waarnemende hoof opgetree.[117]

---

111) Ibid., 1932-09-29.

112) BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikke=ling van die onderwys van Blankes in die Klerks=dorpse distrik, 1838-1955, p. 207.

113) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1963-04-05.

114) Ibid., 1963-04-25.

115) Ibid., 1960-12-07.

116) Ibid., 1963-04-25.

117) Ibid., 1965-10-15.

F. W. C. Kriel het sedert die begin van 1966 as skool=hoof opgetree[118] en was aan die einde van 1970 nog in hierdie hoedanigheid aan die skool verbonde.[119]

* *Assistentonderwysers*

Met die opening van die sentrale skool in 1914 het A. A. le Roux de Wet, mejj. S. Keet en H. Staines as assistente opgetree.[120]

Gedurende 1920 was daar vir die eerste keer 'n vin=nige verwisseling van personeel. Die skool het die betrokke jaar met twee tydelike personeellede, naam=lik mev. M. J. Cronje en mej. N. Scholtz begin.[121] Mej. N. Scholtz was ongekwalifiseerd.[122] J. Eadie, die skoolhoof, het sterk beswaar by die Onderwysde=partement aangeteken oor die wyse waarop die skool behandel is ten opsigte van personeelvoorsiening.[123] Mev. Cronje en mej. Scholtz is toe deur mejj. M. J. Brits en M. Nel vervang.[124] In dieselfde jaar het mnr. L. van den Heever op 5 Oktober diens by die skool aanvaar [125] maar hy is op 25 Oktober, sonder

---

118) Ibid., 1966-01-17.
119) Ibid., 1970-10-19.
120) Ibid., 1914-01-20.
121) Ibid., 1920-01-21.
122) Ibid., 1920-08-07.
123) Ibid., 1920-01-21.
124) Ibid., 1920-07-26.
125) Ibid., 1920-10-05.

enige kennisgewing vooraf, verplaas.[126] Die werk=saamhede by die skool is deur die personeelwisseling en optrede van die Onderwysdepartement versteur.[127]

Gedurende die vroeë dertigerjare was daar 'n vinnige verwisseling van personeel. 'n Sekere mej. Papendorf wat op 1 Februarie 1933 diens aanvaar het, is twee dae later weer verplaas.[128] In die betrokke jaar het nog twee personeellede net vir 'n kort tydjie diens gedoen. 'n Sekere mev. Oosthuizen is na minder as 'n maand verplaas.[129] D. Rossouw was aan die skool verbonde vanaf 19 April tot 30 Junie 1933.[130] P. J. Strydom, die skoolhoof, het sy teleurstelling oor die vinnige personeelwisseling uitgespreek. Dit het 'n nadelige invloed uitgeoefen op die vordering van die leerlinge.[131]

Volgens die inspeksieverslae het die skool steeds 'n hoë onderwyspeil gehandhaaf en op verskillende gebiede goed presteer.

In 1914 het inspekteur J. H. Corbett 'n goeie inspek=sieverslag met die volgende woorde afgesluit: "I have no hesitation in saying that Schoonspruit Central

---

126) Ibid., 1920-10-25.
127) Ibid., 1920-10-26.
128) Ibid., 1933-02-01 en 1933-02-03.
129) Ibid., 1933-03-13 en 1933-04-07.
130) Ibid., 1933-04-19 en 1933-06-30.
131) Ibid., 1933-04-19.

School is now by far the best, as it is the largest school working under the regulations for country schools, in this district".[132]

Volgens die inspeksieverslag van 1960 is daar goeie werk gedoen en was die noue samewerking tussen die ouers en lede van die personeel veral opvallend.[133] In 1966 het die inspekteur verwys na die mooi skool=terrein en die ordelike gedrag van die Schoonspruitse kinders.[134]

## 7.4 GESKIEDENIS VAN DIE VENTERSDORPSE PRIMÊRE SKOOL NA 1910

### 7.4.1 Personeelvoorsiening

Die volgende persone het agtereenvolgens as skoolhoof=de opgetree: H. J. Forbes (April 1905[135]- Junie 1920);[136] P. J. du Toit (Januarie 1921 - Junie 1922);[137] J. B. Otto (Junie 1922[138]) tot met die fi=nale afskeiding van die sekondêre skool op 31 Januarie

---

132) Ibid., 1914-02-13.

133) Ibid., 1960-12-07.

134) Ibid., 1966-10-11.

135) Log Book, Ventersdorp Government School, 1905-04-04.

136) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1920-06-01.

137) Ibid., 1921-01-20 en 1922-06-23.

138) Ibid., 1922-06-23.

1923);[139] W. T. Hurter (1923[140] - 1931);[141] C. J. M. de Jager (1931[142] - ?);[143] F. Pieterse (1951[144] - 1964);[145] J. P. C. Meyer (1965 -).[146]

Die Ventersdorpse primêre skool het gedurende die vroeë veertigerjare 'n tekort aan damespersoneel onder=vind. Daar was aan die begin van 1941 net drie dames op die personeel waarvan een tydelik aangestel was.[147] Gedurende 1943 het die inspekteur 'n ver=betering in die verhouding tussen mans en dames ge=rapporteer toe die dames met twee vermeerder het. Daar was toe vyf dames uit 'n totaal van elf perso=neellede.[148] Aan die einde van 1970 was daar twaalf personeellede aan die skool verbonde.[149]

---

139) Ibid., 1923-01-31.

140) Ibid., 1923-07-24.

141) T O D -Jaarverslag, 1931, p. 7.

142) Ibid., 1931-04-08.

143) C. J. M. de Jager het op 14 Oktober 1947 met siekteverlof gegaan en blykbaar nie weer terug=gekeer skool toe nie. Sy opvolger is in 1950 aangestel.

144) Skooljoernaal, Ventersdorpse primêre skool, 1951-01-11.

145) Ibid., 1964-01-20.

146) Ibid., 1965-07-02.

147) Ibid., 1941-04-15.

148) Ibid., 1944-01-18.

149) Ibid., 1970-12-04.

### 7.4.2 Onderwyspeil

Die volgende uittreksels uit inspeksieverslae gee 'n goeie beeld van die hoë onderwyspeil wat in die Ventersdorpse primêre skool gehandhaaf is:

*This school continues to be efficient. It is I think, at present the best in my circuit.*
(12 Desember 1912) [150)]

*This school is the best in the S. W. Central Circuit and probably ranks with the best of the schools in the Transvaal.* (24 Februarie 1915)[151)]

*In part of efficiency the school continues to be very satisfactory.* (23 Februarie 1920)[152)]

*Oor die algemeen geneem maak die skool 'n gunstige indruk. Die organisasie is beslis goed.*
13 Desember 1923)[153)]

*Daar heers 'n aangename toon in en om die skool en die kinders skyn die onderwys met volle teue te geniet.* 11 Desember 1926)[154)]

---

150) Ibid., 1912-12-12.
151) Ibid., 1915-02-24.
152) Ibid., 1920-02-23.
153) Ibid., 1923-12-13.
154) Ibid., 1926-12-11.

*Dit was 'n genot om 'n paar dae daarin* (in die skool) *deur te bring. Die leerlinge is opgewek, lewenslus= tig en besonder goed gemanierd.*

(16 Augustus 1929)[155]

Behalwe vir 'n insinking in die onderwyspeil gedurende 1937[156] en 1938[157] was die inspeksieverslae van die skool deurgaans goed.

Dit is opmerklik dat die skool in die vyf jaar wat 1937 voorafgegaan het geen inspeksie gehad het nie.[158] Enersyds staaf dit die hoë dunk wat die Onderwysde= partement van die skool gehad het en andersyds is dit blykbaar die rede vir die verslapping wat by die skool in die laat dertigerjare ingetree het.

Die Ventersdorpse skool het deur al die jare 'n be= vredigende onderwyspeil gehandhaaf.

### 7.4.3 Inskrywing en skoolbesoek

Die volgende tabel gee 'n beeld van die leerlingtalle gedurende die periode 1910-1970:

---

155) Ibid., 1929-08-16.
156) Ibid., 1937-10-11.
157) Ibid., 1938-06-17.
158) Ibid., 1937-09-22.

LEERLINGTALLE VAN DIE VENTERSDORPSE PRIMÊRE SKOOL
1910 - 1970

| *Jaartal* | *Ingeskrewe leerlinge* |
|---|---|
| 1910 | 166 [159)] |
| 1920 | 289 [160)] |
| 1930 | 278 [161)] |
| 1940 | 367 [162)] |
| 1950 | 360 [163)] |
| 1960 | 356 [164)] |
| 1970 | 331 [165)] |

TABEL 7.2

Die leerlingtal het volgens die skooljoernaal gedurende 1963 die vierhonderd-kerf bereik [166)] dog hierdie kerf kon net tot aan die einde van die betrokke jaar gehandhaaf word toe daar 403 leerlinge op die register was.[167)]

Kindersiektes soos byvoorbeeld masels, griep en kinderverlamming het by tye die skoolbesoek baie nadelig

159) Ibid., 1910-07-26.
160) Ibid., 1920-01-20.
161) Ibid., 1930-01-27.
162) Ibid., 1940-03-20.
163) Ibid., 1950-01-17.
164) Ibid., 1960-01-13.
165) Ibid., 1970-01-14.
166) Ibid., 1963-07-30.
167) Ibid., 1963-12-20.

beïnvloed. Gedurende 1912[168] en 1916[169] het masel=epidemies tot die tydelike sluiting van die skool gelei. Gedurende 1943 was 'n maselepidemie daarvoor verantwoordelik dat daar tot 155 leerlinge op 'n keer afwesig was.[170]

Gedurende 1948 het kinderverlamming in Ventersdorp voorgekom en die skool moes vanaf 6 April tot 27 April gesluit word.[171] Met die heropening van die skool was die bywoningsyfer so laag as 48 persent omdat die ouers daarvan bewus was dat hulle hul kinders nog uit die skool kon hou.[172] Die bywoningsyfer het verder gedaal en op 30 April 1948 was die persenta=sie bywoning 9,8 persent.[173]

### 7.4.4 Ouerbetrokkenheid

Die ouers van die skool is daadwerklik by die skool se bedrywighede betrek. Op die eerste ouerdag in 1932 was daar tweehonderd ouers teenwoordig. Die ouers het na koorsang geluister en die klaskamers van hulle kinders besoek.[174] Selfs die Ventersdorpse

---

168) Ibid., 1912-04-10.
169) Ibid., 1916-08-09.
170) Ibid., 1943-06-30.
171) Ibid., 1948-04-06.
172) Ibid., 1948-04-27.
173) Ibid., 1948-04-30.
174) Ibid., 1932-08-19.

skoolraad het die skool met die suksesvolle ouerdag gelukgewens.[175] Ouerdae het 'n jaarlikse instelling by die skool geword.[176]

Gedurende 1934 is die ouerbetrokkenheid by die Ven= tersdorpse primêre skool in die pers geloof. Tydens 'n ouerdag in 1934 het die ouers nie slegs 'n insae in hulle kinders se skoolwerk gehad nie, maar is hulle ook deur ds. D. F. Erasmus, voorsitter van die Venters= dorpse skoolraad en inspekteur A. J. de Vos oor sekere opvoedingsvraagstukke toegespreek.[177]

Volgens 'n inspeksieverslag van 1959 het die skool= komitee en ouers 'n lewendige belangstelling in die skoolbedrywighede getoon.[178] Gedurende 1961 is weer eens melding gemaak van die goeie ondersteuning van die ouers.[179] Gedurende 1963 is die mooi bedrag van R2 778,00 tydens 'n skoolkermis ingesamel.[180] Sedert 1966 was daar twee ouerdae per jaar. Vir hier= die geleenthede is daar 'n besoekersboek aangelê wat deur die ouers geteken is.[181]

Gedurende Januarie 1970 is daar 'n ouer-onderwysers= vereniging gestig.[182] Die ouerdae is behou en in

---

175) Ibid., 1932-08-31.
176) Ibid., 1944-01-18.
177) Ibid., 1934-07-31.
178) Ibid., 1959-12-15.
179) Ibid., 1961-12-04.
180) Ibid., 1963-10-03.
181) Ibid., 1966-05-27.
182) Ibid., 1970-01-20.

September 1970 was daar 66 persent van die ouers op 'n ouerdag teenwoordig.[183)]

### 7.4.5 Geboue en terrein

Die klipgebou wat in 1910 opgerig is, het lank in gebruik gebly. Op 3 Maart 1930 is die 21-jarige bestaan van die skoolgebou herdenk.[184)] Gedurende 1937 is die Kookkuns- en Houtwerk-afdelings na 'n nuwe gebou op die terrein van die Ventersdorpse sekondêre skool verskuif.[185)]

Die oorspronklike klipgebou het in die laat vyftiger= jare nog netjies daaruit gesien. Drie groot klas= lokale, 'n biblioteeklokaal, toilette en 'n saal is vir aanbouing goedgekeur.[186)] Die skoolsaal is op 17 September 1960 in gebruik geneem.[187)]

Daar is voortdurend aandag aan die skoolterrein ge= gee maar dit was eers vanaf die laat dertigerjare dat daar in alle erns met die verfraaiing van die skoolterrein begin is. In die inspeksieverslag van 1939 is onder andere aanbeveel dat die Dorpsraad

---

183) Ibid., 1970-09-18.
184) Ibid., 1930-03-03.
185) Ibid., 1937-03-19.
186) Ibid., 1959-09-25.
187) Ibid., 1960-09-17.

by die verfraaiing van die terrein betrek moes word, omdat dit 'n sieraad vir die hele dorp moes wees.[188)]

Gedurende 1970 het die Ventersdorpse primêre skool oor 'n netjiese en doeltreffende skoolgebou beskik. Die terrein was goed versorg en met sierbome beplant.

### 7.4.6 Buitemuurse bedrywighede

#### 7.4.6.1 Sportaktiwiteite

Volgens die skooljoernaal is daar aanvanklik nie baie aandag aan sport gegee nie.

In 1922 het die skool oor 'n korfbalspan beskik[189)] en "skoolsport" is in 1924 gehou.[190)] Op aanbeve= ling van die inspekteur is 'n somersport sedert 1940 beoefen. In die betrokke jaar is daar 'n interskool= atletiekbyeenkoms gehou.[191)] Sedertdien is daar ge= reelde jaarlikse skoolatletiekbyeenkomste sowel as 'n interskoolbyeenkoms (distriksbyeenkoms) gehou.[192)] Die Ventersdorpse primêre skool het gedurende 1968 ook op tennisgebied mooi begin presteer.[193)]

---

188) Ibid., 1939-11-17.
189) Ibid., 1922-08-25.
190) Ibid., 1924-06-11.
191) Ibid., 1940-04-13.
192) Ibid., 1944-01-18.
193) Ibid., 1968-09-12.

7.4.6.2 Kulturele aangeleenthede

Gedurende 1924 het die skool 'n eie kadetafdeling onder leiding van kaptein C. J. de Jager gekry.[194] In 1929 was die kadetafdeling een van die bestes in Wes-Transvaal.[195]

Volgens 'n inspeksieverslag van 1939 het die skool nie genoegsaam aandag aan die sosiale ontwikkeling van die leerlinge bestee nie.[196] Op grond hiervan is daar gedurende 1940 'n geslaagde skoolkonsert gehou.[197] Sedertdien was skoolkonserte feitlik 'n jaarlikse instelling.[198]

Die skool het in 1955 in samewerking met die plaas= like sekondêre skool 'n eie Voortrekkerkommando ge= stig.[199] Gedurende 1961 was ongeveer 20 persent van die kommando leerlinge van die primêre skool.[200]

In die sestigerjare was die skool 'n medestigter van die kunswedstrydvereniging wat jaarliks 'n kuns= wedstryd op Potchefstroom gehou het. Die Venters= dorpse primêre skool het nog altyd met welslae en

---

194) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL: *Jaarblad*, 1924, p. 36.

195) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1929-08-16.

196) Ibid., 1939-11-17.

197) Ibid., 1940-11-21.

198) Ibid., 1943-12-08.

199) Ibid., 1955-08-10.

200) Ibid., 1961-10-21.

op groot skaal aan die kunswedstryd deelgeneem.[201]

## 7.5 SAMEVATTING

Aan die begin van die twintigste eeu het daar in die Ventersdorpse distrik nog klein plaasskooltjies be=staan. Op hulle tyd het die skooltjies aan hulle doel beantwoord. Vanweë die groter eise wat aan die onderwys in 'n moderne maatskappy gestel word het sentralisasie veld begin wen. Die sentrale skole sou groter onderwysdoeltreffendheid te=weeg=bring en deur die skepping van sekondêre afdelings aan sodanige skole kon aan die steeds groeiende behoefte aan sekondêre onderwys voldoen word. In die Ventersdorpse distrik is twee sentrale skole in 1914 gestig naamlik die "Schoonspruit Central School" en die Elandskuilse sentrale skool.

201) Ibid., 1967-08-25.

# 8. SEKONDÊRE ONDERWYS IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK

## 8.1 INLEIDING

Benewens die verskaffing van sekondêre onderwys aan sekondêre skole het die Smutswet van 1907 ook daarvoor voorsiening gemaak dat primêre skole sekondêre afde= lings kon hê waar sekondêre onderwys verskaf kon word.[1)]

Vanweë die steeds toenemende aanvraag na sekondêre onderwys is die uitbreiding daarvan reeds so vroeg as 1911 op 'n konferensie van skoolrade bespreek. Selfs die Raad van Onderwys het uit eie geledere 'n kommissie aangewys om 'n verslag aangaande sekondêre onderwys op te stel. Hierdie verslag het die afskaf= fing van die sekondêre afdelings by die sowat twintig primêre skole wat sekondêre onderwys verskaf het, aanbeveel. Die gedagte was om sekondêre onderwys slegs aan sekondêre skole te verskaf. Die sogenaamde "secondary tops" is egter intussen nog op aanbeveling van die inspekteur van sekondêre onderwys behou.[2)]

---

1) Wet no. 25 van 1907, artt. 23 - 27.

2) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.*: Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 312).

## 8.2 SEKONDÊRE AFDELINGS BY PRIMÊRE SKOLE IN DIE VENTERSDORPSE DISTRIK

### 8.2.1 Die sekondêre afdeling van die Ventersdorpse primêre skool

Hierdie skool het vanaf 1907 'n sekondêre afdeling met 14 ingeskrewe leerlinge gehad.[3] Hierdie leer=lingtal het tot 29 in 1908 vermeerder en 20 persent van die totale inskrywing van die skool uitgemaak.[4] Inspekteur J. H. Corbett het in 1911 dit merkwaardig gevind dat die Ventersdorpse primêre skool 22 sekon=dêre leerlinge gehad het, terwyl die drie Potchef=stroomse skole wat oor sekondêre afdelings beskik het, gesamentlik slegs ses st. 7-leerlinge gehad het.[5]

As gevolg van die ontstaan van sentrale skole met sekondêre afdelings in die Ventersdorpse distrik, het die sekondêre leerlinge van die Ventersdorpse primêre skool in 1914 tot tien verminder.[6] Die leerlingtal het weer gestyg want in 1922 was daar 44 leerlinge in die sekondêre afdeling van die Venters=dorpse primêre skool.[7] Hierdie styging was vermoe=delik die gevolg van die afskaffing van skoolgeld

---

3) Log Book, Ventersdorp Government School, 1907-11-28.

4) Ibid., 1908-11-05.

5) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1911-01-24.

6) Ibid., 1914-01-20.

7) Ibid., 1922-01-07.

vir sekondêre onderwys.[8)]

Die hoofonderwyser, Forbes, en 'n sekere Markotter was verantwoordelik vir die sekondêre afdeling. Volgens inspekteur J. H. Corbett het hierdie onder=wysers met toewyding gewerk, trouens Corbett het selfs die stelling gemaak dat daar in sy inspeksie=kring nie nog 'n onderwyser was wat met soveel ywer gewerk het as Forbes en Markotter nie.[9)] Aan die einde van 1912 het een van die leerlinge in die Kaapse matrikulasie-eksamen geslaag terwyl drie leerlinge die Juniorsertifikaat-eksamen afgelê het. Vier van die vyf st. 7-leerlinge is na st. 8 bevor=der.[10)]

Die sekondêre afdeling by die Ventersdorpse primêre skool het ongelukkig daartoe gelei dat die hoof so oorbelas was met die werksaamhede van die sekondêre afdeling dat hy nie sy volle aandag ook aan die pri=mêre afdeling kon skenk nie.[11)]

### 8.2.2 Die Schoonspruitse sentrale skool

Die Schoonspruitse sentrale skool het met sy ontstaan

---

8) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 312).

9) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1911-01-24.

10) Ibid., 1913-01-28.

11) Ibid., 1914-04-03.

aan die begin van 1914 'n sekondêre afdeling met vyf leerlinge in st. 7 gehad.[12] Gedurende 1916 was daar net een leerling in die sekondêre afdeling.[13] Die leerlingtal het egter weer geleidelik toegeneem en gedurende 1920 was daar twintig sekondêre leer= linge.[14]

Die onderrig van die leerlinge in die sekondêre afde= ling is deur die skoolhoof, J. Eadie, waargeneem. Inspekteur J. H. Corbett het hoë waardering gehad vir die wyse waarop die werk aangebied is.[15] Ook inspekteur A. J. de Vos was in 1920 beïndruk met die gehalte werk wat by die skool gelewer is. Die betrok= ke inspekteur het egter bevind dat slegs een perso= neellid nie alle vakke tot en met st. 8 kon behartig nie. Die inspekteur het aanbeveel dat die st. 8-klas òf moet verval, òf dat 'n assistent aangestel moes word om Eadie met die sekondêre afdeling te help. Die Adjunk-Direkteur van Onderwys het die inspekteur se aanbeveling na die Ventersdorpse skool= raad vir verdere aandag verwys.[16] Aan die inspek= teur se aanbeveling is blykbaar nie uitvoering gegee nie, want gedurende 1921 moes Eadie nog steeds alleen die sekondêre afdeling behartig en was die betrokke

---

12) Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool, 1914-01-22.

13) Ibid., 1916-08-22.

14) Ibid., 1920-08-07.

15) Ibid., 1918-01-22.

16) Ibid., 1920-08-07

onderwyser nog steeds as gevolg daarvan oorlaai met werk.[17]

Dit kan aanvaar word dat die skool sy sekondêre afdeling in 1922 verloor het toe Ventersdorp 'n sekondêre skool gekry het.

### 8.2.3 Die sekondêre afdeling te Elandskuil

Toe die Elandskuilse sentrale skool in 1913 tot stand gekom het, het die skool 'n sekondêre afdeling gekry. Die sekondêre afdeling is deur die bemoeiing van G. Yssel, LPR en bewoner van Elandskuil, by die Elandskuilse primêre skool gevoeg.[18]

Die prestige van die Elandskuilse primêre skool is deur die aanwesigheid van 'n sekondêre afdeling verhoog. Kinders van omliggende plase het toe na die skool begin kom. Dit het gelei tot 'n styging in die skool se leerlingtal.[19]

Gedurende 1922 het die skool 23 sekondêre leerlinge gehad.[20] Die sekondêre afdeling is gedurende 1922 met die stigting van die Ventersdorpse sekondêre

---

17) Ibid., 1922-01-06.

18) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van die onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Op. cit., pp. 39 - 40).

19) Ibid., p. 40.

20) Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1922-01-07.

skool na Ventersdorp oorgeplaas.[21]

## 8.3 DIE VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL: 'N HISTORIESE OORSIG

### 8.3.1 Stigting

Die verskaffing van doelmatige sekondêre onderwys op die Transvaalse platteland het in 1917 tydens die sitting van die Provinsiale Raad aandag geniet. 'n Kommissie is benoem om die hele stelsel van onderwys=administrasie te ondersoek. T. C. Stoffberg, LPR vir Ventersdorp en LUK, was lid van hier=die kommissie. Hierdie kommissie het aanbeveel dat sekondêre onderwys gedesentraliseer moes word sodat elke distrik selfvoorsienend kon wees ten opsigte van sekondêre onderwys.[22]

Volgens A. J. Koen was 1918 die keerpunt van sekon=dêre onderwys op die platteland, omdat daar besluit is om vyf sekondêre skole op die Transvaalse platte=land te open.[23] Dit is te begrype dat Ventersdorp ook aansoek om 'n sekondêre skool sou doen.

Ventersdorp se aanspraak op 'n sekondêre skool was

---

21) NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van onderwys en opvoeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.*: Op. cit., p. 41).

22) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL: *Jaarblad*, 1972, p. 28.

23) Ibid., p. 18.

gegrond op die feit dat daar minstens 2 000 skool=pligtige kinders in die distrik gewoon het. Benewens die leerlinge wat van die primêre skole sou kom, was daar te Elandskuil 11 st. 6-leerlinge en 23 leer=linge in sts. 7 en 8. Te Hartebeestfontein was daar 7 sekondêre leerlinge.[24)]

'n Volwaardige sekondêre skool op Ventersdorp sou die skoolouers bevoordeel in dié sin dat dit nie meer vir hulle nodig sou wees om hulle kinders ná Vorm IV na die sekondêre skole in die groter sentra te stuur om daar hulle skoolloopbaan te voltooi nie. Die Potchefstroomse sekondêre skole kon vanweë 'n tekort aan akkommodasie in daardie jare nie meer leer=linge akkommodeer nie, met die gevolg dat van die kinders van die Ventersdorpse distrik na skole in die Oos-Transvaal gestuur moes word. Ventersdorp se afgeleë ligging, die swak paaie en die skaarste aan vervoermiddels het die behoefte aan 'n eie sekon=dêre skool vergroot.[25)]

Kragtens 'n proklamasie in die provinsiale koerant van 10 Mei 1922 het die stigting van die Ventersdorpse sekondêre skool 'n werklikheid geword. Die skool is op 19 Julie 1922 amptelik geopen.[26)]

---

24) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 'n algemene oorsig, s.d.

25) Loc. cit.

26) *Provinsiale Koerant*, vol. xxxviii, no. 650, 1922-05-10. Vgl. ook: Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool, 1922-07-19.

## 8.3.2 Skoolhoofde en assistente

Die Ventersdorpse sekondêre skool het sedert sy stig= ting in 1922 vier skoolhoofde gehad, naamlik J. B. Otto (1922 - 1950),[27] A. J. Koen (1951 - 1954),[28] G. F. Robbertse (1955 - 1963)[29] en W. J. van Veijeren (1964 - ).[30]

Die geringe personeelwisseling veral in die beginjare het die skool ten goede gestrek. Gedurende 1936 en 1937 was daar vir die eerste keer 'n redelike verwis= seling van personeel. J. B. Otto, skoolhoof, het die verwisseling van personeel soos volg in sy jaarver= slag beskryf: "Enige verwisseling in personeel, hoe goed die nuwe onderwysers ook al werk, breek die ketting van die onderwys en kan per slot van sake nie anders as nadelig reageer op die werksaamhede van die skool nie".[31]

Personeellede wat vir langer as tien jaar aan die skool verbonde was se name word in tabel 8.1 verstrek.

---

27) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, p. 10.

28) Ibid., 1957, p. 23.

29) Ibid., 1972, p. 34.

30) Ibid., 1965, p. 3.

31) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, s.d.

## PERSONEELLEDE WAT LANGER AS TIEN JAAR AAN DIE VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL VERBONDE WAS

| N A A M | T Y D P E R K | O P M E R K I N G S |
|---|---|---|
| W. H. Myburgh | 1922 - 1951 | Vir 29 jaar verbonde aan die skool. Later Inspekteur van koshuise.[32] |
| P. J. Coertze | 1922 - 1951 | 29 jaar aan die skool verbonde. Hy het die skoollied en skoolleuse gemaak.[33] |
| W. J. Groenewald | 1924 - 1957 | Vir bykans 34 jaar aan die skool verbonde.[34] |
| J. C. Geertsema | 1936 - 1947 | Ongeveer 12 jaar onderwyser by die skool. Hoofbestuurslid van TO.[35] |
| O. Geere | 1937 - 1952 | Vir 16 jaar lank onderwyser aan die skool.[36] |
| Mej. A. Wrogemann | 1941 - 1956 | Vir 16 jaar aan die skool verbonde. Later vakadviseuse in Huishoudkunde.[37] |
| J. M. van der Westhuizen | 1943 - 1970 | Reeds 28 jaar lank onderwyser aan die skool.[38] |
| J. Homan | 1943 - 1958 | Vise-Hoof vanaf 1957 tot 1958. Later Inspekteur van Onderwys.[39] |
| J. F. Sipsma | 1944 - 1970 | Hy was in 1970 reeds 27 jaar aan die skool verbonde.[40] |
| J. C. van der Walt | 1944 - 1959 | Vir 16 jaar aan die skool verbonde. Later Inspekteur van Onderwys.[41] |
| F. J. le Roux | 1952 - 1963 | Vir 12 jaar aan die skool verbonde. Later Inspekteur van Onderwys.[42] |

TABEL 8.1

32) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, p. 42.
33) Ibid., 1959, p. 23.
34) Ibid., 1957, p. 5.
35) Ibid., 1972, p. 4.
36) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1952-11-25.
37) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1959, pp. 21 - 22.
38) Ibid., 1972, p. 43.
39) Ibid., p. 41.
40) Ibid., p. 42.
41) Ibid., 1959, p. 13 en 1972, p. 65.
42) Ibid., 1972, p. 42.

### 8.3.3 Leerlingtal en skoolbywoning

Die volgende tabel toon dat daar 'n konstante styging in die leerlingtal was vanaf 1927 tot 1964.

DIE TOENAME VAN DIE LEERLINGTAL BY DIE VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, 1927 - 1964

| *Jaartal* | *Aantal leerlinge* |
|---|---|
| 1927 | 152 |
| 1937 | 227 |
| 1947 | 253 |
| 1957 | 405[43] |
| 1964 | 483[44] |

TABEL 8.2

Vanaf 1965 het die leerlingtal aanhoudend gedaal. Die daling in die leerlingtal gedurende die tydperk 1965 - 1970 blyk uit tabel 8.3.

43) Ibid., 1957, p. 11.

44) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1964-01-21.

DIE VERMINDERING VAN LEERLINGE BY DIE VENTERS= DORPSE SEKONDÊRE SKOOL, 1965 - 1970

| *Jaartal* | *Aantal leerlinge* |
|---|---|
| 1965 | 431[45] |
| 1966 | 390[46] |
| 1967 | 364[47] |
| 1968 | 358[48] |
| 1969 | 361[49] |
| 1970 | 360[50] |

TABEL 8.3

Hierdie konstante afname in die leerlingtal vanaf 1965 tot 1968 moet aan die geleidelike ontvolking van die platteland toegeskryf word. A. J. Koen het in 1972 onder andere melding van hierdie feit gemaak met die herdenking van die skool se vyftigjarige bestaan.[51]

Deur al die jare is daar besondere klem gelê op ge= reelde skoolbywoning. Die gewenste resultate het ook nie uitgebly nie, want in 1951, asook die eerste

45) Ibid., 1965-04-02.
46) Ibid., 1966-01-19.
47) Ibid., 1967-01-17.
48) Ibid., 1968-01-16.
49) Ibid., 1969-01-27.
50) Ibid., 1970-03-25.
51) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, pp. 19 - 20.

kwartaal van 1952, was die persentasie skoolbywoning van die Ventersdorpse sekondêre skool die hoogste van al die sekondêre skole in die Potchefstroomse skoolraadsdistrik.[52] Dit blyk uit die onderstaande gegewens dat die Ventersdorpse sekondêre skool steeds 'n hoë persentasie skoolbywoning gehandhaaf het.

SKOOLBYWONING AAN DIE VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, 1967 - 1970[53]

| *Jaartal* | *Kwartaal* | *Bywoningsyfer in persentasie uitgedruk* |
|---|---|---|
| 1967 | 1 | 98,6 |
| | 4 | 98,0 |
| 1968 | 1 | 93,0 |
| | 4 | 97,5 |
| 1969 | 1 | 95,1 |
| | 4 | (?) |
| 1970 | 1 | 97,4 |
| | 4 | 96,4 |

TABEL 8.4

### 8.3.4 Geboue en terrein

Met die stigting van die skool in 1922 was daar geen doelmatige skoolgebou beskikbaar nie. Daar moes van 'n "winkelvertrek", 'n ou woonhuis en leë pak=

52) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1951-07-21 en 1952-04-22.

53) Ibid., 1971-01-13.

kamers as skoollokale gebruik gemaak word.[54] Deur bemiddeling van T. C. Stoffberg, LPR vir Ventersdorp, is daar in 1927 'n skoolgebou voltooi en in gebruik geneem.[55]

Op 13 Maart 1937 is 'n doelmatige Huishoudkundesentrum in gebruik geneem.[56] Addisionele skoollokale is in Januarie 1939 betrek.[57] Gedurende 1960 is 'n begin gemaak om die skool tot 'n moderne opvoedingsinrigting te omskep toe bouplanne ter waarde van R123 000,00 goedgekeur is. Twee dubbelverdiepingblokke en 'n skoolsaal is op 12 Mei 1962 in gebruik geneem.[58]

Die skoolterrein is van die begin af met bome beplant. Volgens die inspeksieverslag van 1930 was die skoolgronde in daardie jare kunstig uitgelê en het alles 'n indruk van netheid geskep.[59] Deur die jare is daar altyd besondere aandag aan die skoolterrein gegee.

---

54) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1957, p. 13.

55) Ibid., p. 21.

56) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1937-03-13.

57) Ibid., 1939-01-16.

58) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, p. 32.

59) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1930-10-13.

## 8.3.5 Buitemuurse aktiwiteite

### 8.3.5.1 Sportaktiwiteite

Vanweë die gebrek aan 'n eie rugbyveld moes die skool aanvanklik van die dorp se rugbyveld gebruik maak. Later het die skool daarin geslaag om 'n eie rugby=veld te bekom wat in 1943 met gras beplant is.[60) As gevolg van die moeilike ekonomiese toestande in die laat twintiger- en vroeë dertigerjare is atletiek op Ventersdorp eers vanaf 1937 beoefen.[61) Derhalwe het die skool eers in 1939 oor 'n doeltreffende atle=tiekbaan beskik.[62) Gedurende 1962 is 'n nuwe atle=tiekbaan teen 'n bedrag van R1 340,00 aangebou.[63) Tennisbane met grondoppervlaktes is in die laat der=tigerjare gebou. Gedurende 1956 is nuwe tennisbane aangebou en van sementblaaie voorsien.[64)

Die Ventersdorpse sekondêre skool het onder leiding van W. H. Myburgh, 'n oud-Sprinbok, besonder goed in rugby presteer. Die skool het byvoorbeeld in 1937, 1938 en 1940 aan die eindwedstryde van die Administra=teursbekerkompetisie deelgeneem.[65) Sedertdien het

---

60) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, p. 67.

61) Ibid., p. 74.

62) Ibid., 1939, p. 21.

63) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, 1962-02-23.

64) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, pp. 71 - 72.

65) Ibid., pp. 65 - 67.

die rugbyspanne van die Ventersdorpse sekondêre skool gereeld aan kompetisies deelgeneem en bevredig= end presteer.

Die Ventersdorpse sekondêre skool het ook sedert 1937 met welslae atletiek beoefen. In 1923 was hierdie skool die wenner van die Wes-Transvaalse tussenskoolse atletiekbyeenkoms. Die Ventersdorpse sekondêre skool het deur die jare 'n aantal verdienstelike atlete opgelewer. Enkeles van hulle was onder andere die volgende: B. Coetzee (junior Suid-Afrikaanse rekord in gewigstoot), W. Milligan (hekkiesatleet en later Suid-Afrikaanse senior kampioen in die "100 en 220 tree" hekkies), E. C. Müller (Suid-Afri= kaanse kampioen in hoogspring vir seuns onder 19 jaar), O. Schnell (junior en senior kampioen in spiesgooi), J. Hofmeyer (junior Suid-Afrikaanse kam= pioen in die naellope), C. Niehaus (Suid-Afrikaanse kampioen in die "220 tree" hekkies) en F. van Zyl (Springbokatleet).[66)]

Korfbal was deur die jare een van die skool se ge= wildste sportaktiwiteite vir die dogters. Gedurende die veertigerjare was die skool by twee geleenthede die gesamentlike wenners van die Kommandant Albert= skild. Die korfbalspan van die Ventersdorpse sekon= dêre skool het selfs een jaar in die finaal om die Administrateursbeker gespeel.[67)]

---

66) Ibid., pp. 75 - 76.

67) Ibid., p. 70.

8.3.5.2 Kulturele bedrywighede

Die debatsvereniging bestaan sedert die stigting van die skool. Daar is in die beginjare om die beurt in Afrikaans en Engels gedebatteer. Selfs Duits is by 'n paar geleenthede as voertaal gebruik.[68)]
J. B. Otto, skoolhoof, het hom soos volg oor die debatsvereniging uitgelaat: "Die tyd van Retoriek is uitgebloei, derhalwe is dit nie ons doel gewees om oppervlakkige welsprekendheid by die kinders aan te kweek nie. Tog behou die debatsvereniging sy waarde en sal dit altyd 'n onmisbare deel van die skoolaktiwiteite bly".[69)]

Die kadetafdeling van die skool het in 1924 van die primêre skool se kadetafdeling afgeskei. J. B. Otto was vir twintig jaar lank die bevelvoerende offisier. Die kadetafdeling was nog altyd 'n waardevolle karak= tervormende aktiwiteit van die skool.[70)]

Die Christelike Studentevereniging (CSV) bestaan sedert 1922 aan die skool. Gedurende 1965 het dié vereniging die Afrikaanse Christelike Studentevereni= ging geword. Sedert 1953 bestaan daar 'n Jongeliede Vereniging en 'n Hervormde Kerkjeugvereniging by die skool.[71)]

---

68) Ibid., p. 80.

69) Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool, voorwoord, s.d.

70) VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL, op. cit., 1972, p. 78.

71) Ibid., pp. 78 - 80.

## 8.4 WAARDERING

Volgens A. J. Koen, voormalige Direkteur van Onderwys, lê die betekenis van die plattelandse sekondêre skool, waarvan die Ventersdorpse sekondêre skool een is, in die kulturele en geestelike bydraes wat dit vir die Transvaalse plattelandse bevolking en die Afrikanervolk gelewer het.[72)]

Die koms van 'n groep goed toegeruste sekondêre skool onderwysers na die platteland het groot invloed op die sosiale, ekonomiese en kulturele lewe van die plattelandse bevolking uitgeoefen. Die onderwysers was die leiers en stigters van kultuur-, debats- en toneelverenigings. Hulle het volksfeeste help reël en hulle was dikwels verantwoordelik vir die stigting van boereorganisasies en verenigings.[73)]

In die klaskamers het die onderwysers deur die jare gepoog om by die kind 'n liefde en trots vir sy taal, godsdiens en tradisies in te skerp. Op die wyse is ongetwyfeld meegehelp om die plattelandse kinders deur middel van die onderwys en opvoeding te laat ontplooi tot Christen-Afrikaners, kultuurmense en patriotte.[74)]

---

72) Ibid., p. 16.
73) Ibid., p. 19.
74) Loc. cit.

# 9. SLOTBESKOUING

## 9.1 PRINSIPIËLE BEGRONDING

Die onderwysverlede van die Ventersdorpse distrik moet soos alle onderwysontwikkeling beoordeel word in die lig van die kultuur-historiese gebeure. Dit was onder andere politieke, ekonomiese en kerk=lik-maatskaplike faktore wat aan die onderwys in die ZAR en die Ventersdorpse distrik sy besondere be=slag gegee het. Op die lewensbeskoulike vlak staan bykans die hele tydperk tussen 1838 en 1970 in die teken van 'n stryd tussen die konserwatiewes enersyds en die meer liberale elemente andersyds. In die opvoeding en onderwys het veral Godsdienson=derrig en die voertaalvraagstuk die terrein geword waarop hierdie stryd geveg is. Hierdie stryd is egter nie alleen gevoer tussen die Afrikaner en die Britse imperialis nie. Ook binne die Afrikaner=geledere het radikale verskille telkens na vore ge=tree soos wat dit dan ook blyk uit die kerklike verskeurdheid en politieke verdeeldheid.

In die republikeinse tyd was daar twee teenstrydige standpunte onder die Transvalers ten opsigte van die taalvraagstuk. Aan die een kant was daar die kon=serwatiewe groep onder leiding van S. J. P. Kruger wat voorstanders was van Hollands en die Hollander=onderwyser op grond van laasgenoemde se ooreenstem=

mende Protestants-Reformatoriese lewensbeskouing. Teenoor hierdie groep het die Joubertvolgelinge nouer aansluiting by die Kaapkolonie gesoek en voor=keur aan die Afrikaneronderwyser uit die Kaapkolonie gegee. Oppervlakkig beoordeel wou dit voorkom asof die laaste groep die rasegte Afrikaner verteenwoor=dig het. Dit was egter allermins die geval. Hierdie groep se siening was deur kerkisme gestimuleer. Hulle wou die Transvaal nouer aan die Kaapkolonie verbind om ook in die Transvaal 'n tweetalige land met Engels as een van die amptelike tale daar te stel.[1)]

Die invloed van die Joubertgroep kan duidelik in die onderwysontwikkeling van die Ventersdorpse distrik waargeneem word want in dié gebied was daar 'n anti=patie jeens die Hollanderonderwyser. Dit blyk uit die feit dat verskeie skoolkommissies op Afrikaner=onderwysers aangedring het en ten gunste van meer Engels op skool was.

Die dilemma van daardie jare was dat beide Engels en Hollands eintlik "vreemde" tale vir die Afrikaner was. Die Afrikaner se eie spreektaal, Afrikaans, was nog nie 'n kultuurtaal nie. In die Ventersdorpse distrik was daar Afrikaneronderwysers wat Hollands nie meer in so 'n mate magtig was dat hulle dit suiwer

---

1) SPOELSTRA, B.: Die Doppers in Suid-Afrika, 1760 - 1899, pp. 282 - 284.

kon praat en skryf nie. Dit staaf die vermoede dat Afrikaans in 'n groter mate as wat algemeen aan=vaar word, die eintlike voertaal in baie skole was.

Afrikaans het vanaf 1918 Hollands grotendeels as taal vervang en dit het 'n geweldige invloed op die onder=wys in die Transvaal gehad. Waar daar in 1919, 32 120 leerlinge in Afrikaans onderrig ontvang het, het daar in 1923 reeds 60 484 in Afrikaans hulle onderrig ontvang.[2)] Die taalvraagstuk was in die twintigste eeu nog steeds op die voorgrond. Die Verenigde Party wou dubbelmediumskole in die veertiger=jare stig, terwyl die Nasionale Party die moedertaal=skool voorgestaan het. Daar was in die veertiger=jare reaksie teen die beleid van dubbelmediumskole in die Ventersdorpse distrik.

Die opkoms van Britse-imperialisme in Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande anglisasiestrewe van die Britse bewindhebbers, het veral na die Anglo-Boere-Oorlog ook sy neerslag op die onderwysontwik=keling in die Ventersdorpse gebied gehad. Hierdie imperialistiese aanslag op die politieke, ekonomiese en kulturele terreine en die aftakeling van die volkseie van die Afrikaner, is dan ook na 1902 in verskeie onderwyswette beliggaam. Sommige Afrikaners in die Ventersdorpse distrik het, net soos op ander

---

2) COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652 - 1960, p. 309).

plekke in Suid-Afrika, op geestelike gebied, dit wil sê ten opsigte van hulle lewenswyse en lewensbeskouing in 'n groot mate verengels. Die deïsme en metodisme wat deel vorm van die Britse lewensbeskouing, het 'n groter inslag by die Afrikaner gevind as wat gewoonlik vermoed word.

Die kragtige opbloei van 'n nasionale bewussyn na die Anglo-Boere-Oorlog het die klein en ontluikende Afrikanervolk staande laat bly en 'n eie identiteit is uitgebou. In die Ventersdorpse gebied, soos elders in Suid-Afrika, kon die Afrikanerkind, veral na die nasionale triomf van 1948, in 'n kenmerkende Afrikaanse atmosfeer en gees opgevoed word.

Ofskoon die Smutswet dogmatiese Godsdiensonderrig verbied het en nie pertinent Christelike onderwys vereis het nie, het die Protestants-Christelike onderwyser(es), veral in die plattelandse Afrikaanse skole, sy of haar lewensopvatting spontaan uitgeleef. Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967, het ook in hierdie verband 'n nuwe bedeling ingelui, deur te vereis dat die opvoeding en onderwys in alle openbare skole 'n Christelike karakter moet hê.

## 9.2 SAMEVATTING

Die onderwysontwikkelingsgang van die onderwys van Blankes in die Ventersdorpse distrik kan in vyf periodes ingedeel word, naamlik 'n vestigings-, konsolidasie- en bloeiperiode gedurende die negentiende

eeu. Gedurende die twintigste eeu was daar die periode voor 1910 en die periode na 1910. Die onder=wysontwikkeling in die onderhawige distrik het in hoofsaak dieselfde ontwikkelingslyne gevolg wat die Transvaalse onderwys=geskiedenis deurloop het.

* *Vestigingsjare, 1838 - 1858*

Die Groot Trek het finaal geëindig toe die ZAR in 1858 'n eie grondwet gekry het. Gedurende die pioniersjare was daar nog nie 'n geordende maatskappy nie. Vanweë die feit dat die pioniersbevolking die plase bewoonbaar moes maak, kon daar in die Ventersdorpse ge=bied weinig aandag aan georganiseerde onder=wys gegee word. Die onderwys het in daardie jare 'n patriargale karakter gedra en was hoofsaaklik op Bybellees, Bybelkennis en die aflegging van geloofsbelydenis toegespits.

* *Konsolidasie, 1859 – 1881*

Die onderwysreglement van 1859 en die onder=wyswet van 1866 het min invloed op die onder=wys in die Ventersdorpse gebied gehad. Dit was eers na die Burgerswet van 1874 dat daar 'n staatsondersteunde skool op Ventersdorp gestig is. In die Schoonspruitvallei het die "buurtskool" van die Gereformeerde Kerk gedurende daardie jare op Elandskuil bestaan.

* *Bloeiperiode, 1882 - 1899*

Gedurende die tydperk 1882-1899 was daar 'n fenomenale ontwikkeling op onderwysgebied tydens die Du Toit-Mansvelt-Superintendent= skap. Die politieke en kulturelė invloed van die nuut verkreë onafhanklikheid het die onderwysontplooiing gestimuleer. S. J. du Toit was 'n energieke en bekwame persoon wat met sy 1882-onderwyswet die prinsipiële grondslag vir die onderwysontwikkeling in ooreenstemming met die Boere se lewensbe= skouing, gelê het. N. Mansvelt het met die bepalings van die 1892-onderwyswet daarin geslaag om die onderwys stelselmatig te or= ganiseer, administreer, kontroleer en te finansieer.[3)]

In die Ventersdorpse gebied was die onderwys= ontwikkeling gedurende dié bloeiperiode, soos in die res van die ZAR, baie sneller as tydens die vorige periodes. Verskeie skole is gedurende hierdie tydperk in die Venters= dorpse distrik gestig.

* *Die oorlogsjare, Kroonkolonie bestuur en Verantwoordelike selfbestuur, 1900 - 1910*

Die Anglo-Boere-Oorlog het die onderwysont=

---

3) BOT, A. K.: Die ontwikkeling van die onderwys in Transvaal, 1836-1951, pp. 15 - 20.

wikkeling tydelik tot stilstand gedwing. Die republikeinse stelsel is vervang met die Britse imperialistiese stelsel. In die Ventersdorpse distrik het die nuwe stelsel van neutrale staatskole ingang gevind. Ver=skeie goewermentskole is na die oorlog ge=stig. Die enkele CNO-skole in dié gebied het dit moeilik gevind om te bestaan en na die Smutswet van 1907 het die CNO-skole ge=heel en al van die toneel verdwyn.

* *Die periode 1910 - 1970*

Na 1910 het 'n nuwe tydperk in die onderwys=ontwikkeling in Transvaal - ook in die Ven=tersdorp distrik - gevolg. Die onderwys=ontplooiing is deur vele nasionale gebeure beïnvloed soos byvoorbeeld; die Rebellie (1914), die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918), die griepepidemie (1918), die depres=sie (1929 - 1933), die Tweede Wêreldoorlog (1939 - 1945), en die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948.

Gedurende die tydperk 1910 - 1970 was daar in die Transvaal 'n snelle industriële ontwik=keling waardeur 'n moderne maatskappy daarge=stel is. Die Ventersdorpse skole het tred gehou met dié ontwikkeling. Genoegsame gekwalifiseerde onderwysers en beter toerus=ting was beskikbaar. Alle skoolpligtige

kinders het onderwys ontvang en die behoefte aan sekondêre onderwys in die gebied is aan= vanklik bevredig met die stigting van sen= trale primêre skole met sekondêre afdelings. Gedurende 1922 het die Ventersdorpse distrik 'n eie sekondêre skool gekry.

Onderwyswetgewings gedurende hierdie tydperk was die Onderwysordonnansie van 1953 en die Onderwyswette van 1967. 'n Nuwe bedeling in die onderwys is veral ingelei deur die 1967-wette. Aangesien hierdie verhandeling die onderwysgeskiedenis van die Ventersdorpse gebied net tot 1970 beskryf, was die tydsver= loop vanaf die aanname van die wette van 1967 te kort om die invloed daarvan op die betrokke gebied ten volle te peil.

Uit die voorafgaande bespreking van die onderwysont= wikkeling in die Ventersdorpse distrik blyk dit dui= delik dat die onderwys reeds spoedig na die vestiging van die Blankes in dié gebied die aandag van die ouers, die kerk en die staat geniet het. Deur die jare heen is daar in die Ventersdorpse distrik daadwerklik gepoog om doelmatige onderwysgeleenthede aan alle Blanke kinders van skoolgaande ouderdom te verskaf.

# BYLAAG A

Departement v. Onderwijs.
Pretoria, 21 - 11 - '94.

Aan Heeren Onderwijzers en Dames Onderwijzeressen
van de gesubsidiëerde Scholen in de
Zuid - Afrikaansche Republiek.

MM.,

Aangezien de statistische tabellen, die een deel van het Jaarverslag van het Departement van Onderwijs uitmaken, tot heden nog niet al de gewenschte gegevens bevatten en dus niet 't volle licht werpen op den toestand van het Onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek, verzoek ik U, mij vóór den eersten Februari 1895 een nauwkeurig antwoord op de volgende vragen te verstrekken: -

I. Hoeveel leerlingen bezochten Uwe school in 't jaar 1894 gedurende 3 maanden? gedurende 6 maanden? gedurende 9 maanden? gedurende 't geheele jaar?

II. Hoeveel leerlingen behoor(d) en tot:

de Ned. Herv. of Geref. Kerk?
de Geref. Kerk?
de Ned. Herv. Kerk?
eenig ander Kerkgenootschap? Dit Kerkgenootschap en 't aantal leerlingen, daartoe behoorende te vermelden.

III. Hoeveel jongens en hoeveel meisjes verlieten in den loop van het haar 1894 Uwe school

op den leeftijd van 6 - 12 jaar?
op den leeftijd van 13 - 16 jaar?
op den leeftijd van 17 jaar of daarboven?

en in welken Standaard zaten zij bij 't verlaten der school?

IV. Wat is de gemiddelde tijdduur, dat de leerlingen onderwijs ontvingen in Standaard I, II, III, IV, enz.? N.B. De gemiddelde tijdduur voor een Standaard word gevonden door de getallen, die aanwijzen, hoelang elke leerling in dien St. zat, samen te tellen en dan de som door het tot al aantal leerlingen te deelen. De tijdduur moet berekend worden in weken.

V. Hoeveel jongens ontvingen onderwijs in St. I, II, enz.?

VI. Hoeveel meisjes ontvingen onderwijs in St. I, II, enz.?

N.B. De antwoorden op deze vragen kunnen geput worden uit het Schoolregister (O. I.).

De Superintendent van Onderwijs
Dr. N. Mansvelt.

---

SPECIALE KENNISGEVING

Met het oog op de vele werkzaamheden aan het opstellen van het Jaarverslag uit de bovengevraagde gegevens verbonden, zoowel als ter bevordering van de spoedige uitbetaling der rekeningen, worden alle onderwijzeressen dringend verzocht, hunne registers en rekeningen over 't kwartaal October-December '94 vóór 1 Februari 1895 in te zenden.

(OD 18/1:33)

BYLAAG B

## C. J. Pienaar se verslag:

VENTERSDORP.

5 Februari 1895

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gedurende | 3 | maand | ontvingen | onderr. | 29 | Leerlingen |
| " | 6 | " | " | " | 9 | " |
| " | 9 | " | " | " | 7 | " |
| " | 12 | " | " | " | 18 | " |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| G. de | Ned. Herv. of Ger. Kerk | behoorden | 52 | Leerlingen |
| " | Gereformeerde | " " | 3 | " |
| " | Hervormde | " " | 3 | " |
| " | Baptisten | " " | 1 | " |
| " | Weslleyaansche | " " | 3 | " |

| De School hebben Verlaten | 6 - 12 jaar | 13 - 16 jaar | 17 jaar |
|---|---|---|---|
| Jongens | 14 | 8 | 2 |
| Meisjes | 9 | 6 | |

| School verlaten uit Stand. | I | II | III | IV | V |
|---|---|---|---|---|---|
| Jongens | 8 | 4 | 7 | 4 | 1 |
| Meisjes | 6 | 5 | 2 | 2 | 0 |

| Gemid. Tijdduur v. onderr. in Stand. | I | II | III | IV | V |
|---|---|---|---|---|---|
| | 16 | 18 | 21 | 25 | 40 |

Onderwijs ontvingen in

| Standaard | I | II | III | IV | V |
|---|---|---|---|---|---|
| Jongens | 17 | 13 | 10 | 4 | 1 |
| Meisjes | 14 | 15 | 5 | 3 | 0 |

(OD 10/3:42)

**Vorm A.**

26 JUL 1897

# AANZOEK OM EEN ONDERWIJZER.

**De ondergeteekenden**, leden van het voorloopig Bestuur der School te

*Rathgaai's Kraal.*

Wijk *Boven Schoonspruit* District *Potschefstroom*.

Postk. *Ventersdorp*, verzoeken hierbij den Superintendent van Onderwijs, liefst zoo spoedig mogelijk, uiterlijk binnen *3.* maanden, een onderwijzer te zenden, die aan de eischen, hierachter vermeld, moet voldoen en volgens wet aan onze op te richten school zal moeten onderwijs geven.

**Wij van onze zijde beloven hierbij de eveneens hierachter vermelde voorwaarden te zullen nakomen.**

**Het voorloopig Bestuur,**

*J. C. Scholtz* Voorzitter
*A. P. L. Kotzé* Secretaris
*A. S. Scholtz* Leden
*J. Conradie*
*D. C. Liebenberg*

De ondergeteekenden verklaren hierbij als belanghebbenden tot de oprichting en instandhouding der bovenbedoelde school te zullen medewerken.

*A P L Kotzé*
*M. J. Bruwer*
*G. A. Kotzé*
*D. C. Liebenberg*
*A. S. Scholtz*
*W. P. Kotzé*
*J. C. Scholtz*
*J. H. Volsteedt*
*A. P. L. Kotzé jr.*
*W. J. Kotzé.*
*A. W. P. L. Kotzé C. zn*
*A. M. Jacobs. z. B. Kotzé*

A. Welke vereischten stelt gij voor een door U verlangden onderwijzer met betrekking tot:

1. K[illegible]schap? Neder. Duids. Her. of gereformeerd

2. Het bezit van [illegible] van afgelegde examens? 2de clas. of bekwaam om onderwijs te geven volgens.

3. [illegible] bekwaam [illegible] zooals muziek, vreemde talen, enz.? Hollandsch en ingels. Muziek aanbeveling.

4. Nationaliteit? Afrikaansche Nationaliteit, van der Zuid Afrikaansch Republik.

5. Den leeftijd? Middel Barre Leeftijd

6. Het Geslacht (Man of Vrouw)? Man

7. Het al of niet gehuwd zijn? zoo laang als de onderwijzer Kans zien om zelfs zorg te geniet

8. Den tijd, gedurende welken de onderwijzer zich aan de school verbinden moet en het ~~[illegible]~~ Bestuur zich insgelijks aan den onderwijzer verbinden wil? — voorlopig voor. 1 Jaren.

9. Den tijd van 't jaar, waarop de opening het meest geschikt zal zijn? de schoole te [illegible] op den 8 ste Oktober 1897.

10. Aantal schooluren? 5. uuren per dag met het.

B. Welke voorwaarden biedt gij den onderwijzer met betrekking tot:

1. Salaris? £ 110, 0, 0. Een Honderd en tien ponden, st.

Huisvesting, indien ongehuwd? zonder Huisvesting By een Ander in Huis

2. Huisvesting, indien gehuwd (zoo nauwkeurig mogelijk te beschrijven)? op het begin blikt 1 Kamer aan die Schoolgebouw tot dat een onderwijzer woning kan, of opgerigt zal worden

3. Geheel of gedeeltelijke vergoeding van reisgeld? geen vergoeding.

4. Vacantie per jaar? Elke Kwartaal een afslaten mits die onderwijzer kan afkomen een Kamer

C. 1. Met hoeveel kinderen zal de school vermoedelijk geopend worden? 12. of meer.

2. Wat is het hoogste aantal kinderen, dat Gij in de school verwacht? niet te bepaal

3. Langs welken weg zal de school het gemakkelijkst te bereiken zijn? — Potschefstroom. via Ventersdorp

4. Met welke gelegenheid en van waar zult Gij den onderwijzer halen? van Frederik Stad. of op correspondentie Met den onderwijzer

[illegible] groot aantal onderwijzers en onderwijzeressen uit de zonen en dochters [illegible] of van het buitenland afhankelijk. De Superintendent hoopt ook [illegible] Besturen en belanghebbenden te hebben.

(OD 15/3:326).

A B S T R A C T

This thesis covers the development of education of Whites in the Ventersdorp district up to 1970. This district, in the Western Transvaal, was specifically selected as it represents one of the earliest areas to be settled by Whites in the Transvaal. It is typically rural and thus portrays the development of education in Transvaal rural areas accurately.

The aim of this study was to relate the growth of education to the historical-cultural development. An effort was made to show the influence of legisla= tion and national, political, economic and ecclesias= tic-social factors on the development of education in the district.

The historical method was used in this research. Original sources were largely studied although secon= dary sources were also consulted in order to evaluate the history of education in the Ventersdorp district in the total development of education in the Trans= vaal.

The scarcity of data, especially concerning the early years, constituted a real problem.

The development of education in this district can be divided into five periods, viz. an establishing, a

consolidation and a flourishing period in the XIX century and a period before and one after 1910.

Chapter II is the general history of the Ventersdorp district as cultural-historical events specifically influence the growth of education. Chapter III is an analysis of the first two periods mentioned above. The early education was patriarchal. The Burgers education legislation marked the beginning of orga= nised education in the district.

The third period, described in Chapters IV and V, can be termed the Du Toit-Stiemens-Mansvelt era. This period started after the first War of Indepen= dence and ended with the beginning of the Second War of Independence.

The Republican education system was destroyed by the Anglo-Boer War and replaced by a British Imperialis= tic system as described in Chapter VI.

In the Ventersdorp district this system was implemen= ted by the re-opening of schools as English orienta= ted government schools. There were, however, some C.N.Ed. schools but these soon disappeared after the Smuts education legislation in 1907.

The Smuts law directed the development of education until 1967 when a new era was born. During the period 1910 to 1970 the following national events in= fluenced education in the Ventersdorp district: The

1914 Rebellion, the First World War (1914-1918), The Flu-epedemic (1918), the Depression (1929-1933), the Second World War (1939-1945), the National Party Victory in 1948.

Chapter VIII is an analysis of secondary education in the Ventersdorp district. Chapter IX is an attempt at a fundamental motivation as well as a short resumé of educational growth in the Ventersdorp district for the sake of the total image.

# B R O N N E

## 1. ARGIVALE BRONNE

### 1.1 FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK, PU VIR CHO, POTCHEFSTROOM

*Gepubliseerd*


Staatscourant der Z. A. Republiek, 1875 - 1890.

Verslag van den staat van het openbaar onderwijs in de Z. A. Republiek, 1883 - 1890.

Verslag van den Superintendent van Onderwijs betref= fende het gesubsidiëerd onderwijs in de Z. A. Republiek, 1896 - 1898.

Verslag van de schoolinspectiën, 1892 - 1895.


### 1.2 TRANSVAALSE STAATSARGIEF, PRETORIA

1.2.1 *Gepubliseerd*

*Argief van amptelike publikasies van die ZAR, 1849 - 1900*


KOTZE, J. G.: De locale wetten en Volksraadsbeslui= ten der Z. A. Republiek.

ZAR 25: 1849 - 1885
ZAR 26: 1886 - 1887

Staatscourant der Z. A. Republiek.

ZAR 64: 1887
ZAR 65: 1888

Stadsrade van die Z. A. Republiek.

ZAR 97

Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys van die Z. A. Republiek.

ZAR 120: 1883-1898

Skoolinspeksieverslae van die Z. A. Republiek.

ZAR 121-126: 1892 - 1897

Schoolgids der Z. A. Republiek.

ZAR 129: 1892 - 1898

Staats-Almanak der Z. A. Republiek.

ZAR 175-177: 1890 - 1892

JEPPE, F.: Transvaal Directory.

ZAR 186-187: 1881 - 1889

1.2.2 *Ongepubliseerd*

1.2.2.1 *Argief van die Eerste Volksraad van die ZAR*

Notules

EVR 29: 10 Mei 1886 - 10 Junie 1886
EVR 34: 8 Junie 1887 - 27 Junie 1887

Inkomende stukke

EVR 223-245: 1877 - 1885

Register op inkomende stukke

EVR 519

1.2.2.2 *Argief van die Superintendent van Onder=wys van die ZAR*

OD 1 - 116: Minutes 1866 - 1900
OD 22 - 287: Brieweboeke 1891 - 1900

## 2. DEPONENTE

Bekker, J. Predikant van die Nederduitse Gerefor=meerde Kerk, Ventersdorp.

Erasmus, D. F. Emiritus-predikant van die Neder=duitsch Hervormde Kerk, Ventersdorp.

Nortmann, B. G. Assistent-Sekretaris van die Nasionale Party in Transvaal, Pretoria.

Strümpher, H. C. Sekretaris van die Schoonspruitse Besproeiingsraad, 1954 - 1972, Ventersdorp.

Van Aswegen, H. P. Afgetrede posmeester, Venters=dorp.

Van Aswegen, M. E. Kleindogter van A. F. S. Röscher, Ventersdorp.

Venter, C. D. (wyle). Boer van die Ventersdorpse distrik.

Visser, H. J. Skriba van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Ventersdorp-Oos.

## 3. LITERATUUR

### 3.1 BOEKE


BARNARD, S. S. *en* COETSEE, A. G.: Onderwys aan Blankes in Transvaal. Potchefstroom, Pro Rege, 1976.

BADENHORST, W. J.: Die geskiedenis van Potchefstroom. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Potchefstroom, 1838-1938. Johannesburg, Afrikaanse Pers (voorw. 1939)).

BOSMAN, I. D.: Die grondwet en die staatsregtelike ontwikkeling van die Unie sedert 1910. (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II, 2de dr. Kaap= stad (ens.), Nasionale Boekhandel, 1955).

BOT, A. K.: Die ontwikkeling van onderwys in Trans= vaal, 1836-1951. Pretoria, TOD, 1951.

COETZEE, J. C.: Die Gereformeerde Gemeente Potchef= stroom en die onderwys, 1863-1930. Potchefstroom, Die Westelike Stem, s.j.

COETZEE, J. C.: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1938. (*In* Van der Walt, A. J. H. *et. al.:* Potchefstroom, 1838-1938. Johannesburg, Afrikaanse Pers, (voorw. 1939)).

COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal. (*In* Coetzee, J. C. *red.:* Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960. Pretoria, Van Schaik, 1975).

COETZEE, J. C.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937. Pretoria, Van Schaik, 1941.

DEKKER, G.: Die kulturele ontwikkeling na die Tweede Vryheidsoorlog. (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II. 2de dr. Kaapstad (ens.), Nasionale Boekhandel, 1955).

DE WET, C. R.: Die stryd tussen Boer en Brit. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1959.

DU TOIT, MIONNE: Man op Nebo. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1973.

GIE, S. F. N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika; dl. II. Stellenbosch, Pro-Ecclesia Drukkery, s.j.

GUEST, H.: Voortrekkerdorp. Potchefstroom, Potchef= stroom Herald, 1939.

JENKINS, G.: A century of history. The story of Potchefstroom. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1939.

KIESER, A. *en* KRUGER, D. W.: Transoranje en Trans= vaal voor 1854. (*In* Boëkseken, Anna J., Kruger, D. W. *en* Kieser, A.: Drie eeue, dl. II. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1952).

KRUGER, D. W.: Paul Kruger, dl. I. Johannesburg, Dagbreek Boekhandel, 1961.

MACDONALD, J. R. (vertaling deur J. A. Coetzee): Wat ek in Suid-Afrika gesien het. Johannesburg (ens.), Voortrekker Pers, 1941.

MALAN, M. P. A.: Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1964.

MALHERBE, E. G.: Education in South Africa, 1652-1922. Cape Town (etc.), Juta, 1925.

NIENABER, G. S.: Die Afrikaanse kultuurstryd tot 1870. (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II. 2de dr. Kaapstad (ens.), Nasionale Boekhan=del, 1955).

OOST, H.: Wie is die skuldiges? 3de dr. Johannes=burg, Afrikaanse Pers Boekhandel, s.j.

PELLS, E. G.: The story of education in South Africa. Cape Town (etc.), Juta, (preface 1938).

PISTORIUS, P.: Gister en vandag in die opvoeding. 6de dr. Potchefstroom, Pro Rege, 1972.

POTGIETER, C. *en* THEUNISSEN, N. H.: Hendrik Pot=gieter. Johannesburg, Afrikaanse Pers, (voorw. 1938).

ROTHMANN, M. E.: Tant Alie van Transvaal. Kaapstad (ens.), Nasionale Pers, 1939.

SCHUMANN, C. G. W.: Die Unie van Suid-Afrika tot 1939. (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II. 2de dr. Kaapstad (ens.), Nasionale Boekhandel, 1955).

SCHUMANN, C. G. W.: Landbou-mynbouland, 1870-1909. (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II. 2de dr. Kaapstad (ens.), Nasionale Boekhandel, 1955).

STRYDOM, C. J. S.: Ruitervuur. 1ste dr. Kaapstad (ens.), Tafelberg Uitgewers, 1970.

VAN JAARSVELD, F. A.: Lewende verlede. Johannes=burg, Afrikaanse Pers, (voorw. 1961).

VAN RENSBURG, M. C. *en* MALAN, M. P. A.: Verkies=ingsuitslae 1910 - 1943 met 'n volledige naamlys van volksraadslede vanaf 1910. Bloemfontein, Nasionale Boekhandel, 1943.

VILJOEN, S. P. du T.: Die Boerestate tot 1870. (*In* Van der Walt, A. J. H., Wiid, J. A. *en* Geyer, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II. 2de dr. Kaapstad (ens.), Nasionale Boekhandel, 1955).

WEILBACH, J. D. *en* DU PLESSIS, C. N. J.: Geschie=denis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheids-oorlog. Kaapstad, Saul Solomon, 1882.

## 3.2 PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS

### 3.2.1 *Gepubliseerd*

LUGTENBURG, A. H.: Geskiedenis van die onderwys in die S. A. Republiek, 1836 - 1900. Pretoria, Van Schaik, 1925. (D.Litt-proefskrif, ? , s.j.).

SPOELSTRA, B.: Die Doppers in Suid-Afrika, 1760-1899. Kaapstad (ens.), Nasionale Boekhandel, 1963. (D.Ed-proefskrif, PU vir CHO, s. j.)

VAN DER SCHŸF, W. G.: Die Gereformeerde beginsel in die onderwys tot 1963. Johannesburg. Afrikaanse Pers Boekhandel, 1969. (D.Ed-proefskrif, PU vir CHO (voorw. 1963)).

WICHMANN, F. A. F.: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860. Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1941. (Argief-jaarboek, dl. II, 1941).

### 3.2.2 *Ongepubliseerd*


BARNARD, S. S.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die Klerksdorpse distrik, 1838-1955. (M.Ed-verhandeling, PU vir CHO, 1956).

BARNARD, S. S.: 'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967. (D.Ed-proefskrif, PU vir CHO, 1971).

DE BEER, L. J.: 'n Ekonomiese studie van die Schoonspruitvallei met spesiale verwysing na die Rietspruitdam. (M.Comm-skripsie, PU vir CHO, 1954).


## 4. LITERÊRE BRONNE


BINGLE, H. J. J.: Die Gereformeerde Kerk en die laer en middelbare onderwys. (*In* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: Gedenkboek, 1859-1959. Potchefstroom, Kerkblad, s.j.).

DÖNGES, T. N. *en* BONSMA, K.: Het lager onderwijs onder de ZAR. (*In* VVOOZA: Gedenkboek, 1893-1918. Pretoria, Van Schaik, 1918).

DU TOIT, J. *red.*: Gedenkboek ter gedagtenis aan die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Ventersdorp, 1889-1964. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, s.j.

ERASMUS, D. F.: Na vyftig jaar: 'n Beknopte oorsig van die Nederduitsch Hervormde Gemeente, Venters=dorp, 1892-1942. Hervormde Kerkraad, 1942.

FROWEIN, C. R.: Schooltoezicht. (*In* VVOOZA: Gedenkboek, 1893-1918. Pretoria, Van Schaik, 1918).

MOSTERT, D.: Gedenkboek van die ossewatrek, 1838-1938. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940.

NEL, W. A. S.: Die geskiedenis van onderwys en op=voeding vanaf 1851 tot 1951 op die plaas Elandskuil. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannes=burg, Hayne & Gibson. (voorw. 1951)).

RONDLOPER (pseud.): Holding fast to the land. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannes=burg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

YSSEL, D.: Landbou-oorsig, 1851-1951. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannesburg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

YSSEL, G. J.: Die lewe van die Yssel-vrouens in die konsentrasiekampe, 1900-1902. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannesburg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

YSSEL, G. J.: Die samelewing van die Yssel-broers. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufees=viering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannesburg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

YSSEL, G. J.: Oupa se huislike lewe. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannesburg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

YSSEL, G. J.: Staatsdiens van die Yssel-broers. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenkboek, Eeufees=viering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannesburg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

YSSEL, S. G.: Iets oor die kerklike lewe van die Yssel-familie. (*In* Yssel, G. J. *samest.:* Gedenk=boek, Eeufeesviering Yssel-familie van Elandskuil, 1851-1951. Johannesburg, Hayne & Gibson, (voorw. 1951)).

## 5. MANUSKRIPTE

Distriksrekordboek vir die distrik van Ventersdorp. (Landdroskantoor, Ventersdorp).

Log Book, Buffelsvlei Government School. (Schoonspruitse sentrale skool).

Log Book, Klipplaatsdrift Government School. (Ventersdorpse primêre skool).

Log Book, Palmietfontein Government School. (Schoonspruitse sentrale skool).

Log Book, Sterkstroom East School. (Schoonspruitse sentrale skool).

Log Book, Ventersdorp Government School. (Ventersdorpse primêre skool).

Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Potchefstroom. (Teologiese skool, Potchefstroom).

Notule van die Gereformeerde Kerkraad, Ventersdorp. (Gereformeerde Kerk, Ventersdorp).

Notule van die Samenkomstskoolkommissie. (M. F. Heyns sentrale skool).

Notule van die Ventersdorpse Munisipaliteit. (Munisipale kantore, Ventersdorp).

Skooljoernaal van die skool te Buffelsvlei. (Schoonspruitse sentrale skool).

Skooljoernaal van die skool te Klipplaatsdrift. (Ventersdorpse primêre skool).

Skooljoernaal van die skool te Samenkomst. (M. F. Heyns sentrale skool).

Skooljoernaal van die Schoonspruitse sentrale skool. (Schoonspruitse sentrale skool).

Skooljoernaal van die skool te Sterkstroom-Oos. (Schoonspruitse sentrale skool).

Skooljoernaal van die skool te Thysedoorns. (M. F. Heyns sentrale skool).

Skooljoernaal van die Ventersdorpse primêre skool. (Ventersdorpse primêre skool).

Skooljoernaal van die Ventersdorpse sekondêre skool. (Ventersdorpse sekondêre skool).

## 6. PERIODIEKE PUBLIKASIES

### JAARBOEKE

VENTERSDORPSE SEKONDÊRE SKOOL:

Jaarblad, 1924, (Ventersdorpse sekondêre skool).
Jaarblad, 1947, (Ventersdorpse sekondêre skool).
Jaarblad, 1959, (Ventersdorpse sekondêre skool).
Jaarblad, 1972, (Ventersdorpse sekondêre skool).

## 7. REGERINGS EN ANDER OWERHEIDSPUBLIKASIES

### 7.1 REGERINGSPUBLIKASIES

SUID-AFRIKA (Republiek): Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967. (Wet no. 39 van 1967).

SUID-AFRIKA (Republiek): Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967. (Wet no. 40 van 1967).

SUID-AFRIKA (Republiek): Die Wet op Onderwysdienste. 1967. (Wet no. 41 van 1967).

TRANSVAAL AND ORANGE RIVER COLONY: Education Report, 1901-06-30.

TRANSVAAL (Colony): Ordinance no. 7 of 1903.

TRANSVAAL (Colony): Selborne-Minute; November 1905.

TRANSVAAL (Kolonie): Wet no. 25 van 1907.

## 7.2 ANDER OWERHEIDSPUBLIKASIES

TRANSVAAL (Provinsie): TOD-Jaarverslag, 1931.

TRANSVAAL (Provinsie): Ordonnansie no. 29 van 1953.

TRANSVAAL (Provinsie): Provinsiale koerant, vol. xxxviii, 1922-05-10.

## 8. TYDSKRIFARTIKELS

GROBLER, J. H.: Landboupotensiaal van Wes-Transvaal en die stimulering van nywerheidsontwikkeling. *Koers*, dl. xxxvi, 1968-1969.

H.W.S. (pseud.): Opvoeding van die Voortrekkervrou. *Die Huisgenoot*, 1936-12-11.

MER (pseud vir M. E. Rothmann): Herinneringe van ou Transvaal. *Standpunte*, dl. II, Augustus-September, 1956.

VAN TONDER, J. J.: Ons Boeregeneraals, Generaal N. J. Smit. *Die Jong Staatsburger,* Mei 1974.

9. DIVERSE BRONNE

*ANON: Die algemene geskiedenis van die onderwys in die wordingsjare van Ventersdorp, s.j.

*ANON: Die algemene geskiedenis van Ventersdorp. s.j.

*ANON: The late Adriaan Frans Christiaan Röscher, n.d.

Bylae tot die notule van die Ventersdorpse Munisipa=liteit, s.j.

Bylae tot die skooljoernaal van die skool te Klip=plaatsdrift, s.j.

(**In besit van H. P. van Aswegen, Ventersdorp*).

Ferdinand Postma-Biblioteek
010306705M